Rainbow WORKBOOKS

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 5 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-920458-61-4
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
11th Edition

ISBN 978-1-920458-61-4



a b c d e
f g h i j
k l m n o p
q r s t u
v w x y z

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 5 Boek 1

ISBN 978-1-920458-61-4

Hersien volgens die KABV




Graad 5

Naam:

Klas:

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Gr5 AFR HL B1_Cover.indd 1



Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule, Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



## Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



## Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



## Gesin en familie



Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.

## Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



## Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



## Vryheid en sekuriteit



Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.

## Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



## Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



## Veiligheid



Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.

## Burgerskap



Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.

## Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education

Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-920458-61-4

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

Graad 5

# Huistaal

## IN AFRIKAANS



Hierdie boek behoort aan:



ARIKAANS

Boek 1

# RIGLYNE VIR DIE GEBRUIK VAN HIERDIE WERKBOEK

Gebruik hierdie Werkboek saam met u ander hulpbronne. Raadpleeg die KABV vir die Intermediêre Fase.

Dit is vir ons aangenaam om hierdie Werkboek vir Huistaal in die Intermediêre fase aan u beskikbaar te stel. In die Intermediêre Fase behoort leerders die basiese interpersoonlike kommunikasievaardighede wat hulle in sosiale situasies nodig het, asook die kognitiewe akademiese vaardighede wat hulle vir leer oor die hele kurrikulum heen nodig het, te ontwikkel. Ons hoop dat hierdie Werkboek vir u van waarde sal wees terwyl u leerders help om hierdie vaardighede te ontwikkel.

Die Werkboek is volgens die tweeweeklikse siklusse van die KABV georganiseer. U sal 'n oorsig van wat in elke tweeweeklikse siklus gedek sal word, op bladsy 1, 35, 69 en 103 van hierdie Werkboek aantref. Elke tweeweeklikse siklus dek die volgende vier taalvaardighede:




**1 Luister en praat (mondeling) – 2 uur per siklus**

Leerders moet voldoende geleentheid kry om hulle luister- en praatvaardighede te ontwikkel ten einde hulle in staat te stel om inligting in te samel, probleme op te los en idees en menings uit te druk. Die Werkboek bevat 'n aantal praat- en luisteraktiwiteite wat u kan uitbrei om seker te maak dat leerders genoeg mondelinge oefening kry.




**2 Lees en kyk – 5 uur per tweeweeklikse siklus**

TDie KABV vereis dat leerders tydens elke tweeweeklikse siklus spesifieke tekste en genres moet lees. Dit sluit die volgende in: kortverhale, volksverhale, persoonlike vertellings, briewe, e-posse, dagboekinskrywings, toneelstukke, koerantberigte, tydskrifartikels, radio-onderhoude, gedigte, oorredende tekste, advertensies, instruksies, aanwysings en prosedures. Daarbenewens skryf die KABV voor dat leerders inligtingstekste met visuele elemente moet lees: kaarte, tabelle, diagramme, breinkaarte, weerkaarte, plakkate, kennisgewings, prente en grafieke. U sal 'n goeie verskeidenheid van hierdie tekste in die Werkboek aantref.

Die KABV spesifiseer 'n leesproses bestaande uit pre-lees-, lees- en post-leesstadia. 'n Bruikbare grafiese uiteensetting van die leesproses verskyn op die omslag van hierdie boek.




**3 Skryf en aanbied – 4 uur per tweeweeklikse siklus**


Die KABV skryf voor dat leerders gereeld die geleentheid moet ontvang om te oefen hoe om tekste in verskillende kontekste te skryf. Die Werkboek voorsien 'n aantal verskillende skryfraamwerke en grafiese organiseerders waarbinne leerders geskrewe, visuele en multimediatekste kan aanbied. U sal 'n grafiese uiteensetting van die skryfproses op die omslag van hierdie boek aantref.




**4 Taalstrukture en -konvensies – 1 uur per tweeweeklikse siklus**

Die KABV voorsien 'n lys taalstrukture en -konvensies (-items) wat in elke graad gedek behoort te word. Die Werkboek sluit spesifieke oefeninge vir elk van die tweeweeklikse siklusse in. Hierdie aktiwiteite bevat meesal notas waarin die taalkonvensies verduidelik word.

TAAL




Raadpleeg asseblief die Werkboekopleidingshandboek.

I n h o u d

# Tema 1: Die vertel van stories


**Stories**
**Kwartaal 1: Week 1 – 2**

1 Pele – gek oor sokker 2
Praat oor 'n illustrasie van die storie.
Lees tekste oor die sokkerster Pele.
Beantwoord vrae op die teks gebaseer.
Druk gevoelens en idees oor Pele uit.
Identifiseer vrae wat gestel word en beantwoord dit.
Verbind woorde en hul betekenisse.

2 Meer oor Pele 4
Bespreek vrae in groepe.
Beantwoord vrae oor die karakters, agtergrond en hoofgedagte van 'n storie.
Beplan 'n opsomming met behulp van 'n geheuekaart.
Skryf die opsomming.

3 Portia resenseer 'n sokkerstorie 6
Lees 'n boekresensie.
Beantwoord vrae daarop gebaseer.
Identifiseer die outeur, die titel en die inhoud van die boekresensie.
Verander sinne uit die verlede tyd na die teenwoordige tyd.

4 Skryf 'n resensie 8
Skryf sinne in die korrekte volgorde.
Gebruik 'n geheuekaart om 'n resensie te beplan.
Skryf 'n resensie onder gegewe opskrifte.
Teken 'n prent om te wys waaroor die storie handel.

5 'n Houdingsverandering 10
Bespreek die prentjie.
Lees die storie oor 'n jong seun wat leer om sport te geniet.
Beantwoord vrae oor die storie.
Druk gevoelens en menings oor die storie uit.
Skryf 'n paragraaf.
Gee die storie 'n titel.
Identifiseer soortname en eiename.

6 Ons skryf verder 12
Werk in 'n groep.
Gebruik 'n gegewe intrige om 'n storie te beplan.
Gee die storie 'n titel.
Skryf 'n inleiding tot die storie.
Beskryf die agtergrond van die storie.
Identifiseer die karakters in die storie.
Identifiseer die intrige van die storie.
Bedink 'n slot vir die storie.
Verdeel woorde in lettergrepe en identifiseer klankgrepe.
Skryf die korrekte afkortings vir woorde.
Herskryf sinne met die korrekte gebruik van leestekens.

7 Pele se laaste wedstryd 14
Bied 'n praatjie aan oor "Waarom sport belangrik is".
Assesseer die praatjies van lede van die groep.
Lees 'n gedeelte oor Pele se laaste wedstryd.
Beantwoord vrae oor die gedeelte.
Identifiseer die sinsoorte.

8 Ons raak vertonerig 16
Skryf 'n toneelstuk oor Pele.
Bied die toneelstuk vir die klas aan.
Skryf 'n resensie oor die toneelstuk waarin vermeld word waaroor die toneelstuk handel, wie die karakters is, hoe die taalgebruik is, en waarom iemand die toneelstuk behoort te sien of nie behoort te sien nie.
Gebruik punte, hoofletters, vraagtekens en aanhalingstekens in 'n gegewe paragraaf.
Maak 'n lys in die teenwoordige tyd.
Skryf sinne in die verlede tyd.

**Inligtingstekste**
**Kwartaal 1: Week 3 – 4**

9 'n Baie spesiale konyn 18
Identifiseer die verskille tussen twee prente.
Lees 'n teks oor die rivierkonyn.
Beantwoord vrae oor die teks.

10 Meer oor die rivierkonyn 20
Identifiseer onderwerp- en ondersteunende sinne.
Voltooi 'n geheuekaart oor die rivierkonyn.
Skryf 'n opsomming van die gedeelte oor die rivierkonyn.

11 Die getalle vertel 'n hartseer verhaal 22
Lees 'n diagram oor die rivierkonyn.
Verstaan die diagram en beantwoord vrae daaroor skriftelik.
Identifiseer die betekenis van woorde.
Gebruik voorvoegsels en agtervoegsels.
Skryf woorde in eie woordeboek.
Identifiseer enkelvoudige en veelvoudige sinne.

12 Ons kyk na allerhande hase 24
Skryf sinne in 'n logiese volgorde neer om 'n duidelike paragraaf te vorm.
Identifiseer die onderwerpsin van die paragraaf.
Gebruik verbindingswoorde om sinne te verbind: eers, dan, laastens, later, vervolgens.
Skryf 'n duidelike, goed geordende paragraaf.

13 Wilde en mak hase 26
Lees 'n teks oor wilde en mak hase.
Beantwoord vrae op die teks gebaseer.
Skryf 'n opskrif vir die teks.
Teken die verskille tussen wilde en mak hase in 'n tabel aan.
Identifiseer feite.
Skryf die verkleinwoorde van woorde neer.

14 Nog 'n kykie na wilde en mak hase 28
Skryf 'n paragraaf waarin verduidelik word hoe die wilde ma haar kleintjies versorg.
Bespreking van die drie vokaalgroepe.
Gebruik die korrekte meervoude van woorde.
Skryf 'n opsomming van die gedeelte "Verskillende soorte hase".

15 Kom ons kyk na beeldspraak 30
Lees 'n teks oor 'n fiktiewe reptiel.
Identifiseer metafore in die teks.
Kies die betekenisse wat by idiome pas.
Identifiseer selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde en lidwoorde.
Voorsien sinne van leestekens.
Kies die betekenisse wat by spreekwoorde pas.

16 Ons kyk weer na skryfwerk 32
Hou 'n dinkskrum oor 'n opstel wat oor 'n dier geskryf gaan word.
Beplan die opstel met behulp van 'n geheuekaart.
Skryf die opstel en vermeld waar die dier woon, hoe hy lyk, hoe hy kommunikeer, hoe lank hy leef en of hy bedreig word of nie.

# 1 Pele – gek oor sokker



Ons praat

Gesels oor die prent.

Sokker is een van die gewildste sportsoorte ter wêreld. Hou jy van sokker? Van watter sokkerster hou jy die meeste? Waarom is hy of sy jou gunsteling? Bewonder jy hom of haar? Waarom?

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.



Ons lees




"Toe ek die Brasiliaanse volkslied hoor, voel dit vir my asof ek droom. Ek probeer **beplan** hoe ek gaan speel, maar die vraag spook by my: Hoe is dit moontlik dat ek hier is, in die Brasiliaanse span, op die punt om vir my land te speel? Dit moet 'n droom wees!"

Dit is hoe Pele op die ouderdom van 17 gevoel het, voordat hy vir die eerste keer in 1958 in die eindstryd van die Wêreldsokkerbeker gespeel het. Wie is hierdie seun? Hoe het hy by die Wêreldbeker uitgekom? Hoe voel hy oor sokker, die spel wat hom **beroemd** sou maak?

Pele het in 'n klein dorpie in Brasilië gewoon. Sy gesin was baie arm. Hy was die soort seun wat sokker gespeel het toe hy **veronderstel** was om skool toe te gaan. Hy was gelukkig, want sy pa was ook 'n sokkerspeler, en sy pa het hom geleer dat rook en drink nie vir hom goed is nie.

Pele sê: "Brasiliane is gek oor sokker. Hulle leer skop sodra hulle kan staan. Hulle leer eers later loop."

Hy het sy eerste sokkerklub, Die Kaalvoetouens, op die ouderdom van 10 gestig. Op 14 het hy vir 'n plaaslike sokkerklub gespeel.

In daardie stadium het hy baie swak op skool gevaar. Hy wou te veel sokker speel. Een jaar het hy gedruip. Hy is op 14 uit die skool en het by 'n skoenfabriek gaan werk. Baie later was hy spyt dat hy so vroeg uit die skool is. Nadat hy reeds getroud was en 'n kind gehad het, is hy terug skool toe en daarna universiteit toe.

Op 15 het hy vir die beroemde span Santos begin speel. Twee jaar later, in 1958, het hy in die Wêreldbeker in Swede vir Brasilië gespeel. Hy het tien doele aangeteken in die **kampioenskap**, wat deur Brasilië gewen is.

In die groot aantal wedstryde waarin hy gespeel het, het hy meer as 1 300 doele aangeteken.

Waarom was Pele so **suksesvol**? Daar is verskeie redes. Eerstens was hy baie lief vir sokker, tweedens het hy baie slim gespeel en laastens het hy nie net vir homself gespeel nie, maar vir die span.

Pele was nie net 'n uitstekende sokkerspeler nie, hy het ook hard gewerk vir die regte van sokkerspelers. Hy het seker gemaak dat hulle betaal word, selfs wanneer hulle siek of beseer is.

Datum:



Ons skryf



Hoe het Pele gevoel toe hy sy eerste wedstryd vir sy land gespeel het?

Pele het geglo dat 'n mens gesond moet bly. Hoe weet jy dit?

Pele is terug skool toe nadat hy reeds getroud is. Dink jy dit was vir hom maklik of swaar? Sê waarom jy so sê.

Waarom dink jy was Pele 'n groot sokkerspeler?

Wie is aan die woord in die eerste paragraaf?

Dink jy Pele was trots daarop om vir Brasilië te speel? Hoe weet jy dit?

Kinders kruip gewoonlik voordat hulle loop. Wat sê Pele van die kinders in Brasilië?

Drie vrae word in die tweede paragraaf van die storie gestel. Skryf hulle neer.

Skryf dan die antwoord op elk van die drie vrae neer.

| | |
|---|---|
| Vraag 1 | |
| Antwoord | |
| Vraag 2 | |
| Antwoord | |
| Vraag 3 | |
| Antwoord | |



Ons skryf

Verbind die woorde links met hul betekenisse regs.

| | |
|---|---|
| beplan | bedoel |
| beroemd | geslaag |
| veronderstel | toernooi |
| kampioenskap | bekend |
| suksesvol | bedink |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 2 Meer oor Pele





**Ons skryf**

Bespreek hierdie vrae eers in jul groepe.

Skryf daarna die antwoorde neer.

Wie is die hoofkarakter in hierdie storie?

Waarom dink jy is hy die hoofkarakter?

Skryf in jou eie woorde neer waar die storie hom afspeel.

Gebruik jou eie woorde om die hoofgedagte van die storie neer te skryf.



**Ons skryf**

Jy gaan nou 'n opsomming van die storie oor Pele skryf.

Gebruik die geheuekaart om jou storie te beplan.

Skryf in elke blok 'n hoofgedagte neer.

Gebruik sommige van die idees en inligting op die vorige bladsy vir jou hoofgedagtes.



- die sport waarvoor hy lief was
- sy gesin
- waar hy gewoon het
- die klub wat hy gestig het
- sy skoolopleiding
- die redes vir sy sukses
- die Olimpiese Spele
- die eerste span waarvoor hy gespeel het

Datum:

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.







**Ons skryf**

Bespreek jou beplanning met jou groep.
Skryf jou opsomming nou neer.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 3 Portia resenseer 'n sokkerstorie



Ons lees

Lees hierdie resensie oor 'n boek wat Pele se neef Sam oor Pele geskryf het.

## Sokker-Sam

*deur Portia Nchabeleng*

Aan die begin van die storie ontmoet Sam sy neef, Pele, wat uit Brasilië kom. Op skool weet Pele nie hoe om krieket, rugby of tennis te speel nie. Hy hou ook nie veel van leer nie. Hy hou net van een ding: sokker! Pele leer sy maats in Graad 4 hoe om sokker te speel. Lees hierdie boek om uit te vind of hulle die Graad-5's kon klop.

Ek het van hierdie boek gehou omdat ek van sokker hou. Die prente is kleurvol en goed geteken, en lyk regtig na karakters wat sokker speel. Ek hou van die manier waarop die outeur skryf, want hy laat sokker lewe!

Ek dink almal wat van sokker hou, behoort hierdie boek te lees. Dit is uitstekend geskryf, en die storie is opwindend.



Ons skryf

Beantwoord hierdie vrae oor die boekresensie.

Wat is die titel van die boek?

Wie het die boekresensie geskryf?

Waaroor handel die boek?

Waarom het Portia die storie geniet?

Dink sy ander kinders sal die boek geniet? Waarom?

Datum:



Ons skryf

Verander die onderstaande sinne van toe (**verlede tyd**) na nou (**teenwoordige tyd**). Skryf die nuwe sinne neer.

**Byvoorbeeld**

Pele het in 'n klein dorpie in Brasilië gewoon.

*Pele woon in 'n klein dorpie in Brasilië.*



Waarom was Pele so suksesvol?



Hy het sy eie sokkerklub gestig.

Hy het die skool verlaat om sokker te speel.

Hy het baie sokkerspelers gehelp.

Pele was 'n uitstekende sokkerspeler.



ONDERWYSER: Teken Datum

# Skryf 'n resensie



**Ons skryf**

Hierdie sinne is in die verkeerde volgorde.
Plaas hulle in die korrekte volgorde deur hulle te nommer.

| | |
|---|---|
| | Ek dink kinders wat van sokker hou, behoort hierdie boek te lees. |
| | Lees hierdie boek om uit te vind of hulle die Graad-5's kon klop. |
| | Hy was lief vir een ding: sokker! |
| | Op skool kon Pele nie krieket, rugby of tennis speel nie. |
| | Ek hou van hierdie boek omdat ek van sokker hou. |
| | Ek hou van die manier waarop die outeur skryf, want hy laat sokker lewe. |
| | Ek het gedink die storie is opwindend en die outeur het dit uitstekend vertel. |




**Ons skryf**

Jy gaan nou 'n resensie van die storie oor Pele skryf. Beplan eers jou resensie. Gebruik hierdie geheuekaart om jou resensie te beplan.



Datum: ______________

**NUWE WOORDE**




Skryf jou resensie nou neer.

Skryf onder elke opskrif vier sinne.

Die storie handel oor

Pele is vir jongmense 'n goeie voorbeeld omdat

Ek het van hierdie storie gehou/nie gehou nie omdat

Jy behoort hierdie storie te lees/nie te lees nie omdat




Teken nou 'n prent om te wys waaroor die storie handel. Voorsien jou prent van 'n opskrif.



ONDERWYSER: Teken ______________ Datum ______________

# ’n Houdingsverandering





**Ons praat** Gesels in julle groep oor die prentjie.

Waarin dink jy stel hierdie seun belang? Dink jy hy hou daarvan om aan sport deel te neem? Hoe weet jy dit? Indien jy sy maat was, wat sou jy hom oorreed om te doen? Sê vir die maats in jou groep.




**Voordat jy lees**

- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om ’n aanduiding van die inhoud te kry.



**Ons lees**

Ek het nooit van sokker gehou nie. Dis nie dat dit nie vir my interessant was nie, maar ek het dit nooit verstaan nie. Dis taamlik laf, as jy my vra! Twee spanne skop ’n bal in ’n groot net in. In die 90 minute terwyl hulle daarmee besig is, kan ek ’n interessante boek lees!

Ek was vir my pa ’n teleurstelling. Hy het selfs vir my ’n sokkerbal met Pele se naam daarop vir my verjaarsdag gegee. Dit was ’n koddige ding. Dit was toegedraai in geskenkpapier, en daar was ’n kaartjie met die woorde “Gelukkige verjaarsdag, Xolisa, met liefde van Mamma en Pappa” daarby. Ek het die bal, nog net so in sy geskenkpapier, op my lessenaar neergesit – net om daarna te kyk.

Eendag het my nuwe maat kom kuier. “Gaan jy nie buite speel nie?” vra hy. “Nee!” antwoord ek vinnig. Hy rol sy oë en kyk na die sokkerbal wat nog op my lessenaar lê. “Wie se bal is dit?” vra hy opgewonde. Hy steek sy hande daarna uit en haal dit uit die geskenkpapier. Hy begin dadelik om die bal in die kamer rond te bons. “Kom ons gaan speel buite,” sê hy. Dit is my bal, daarom moet ek saam met hom gaan. My boek bly op die bed lê.

Ek het geen idee wat om te doen terwyl ek daar in die middel van die veld staan nie. Ek staan net en kyk na my nuwe maat terwyl hy heerlik met my bal speel. Toe skop hy die bal in my rigting. Ek weet nie wat om daarmee te maak nie. Ek tel dit op en begin daarmee hardloop. “Skop dit na my toe!” skree hy van oorkant die veld vir my. Ek sit die bal op die grond neer en skop dit met alle mag. Dit is ’n swak skop, en die bal tref ’n meisie wat daar naby my staan. Ek voel hoe ek bloedrooi bloos. Gelukkig het sy nie seergekry nie!

Gou sluit ander kinders by ons aan. Almal vorm vinnig twee spanne. Ek ken nie die reëls nie, maar ek leer gou deur die ander dop te hou. Ek teken ook nie ’n doel aan nie, maar dit maak nie saak nie.

Tot my verbasing geniet ek die ervaring – selfs die sweet en die modder. Daarna dribbel ek die bal die hele pad huis toe. Toe my ma my sien, kan sy skaars praat. Toe glimlag sy en sê: “Trek daardie skoene uit, meneertjie. Ek wil geen modder in my huis hê nie!”

Ek hardloop in die huis in en huppel tot in die badkamer.

Van daardie dag af is ek gek oor sokker. Ek oefen selfs soms in my kamer!

Datum:





Ons skryf Beantwoord hierdie vrae.

Waarom dink jy was Xolisa se pa teleurgesteld in hom?

Het hy dit aanvanklik geniet om aan sport deel te neem? Sê waarom.

Waarin het hy belanggestel?

Skryf in jou eie woorde 'n paragraaf waarin jy sê wat gebeur het toe sy nuwe maat by hom kom kuier het.



Hoe het sy ma gevoel toe hy met modderige voete by die huis aankom?

Gee die storie 'n titel.

Ons skryf Lees die volgende uittreksel uit die storie. Onderstreep al die **soortname** in rooi en omkring die **eiename** in blou.

Ek het nooit van sokker gehou nie. Dis nie dat dit nie vir my interessant was nie, maar ek het dit nooit verstaan nie. Dis taamlik laf, as jy my vra! Twee spanne skop 'n bal in 'n groot net in. In die 90 minute terwyl hulle daarmee besig is, kan ek 'n interessante boek lees!


Ek was vir my pa 'n teleurstelling. Hy het selfs vir my 'n sokkerbal met Pele se naam daarop vir my verjaarsdag gegee. Dit was 'n koddige ding. Dit was toegedraai in geskenkpapier, en daar was 'n kaartjie met die woorde "Gelukkige verjaarsdag, Xolisa, met liefde van Mamma en Pappa" daarby. Ek het die bal, nog net so in sy geskenkpapier, op my lessenaar neergesit – net om daarna te kyk.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# 6 Ons skryf verder



Ons skryf Werk in groepe.



- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



'n **Intrige** is 'n skets van wat in 'n storie gebeur.

Gebruik hierdie intrige om 'n storie te beplan. Meisie of seun kom uit 'n arm gemeenskap; sy of hy is 'n uitstekende atleet; sy of hy wen 'n internasionale kompetisie en word ryk en beroemd.

Gee jou storie 'n titel.

Skryf 'n opwindende inleiding of begin.

Wat is die agtergrond? Waar en wanneer het die storie hom afgespeel?

Wie is die karakters?

Hoe eindig die storie?

Datum: ______

**LETTERGREPE en KLANKGREPE**

Onthou:

- 'n Lettergreep is 'n deeltjie van 'n woord.
- Wanneer jy skryf, kan jy woorde slegs aan die einde van lettergrepe afbreek.
- Klanke is dit wat ons hoor, terwyl letters geskryf word.
- In die spreektaal verdeel ons 'n woord in klankgrepe (asemstote) maar as ons skryf, gebruik ons lettergrepe.

plakkers pla-kers (klankgreep)
plakkers plak-kers (lettergreep)




Verdeel hierdie woorde in lettergrepe deur skuinsstrepe te trek en skryf die klankgrepe in die kolom langsaan neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| sokkerbal | | lessenaar | |
| gelukkige | | koddige | |
| teleurstelling | | wanneer | |

Skryf die afkortings vir die volgende woorde:

| Afkorting | Woord | Afkorting | Woord |
|---|---|---|---|
| | as gevolg van | | ensovoorts |
| | bogenoemde | | graad |
| | deur middel van | | hoofstuk |

**SPELLING**

As jy nie seker is of die woord met 'n **d** of 'n **t** eindig nie, sê die meervoud of vorm 'n ander woord. Dan sal jy kan hoor watter letter dit moet wees, bv. hond – honde, goed – goedere, maar voet – voete. **V** staan nooit aan die einde van 'n woord of lettergreep nie.




Vul in **f** of **v** en **d** of **t**:

My ma het ___ir my boetie 'n ___iets gegee toe hy sy ___y___tiende ___erjaarsdag ge___ier het.

Ek het jaloers ge___oel, maar oor ___ier maande ___erjaar ek ook, dan hoop ek dat ek 'n skaatsplank sal kry.

Ek het beslui___ om 'n ter___ en beskui___ te bak. Die hon___ was astran___ en he___ die ter___ verorber.





Skryf die sinne oor.
Vul die leestekens op die regte plekke in.

Kommas word gebruik om items in 'n lys van mekaar te skei, buiten wanneer die volgende woord "en" is.


Ek en my pa gaan graag naweke rugby krieket netbal en sokker kyk.

______



Ek lees graag boeke kyk video's studeer en speel tennis.

______



Xolisa weet nie veel van krieket sokker en rugby nie.

______



ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 7 Pele se laaste wedstryd



Ons praat

Lees weer die gedeelte oor Pele, en gesels in julle groep oor die belangrikheid van sport. Elke groepslid lewer dan 'n praatjie oor: "Waarom sport belangrik is".

Assesseer almal se praatjies volgens die tabel hieronder:
5 is baie goed; 4 is goed; 3 het verbetering nodig.

| | 5 | 4 | 3 |
|---|---|---|---|
| Die boodskap is volledig en duidelik. | | | |
| Sy/hy maak van sterk ondersteunende inligting gebruik. | | | |
| Sy/hy praat duidelik en maak oogkontak met die gehoor. | | | |
| Sy/hy praat in 'n normale stem wat hard genoeg is om gehoor te word. | | | |
| Sy/hy praat vlot sonder om te hakkel en te veel "hm" te sê. | | | |
| Die boodskap is maklik om te volg en hou die aandag van die luisteraars. | | | |
| Haar/sy praatjie het 'n sterk inleiding (begin), middeldeel en slot (einde). | | | |
| Sy/hy gebruik 'n verskeidenheid interessante woorde. | | | |
| Haar/sy sinne is korrek en maklik om te volg. | | | |

Lees die artikel, en onderstreep al die woorde met **kappies** en **deeltekens**.



Ons lees

Hulle sê alle goeie dinge kom tot 'n einde, en dit is in 1977 waar bewys toe die loopbaan van die wêreld se beroemdste sokkerspeler ten einde geloop het. Dit was toe die Brasiliaanse legende Pele sy laaste wedstryd by die Giants-stadion in New York gespeel het.

Die President van die VSA, Jimmy Carter, het Pele in 'n toespraak verwelkom, en Muhammad Ali het gesê: "Ek weet nie of hy goed sokker speel nie, maar hy is definitief nie so mooi soos ek nie." Ali het later toegegee dat daar nou "twee grootse sportmanne is", en daarmee bevestig dat hy en Pele die beroemdste sportsterre op die planeet is.



Pele het sy laaste doel met 'n skop van dertig meter aangeteken terwyl die skare geskree het: "Pele is koning!" Pele se nommer-tien-trui is amptelik neergelê, en ná die wedstryd was daar nog toesprake en vlagwaaiery om die prag en praal van die dag af te rond.

Al wanklank was die feit dat dit teen die einde van die wedstryd paddas en platannas begin reën het, maar 'n Brasiliaanse koerant het verduidelik dat die rede daarvoor was dat "selfs die hemele gehuil het".

Datum:

**SINSOORTE**
Onthou jy nog die vier soorte sinne?
- Stelsinne
- Vraagsinne
- Bevelsinne
- Uitroepsinne

Ons skryf

Waarom was 1977 vir Pele 'n besondere jaar?

Mohammad Ali was 'n bokser. Waarom dink jy het hy homself as "mooi" beskryf?

Ali het gesê dat hy en Pele die twee beroemdste sportmanne op die planeet is. Watter planeet het hy bedoel?

Waarom het die hemele "gehuil"?

Ons skryf Dui aan watter tipe sin dit is.

| Sin | Sinsoort |
|---|---|
| Het Pele in 'n nommer-tien-trui gespeel? | |
| Jy moet elke dag oefen! | |
| Pasop, die bal gaan jou tref! | |
| Sokker is 'n gewilde sport. | |

Skryf hierdie sinne in die ontkennende vorm oor.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons raak vertonerig





**Vir die pret**

Kom ons beplan 'n toneelstuk.

Kom in julle groepe byeen en bedink 'n toneelstuk oor Pele. Daar moet minstens vier karakters in julle toneelstuk wees.

Repeteer julle toneelstuk en bied dit dan vir die klas aan.





**Ons skryf**

Skryf nou 'n resensie van die toneelstuk. Gebruik hierdie struktuur.


- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

**Waaroor die toneelstuk handel:**

**Die akteurs:** Was hulle geloofwaardig? Het hulle hard en duidelik genoeg gepraat? Het hul gebare en bewegings jou meer van die karakter vertel? Wie was veral goed, en waarom?

**Taal:** Was die storie duidelik? Het jy verstaan wat die karakters sê? Was die taalgebruik interessant? Wou jy graag na die akteurs luister?

**Waarom jy hierdie toneelstuk behoort te sien/nie behoort te sien nie:**



Datum:

Gebruik **aanhalingstekens** voor en na die presiese woorde van 'n spreker of skrywer.

*Voorbeelde:* Die onderwyser het vir haar gevra: "Het jy jou huiswerk gedoen?" "Ek weet wat die antwoord is," het sy gesê.



## Ons skryf

Vul die punte, hoofletters, kommas, vraagtekens en aanhalingstekens in.

Onthou: 'n **komma** (,) kan in die plek van **en** staan.

1. wanneer ek sokker speel voel ek onoorwinlik
2. my kop is oop ek voel gelukkig en al my stres verdwyn
3. ek skryf ook graag want ek hou daarvan om my verbeelding te gebruik
4. ek ervaar verskillende emosies en wanneer dit gebeur skryf ek dit neer
5. ek skryf meesal neer wat ek nie vir mense kan sê nie en maak stories daarvan
6. ek hoop dat iemand eendag my toneelstuk sal sien of een van my stories sal lees en gelukkig sal voel
7. ek sê dikwels vir my ma ek geniet wat ek doen



Ons gebruik die **teenwoordige tyd** wanneer ons praat oor iets wat ons gereeld doen. "Ek haal gewoonlik die bus." Ons gebruik dit ook om te praat oor feite, bv. "'n Olifant eet elke dag baie kilogramme gras en blare."



## Ons skryf

Maak 'n lys van wat jy elke dag doen. Gebruik die **teenwoordige tyd**. *Voorbeelde:* Ek staan op. Ek gaan skool toe.

Skryf neer wat jy gedoen het toe julle jul toneelstuk opgevoer het. Skryf jou sinne in die **verlede tyd**. *Voorbeelde:* Ek het my woorde geoefen. Ek het hard en duidelik gepraat.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 9 'n Baie spesiale konyn






**Ons praat** Kyk na die prente.

Kyk eers na die prent links. Wat sien jy?
Kyk nou na die prent regs. Wat sien jy?
Verskil die twee prente? Wat is die verskille?







**Ons lees**

Die rivierkonyn word slegs in die Karoo van Suid-Afrika aangetref. Ongelukkig is dit ons mees **bedreigde** soogdier. Hy loop gevaar om vir altyd te **verdwyn**.

Rivierkonyne woon langs riviere in die Karoo. Die grond daar laat hulle toe om gate te grawe. Rivierkonyne het gate nodig waarin hulle hul kleintjies kan grootmaak. Die kleintjies is baie klein wanneer hulle gebore word – net 'n bietjie groter as 'n vuurhoutjiedosie.

Sommige boere het die grond langs die riviere omgeploeg. So is die bosse en struike wat rivierkonyne nodig het, vernietig. Daar is al hoe minder plekke waar hierdie konyne kan woon en hul kleintjies kan grootmaak.

Die Suid-Afrikaanse Natuurlewevereniging probeer om die rivierkonyne te red. Party boere in die Karoo het ingestem om die konyne op hul plase te beskerm. Daar is ook 'n teelprogram by die De Wildt-natuurreservaat. Daar word die konyne in veiligheid geteel. Hulle beoog om hierdie konyne weer na die Karoo, waar hulle hoort, terug te neem.



Datum:





**Kom ons verstaan** Lees die gedeelte oor die rivierkonyn weer.


Hierdie stuk teks gee vir ons inligting. Waaroor handel die inligting?

Is rivierkonyne soos ander hase?

Waarom dink jy word hulle rivierkonyne genoem?

Verkeer die rivierkonyn in gevaar? Sê waarom.

Wat dink jy kan ons doen om die rivierkonyn te red? Skryf twee sinne.



Waar kom die rivierkonyn voor?

Hoe groot is die kleintjies wanneer hulle gebore word?

Waarom is daar so min rivierkonyne oor? Skryf twee sinne.

Wat doen die boere om die rivierkonyn te red? Skryf twee dinge neer.



Wat word daar met die teelprogram beoog?

ONDERWYSER: Teken Datum

# 10 Meer oor die rivierkonyn




Omkring die **onderwerpsin** (hoofsin) van elke paragraaf in blou, en onderstreep die ondersteunende sinne of bysinne in rooi.

'n Onderwerpsin (hoofsin) som die hoofidee van 'n paragraaf op.

Die rivierkonyn word slegs in die Karoo van Suid-Afrika aangetref. Ongelukkig is dit ons mees **bedreigde soogdier**. Hy loop gevaar om vir altyd te **verdwyn**.

Rivierkonyne woon langs riviere in die Karoo. Die grond daar laat hulle toe om **gate** te grawe. Rivierkonyne het gate nodig waarin hulle hul kleintjies kan grootmaak. Die kleintjies is baie klein wanneer hulle gebore word – net 'n bietjie groter as 'n vuurhoutjiedosie.

Sommige boere het die grond langs die riviere omgeploeg. So is die bosse en struike wat rivierkonyne nodig het, vernietig. Daar is al hoe minder plekke waar hierdie konyne kan woon en hul kleintjies kan grootmaak.

Die Suid-Afrikaanse Natuurlewevereniging probeer om die rivierkonyne te red. Party boere in die Karoo het ingestem om die konyne op hul plase te beskerm. Daar is ook 'n teelprogram by die De Wildt-natuurreservaat. Daar word die konyne in veiligheid geteel. Hulle beoog om hierdie konyne weer na die Karoo, waar hulle hoort, terug te neem.




Die sewe sinne hieronder handel oor die rivierkonyn. Vyf van hulle handel oor dieselfde onderwerp, maar twee hoort nie hier tuis nie omdat hulle oor iets anders handel. Watter sinne pas nie in nie? Onderstreep hulle.

Rivierkonyne woon langs rivierbeddings in die Karoo.

Die grond in die Karoo is net reg vir hulle gate.


Hulle eet plante wat langs die rivier groei.

Die kleintjies is die grootte van vuurhoutjiedosies.

Hulle loop gevaar om te verdwyn.

Die boere ploeg langs die riviere en vernietig hul gate.

Die kleintjies is baie klein.



Datum:

Vul nou hierdie geheuekaart oor die rivierkonyn in.

Eienskappe (hoe hulle lyk en waarvan hulle hou)

Kos


Die rivierkonyn

Habitat (die plek waar hulle woon)



Ons skryf

Gebruik die **onderwerpsinne** (hoofsinne) wat jy in die eerste gedeelte omkring het om 'n opsomming te skryf van wat oor die rivierkonyn gesê word.



Wenke oor hoe om 'n opsomming te skryf:
Lees die teks vinnig deur om die hoofidees op te spoor (vluglees). Maak seker dat jy al die hoofgedagtes raakgesien het (soeklees). Onderstreep die belangrikste woorde (sleutelwoorde). Skryf die sleutelwoorde neer. Gebruik die sleutelwoorde in eenvoudige sinne. Kombineer die eenvoudige sinne met behulp van voegwoorde.

**Onthou: 'n voegwoord las twee sinne aan mekaar.**

Vergelyk jou opsomming met die oorspronklike teks.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Die getalle vertel 'n hartseer verhaal






Ons lees

Kyk na die diagram. Lees die getalle links en die datums onderaan.



Ons verstaan

Werk uit wat die diagram vir ons vertel. Beantwoord dan die vrae.




Wat wys die diagram vir ons?

Hoeveel rivierkonyne was daar in 1995?


In watter jaar was daar die minste rivierkonyne?

Het die getal rivierkonyne tussen 2005 en 2010 verhoog? Waarom sê jy so?

Konyne is 'n bedreigde spesie. Wat beteken dit?

Kies een van die drie antwoorde hieronder.

1. Hulle loop gevaar om vir altyd te verdwyn.
2. Hulle word na 'n ander deel van Suid-Afrika verskuif.
3. Hulle word na plase buite die Karoo verskuif.



Datum:



Ons skryf Hier is ’n paar bekende **voorvoegsels** met hul betekenisse.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **her-** | weer | **on-** | nie |
| **wan-** | verkeerd, te min | **ont-** | weg |
| **be-** | voorsien van | **mis-** | verkeerd gedoen |

**VOORVOEGSELS**

Ons voeg voorvoegsels voor aan ander woorde om nuwe woorde te vorm.

Skryf nou die korrekte voorvoegsel voor aan elke **stamwoord**.



| | | | |
|---|---|---|---|
| ______ **vorm** | om weer te vorm | ______ **paar** | nie ’n paar nie |
| ______ **orde** | ’n gebrek aan orde | ______ **tevrede** | nie tevrede nie |
| ______ **koming** | wegkom | ______ **noem** | ’n naam gee |

Ons skryf Hier is ’n paar bekende **agtervoegsels** met hul betekenisse.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **-loos** | sonder | **-vol** | vol van |
| **-agtig** | soos | **-tjie** | verkleining |
| **-saam** | met | | |

**AGTERVOEGSELS**

Ons voeg agtervoegsels agter aan ander woorde om nuwe woorde te vorm.

Gebruik elk van hierdie **agtervoegsels** om woorde te maak wat die volgende beteken:

| | | | |
|---|---|---|---|
| soos 'n mens | | met baie sorg | |
| die klein een | | met baie kleur | |
| sonder vrees | | | |

Enkelvoudige sinne het net een werkwoord.
Veelvoudige sinne het ’n hoofsin en bysin.

Ons skryf Dui met ’n regmerkie (√) aan of dit ’n enkelvoudige of veelvoudige sin is.

| Sin | Enkel- | Veel- |
|---|---|---|
| Rivierkonyne grawe gate langs riviere. | | |
| Hulle grawe gate om hulle kleintjies daarin groot te maak. | | |
| Boere ploeg die grond langs riviere om. | | |
| Die Natuurlewevereniging teel met konyne sodat hulle seker maak die konyne sterf nie uit nie. | | |



# 12 Ons kyk na allerhande hase



Ons skryf

Skryf 'n paragraaf deur die onderstaande sinne in die korrekte volgorde te plaas. Jou paragraaf moet logies en duidelik wees.

Nadat hulle hierdie boek gelees het, sal lesers nie net weet wat konyne alles doen nie, maar ook waarom hulle dit doen.


Hulle kom in 'n verskeidenheid groottes en kleure voor.

Hierdie leersame boek leer lesers hoe om alle soorte hase en konyne te versorg.

Daar is meer as 40 verskillende tipes hase en konyne in die wêreld.

Daar is riglyne oor die daaglikse versorging van hase, soos oor hul voeding, die skoonmaak van hul hokke en ook oor oefening.





Skryf die onderwerpsin (hoofsin) van jou paragraaf neer.

Datum:

Ons skryf

Gebruik hierdie **verbindingswoorde** om die sinne hieronder te verbind en sodoende 'n duidelike paragraaf te skryf.

eers | dan | laastens | later | vervolgens



**Hoe om 'n haashok skoon te maak**

Haal die haas uit die hok. Sit hom in 'n oefenhok. Maak die vuil saagsels bymekaar en plaas dit in 'n sak. Was en ontsmet die vloer van die hok. Maak die vloer met 'n ou handdoek droog. Plaas nuwe saagsels in die hok. Maak seker dat daar skoon water en kos is.

Ons skryf

Skryf 'n paragraaf oor die daling in die getal rivierkonyne tussen 1995 en 2005. Jou paragraaf behoort nie langer as agt reëls te wees nie. Die diagram in werkkaart 11 bevat inligting wat jou sal help om jou paragraaf te skryf.



ONDERWYSER: Teken Datum

# 13 Verskillende soorte hase



Ons lees



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

Daar is wilde hase en mak hase. Mak hase kan saggeaarde, liefdevolle troeteldiere wees. Wilde hase of konyne kom op elke kontinent behalwe Antarktika voor. Alle mak hase is afstammelinge van Europese hase, wat ook gewone hase genoem word.

Daar is groot en klein hase. Sommige het smal, gepunte koppe en ander het breë, plat koppe. Die verskillende soorte hase kom in verskillende kleure voor: wilde hase het 'n bruinerige pels, maar mak hase het 'n kort pels wat wit, swart of grys kan wees. Die pels hou hulle warm.



Hase het sterk agterpote wat hulle help om te hop en te spring. Hulle kan tot 23 kilometer per uur hardloop, en baie kan meer as 5 meter ver spring.

'n Haas maak op sy uitstekende gehoor staat om klanke vanuit enige rigting op te vang. Sy oë is aan die kante van sy kop, daarom kan hy na albei kante asook na voor en na agter sien. Hase kan ook goed in die donker sien, en het 'n goeie reuksin.

Hase eet blaargroente. Hul voortande hou nooit op groei nie, en hulle geknaag help om te keer dat hierdie tande te lank word. Gedurende die wintermaande leef hulle van boombas, takkies en die ou vrugte van bosse en bome.

Hase is nagdiere. Hulle eet en speel byna heelnag lank, van sononder tot sonop. Gedurende die dag rus en slaap hulle.

'n Haas wat goed versorg word, kan 8 tot 12 jaar oud word. In die natuur word hase ongeveer 5 jaar oud.

'n Manlike haas word 'n mannetjieshaas of -konyn genoem en 'n vroulike haas 'n wyfiehaas of -konyn. Hulle word met toe oë en sonder enige pels gebore.

Om die kleintjies warm te hou, bedek die mamma hulle met gras en stukkies pels in 'n nes wat sy in die grond grawe. Wanneer die kleintjies ongeveer 'n week oud is, gaan hulle oë oop en het hulle reeds 'n sagte pels ontwikkel. Wanneer hulle omtrent twee weke oud is, verlaat hulle die nes. Die mamma soog hulle net die eerste paar weke van hul lewens. Dan begin hulle hul eie kos soek. Wanneer hulle ongeveer ses maande oud is, begin hulle self kleintjies kry.

Datum:





**NUWE WOORDE**

## Ons skryf

Waaroor handel hierdie teksgedeelte?

Voorsien die teksgedeelte van 'n ander opskrif.

Skryf in die tabel hieronder vyf verskille tussen wilde en mak hase neer.

| Mak hase | Wilde hase |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

Skryf vyf feite uit die teks neer.

| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |

Skryf die **verkleinwoorde** van die woorde tussen hakies neer.

Ek neem 'n ______ (video) van die konyne.

Die ______ (impi) jag die konyne.

Die klein ______ (Roux) wil 'n konyn hê.

Die graad- ______ (1) voer die konyn.

Die ______ (Israeli) hou van konyne.

Ons gebruik soms 'n **afkappingsteken** by die meervoud of verkleining van woorde. Dit word gebruik as die woorde op die volgende vokale eindig: 'n beklemtoonde a; 'n i, o of u; of letters wat nie uitgespreek word nie, bv. pa – pa's; impi – impi's; balju – balju's; hobo – hobo's, Roux – Roux's. Ons gebruik dit ook na syfers of afkortings, bv. 3's, 3'tjie.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 14 Nog 'n kykie na wilde en mak hase



Ons skryf Kyk na die gedeelte oor wilde en mak hase.

Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe die wilde ma haar kleintjies versorg.





Ons skryf

**Vokaalgroep 1 (diftonge of tweeklanke): eu, ou, ui, ai, aai, eeu, oei, y**
Wanneer ons hierdie klanke in die slotlettergreep van die basiswoord kry, kan ons net 'n agtervoegsel aanlas – daar word niks aan die basiswoord verander nie, bv. leeu – leeus; huis – huise; gebou – geboue.

**Vokaalgroep 2 (lang klanke): aa; ee, oo, uu**
Wanneer 'n woord hierdie klanke in die slotlettergreep bevat en dit 'n geslote lettergreep is (wat op 'n medeklinker eindig), val een van die lang klank se letters weg en kry die woord 'n **e** by, bv. m**uu**r – m**u**-re; b**oo**t – b**o**-te.

**Vokaalgroep 3 (kort klanke): a, e, i, o, u**
Om die klank kort te hou, moet ons die slotmedeklinker verdubbel as ons aanlas, bv. b**ad** – **baddens**; vl**ek** –vl**ekke**; vr**ot** – vr**otterig**; p**it** – **pitte**; m**us** – m**usse**

Skryf nou die volgende woorde se meervoude neer:

| | | | |
|---|---|---|---|
| krat | | muis | |
| bok | | haas | |
| rivier | | bos | |
| ding | | brood | |
| vrees | | geluid | |
| skuit | | kruis | |
| blaai | | koei | |

Datum: 

NUWE WOORDE



**Ons skryf**

Onderstreep die **onderwerpgedeelte** van hierdie sinne met blou, die **gesegde** (die werkwoordgedeelte) met geel en die **voorwerp** met groen:

Ek is lief vir hase.

Ek koop ’n haas.

Ek gee vir my hase lekker kos.

Ek bestee geld aan troeteldiere.

Ek gee aandag aan my troeteldiere.

Ek leer my boetie hoe om die hase te versorg.





**Ons skryf**

Lees weer die gedeelte oor “Verskillende soorte hase”.

Skryf nou ’n opsomming daarvan.

Maak seker dat jy die volgende doen:

| | |
|---|---|
| • Verkort die oorspronklike teks tot ongeveer ’n derde van sy lengte. | • Noem slegs die hoofgedagtes. |
| • Kombineer spesifieke stellings om algemene stellings te vorm. | • Verander direkte rede in indirekte rede. |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 15 Kom ons kyk na beeldspraak

**Ons lees** Lees hierdie gedeelte en beantwoord dan die vrae.

Hy het op enorme, blink, energieke bene nader gekom. Hy het vyftien meter bo die bome uitgetoring soos 'n reus, sy delikate kloue oor sy olierige, reptielagtige bors gevou. Elke been was soos 'n suier, vyfhonderd kilogram been, versink in dik spiertoue soos die wapenrusting van 'n kryger. Elke dy was 'n ton vleis, ivoor en staal, en van die groot, hygende borskas van die bolyf het daardie twee delikate arms voor afgehang, arms met hande wat mans soos speelgoed sou kon optel.

(Ray Bradbury, verwerk)

**Ons skryf**

Watter soort kreatuur dink jy is dit?

Watter woord sê vir jou dat hy groot is?

Waarmee vergelyk die outeur sy bene?

Watter beeldspraak gebruik hy om hierdie vergelyking te maak?

Die outeur sê dat elke dy 'n ton vleis is. Watter vorm van beeldspraak is dit?

**Beeldspraak** beteken om iets figuurliks d.m.v 'n vergelyking, metafoor, personifikasie, ens. oor te dra.

**Ons skryf** Verbind die idiome links met hul betekenisse regs.

| **Idioom** |
|---|
| Die aap uit die mou laat. |
| Amper, maar nie stamper nie. |
| Baantjies vir boeties. |
| Die bal misslaan. |

| **Betekenis** |
|---|
| Gunste en gawes vir familielede en vriende. |
| Jou erg vergis. |
| Die geheim verklap. |
| Byna, maar nie heeltemal nie. |

Datum:



**Ons skryf**

Ontleed die onderstaande sinne. Onderstreep die **selfstandige naamwoorde** met blou en die **byvoeglike naamwoorde** met rooi. Omkring die **lidwoorde** met groen.

Die dinosaurus het op enorme, blink, energieke bene nader gekom.

Daar het twee delikate arms van sy hygende borskas afgehang.

Hy het sy delikate kloue oor sy olierige, reptielagtige borskas gevou.

**Selfstandige naamwoorde** benoem sake, mense, plekke of gedagtes.


**Byvoeglike naamwoorde** is woorde wat selfstandige naamwoorde beskryf.

**Lidwoorde** is **'n** (onbepaald) en **die** (bepaald).



**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne oor en voorsien hulle van die nodige leestekens en hoofletters.



het die winter kaapstad in sy ysige kloue vasgevat

hy het gese die wind huil om die hoeke

die papagaai na-aap die koer koer geluid van die duif



**Ons skryf**

Kies die betekenisse wat by die spreekwoorde pas.

| Spreekwoord |
|---|
| Ledigheid is die duiwel se oorkussing. |
| Skoonheid vergaan, maar deug bly staan. |
| Wie nie waag nie, wen nie. |

| Betekenis |
|---|
| Deug is belangriker as skoonheid. |
| 'n Mens moet kanse waag om sukses te behaal. |
| Mense wat niks te doen het nie, is geneig om kwaad te doen. |

ONDERWYSER: Teken Datum


# 16 Ons kyk weer na skryfwerk



## Ons skryf

Jy gaan nou 'n opstel oor 'n dier skryf, maar jy moet dit eers beplan. Jou opstel moet vier paragrawe lank wees.

Hou 'n dinkskrum oor jou opstel. Skryf soveel dinge as waaraan jy kan dink neer.



- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

Habitat (plek waar hy voorkom)

Eienskappe (hoe hy lyk)



Hoe hy kommunikeer

Lewensverwagting

Datum:

Ons skryf

Skryf nou jou opstel.

- Sê in jou eerste paragraaf waar die dier woon, en of hy alleen of in 'n groep woon.
- Beskryf in jou tweede paragraaf jou dier: hoe groot hy is en hoe hy lyk.
- Verduidelik in jou derde paragraaf hoe jou dier kommunikeer: watter geluide hy maak.
- Sê in jou laaste paragraaf hoe lank jou dier leef en of dit 'n bedreigde spesie is.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Ons maak seker



| Ek kan | | |
|---|---|---|
| oor 'n prent praat. | | |
| die verskil tussen twee prente identifiseer. | | |
| 'n praatjie lewer. | | |
| 'n toneelstuk skryf en aanbied. | | |
| 'n diagram lees. | | |
| 'n teks lees. | | |
| feite identifiseer. | | |
| vrae op 'n teks gebaseer beantwoord. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| sinne in die korrekte volgorde rangskik. | | |
| 'n geheuekaart gebruik. | | |
| 'n boek illustreer. | | |
| 'n opsomming beplan en skryf. | | |
| 'n opstel beplan en skryf. | | |
| 'n resensie skryf. | | |
| 'n lys maak. | | |
| voorvoegsels en agtervoegsels gebruik om nuwe woorde te vorm. | | |
| 'n paragraaf van punktuasie voorsien. | | |
| sinne met behulp van die verlede tyd voltooi. | | |
| sinne uit die verlede tyd in die teenwoordige tyd verander. | | |
| onderwerpsinne en ondersteunende sinne identifiseer. | | |
| tussen sinsoorte onderskei. | | |
| ontkennende sinne skryf. | | |
| enkelvoudige en veelvoudige sinne identifiseer. | | |
| voegwoorde gebruik. | | |
| selfstandige naamwoorde identifiseer. | | |
| byvoeglike naamwoorde identifiseer. | | |
| lidwoorde identifiseer. | | |
| woorde in lettergrepe verdeel. | | |
| woorde in klankgrepe verdeel. | | |
| woorde afbreek. | | |
| afkortings reg gebruik. | | |
| hoofletters en punktuasie reg gebruik. | | |
| die spelreëls van die drie vokaalgroepe verduidelik. | | |
| kappies en deeltekens reg gebruik. | | |
| **d** en **t** reg gebruik. | | |
| **v** en **f** reg gebruik. | | |

Inhoud



# Tema 2: Koerantberigte


**Vroue in die nuus**
**Kwartaal 1: Week 5 - 6**

**17 Nothembi – 'n musikant sonder gelyke** 36
Lees 'n koerantberig oor Nothembi.
Beantwoord vrae oor die koerantberig.
Identifiseer die betekenis van woorde.
Gebruik die verlede tyd om sinne te skryf.
Gebruik voorsetsels om sinne te voltooi.

**18 Meer oor Nothembi** 38
Gebruik voegwoorde om sinne te voltooi en om eie sinne te maak.
Skryf beskrywende sinne.
Praat oor 'n prent.
Bespreking van akronieme, afkortings en verkortings.

**19 Nothembi tree op** 40
Lees die twee deel van die berig oor Nothembi.
Beantwoord vrae oor die teks.
Gee eie mening.
Identifiseer antonieme uit die teks.
Onderstreep enkelvoudige en veelvoudige sinne.
Soek meervoude in die berig.

**20 Nuus oor Nothembi** 42
Identifiseer die hoofopskrif, die skrywer, die hoofpunte en die sprekers in die berig.
Beskryf die foto en byskrif by die berig.
Skryf self 'n berig.
Teken 'n prent en skryf 'n byskrif.

**21 Sy vlieg deur die lug** 44
Groepwerk.
Praat oor prente.
Lees 'n berig oor 'n gimnas.
Beantwoord vrae oor die teks.
Bespreek die hoopopskrif van die teks.
Identifiseer die genre.

**22 Meer oor Edith** 46
Skryf 'n paragraaf oor Edith Moetsi.
Kies die sportsoorte wat by opskrifte pas.
Skryf die hoofsinne vir die berigte.
Identifiseer werkwoorde in die opskrifte.
Herskrif die opskrifte met die werkwoorde in die verlede tyd.
Onderstreep die voorvoegsels in die sinne.

**23 Dis jou beurt om joernalis te wees** 48
Praat oor verskillende soorte berigte wat in die plaaslike koerant verskyn.
Lees 'n berig oor Edith.
Beantwoorde vrae oor die teks.
Identifiseer die onderwerpsin.
Verduidelik die betekenis van die titel.
Gebruik vraagwoorde in sinne.

**24 Skryf nog 'n berig** 50
Beplan met behulp van 'n breinkaart 'n berig vir 'n skoolkoerant.
Bespreek en skryf die berig, en maak seker dat dit 'n opskrif, 'n inleidende en slotparagraaf, direkte rede, 'n prent en 'n byskrif bevat.
Voorsien sinne van die nodige leestekens.
Voltooi sinne met behulp van die bepaalde en onbepaalde lidwoorde **'n** en **die**.
Vul sinonieme vir 'n aantal woorde in.

**Mites en legendes**
**Kwartaal 1: Week 7 - 8**

**25 *Die mier en die duif*** 52
Bespreek die eienskappe van 'n fabel.
Lees 'n fabel.
Beantwoord vrae oor die fabel.
Identifiseer die verskille tussen 'n ware verhaal en 'n denkbeeldige verhaal.
Gee 'n mening.
Identifiseer werkwoorde, voegwoorde en voornaamwoorde.
Verbind woorde met hul betekenisse.

**26 Dink na oor die mier en die duif** 54
Skryf drie beskrywende sinne.
Voltooi sinne.
Identifiseer die eienskappe van 'n fabel en vul die inligting in: die titel, agtergrond, karakters, konflik, oplossing en moraal.
Identifiseer die eienskappe van diere.
Identifiseer die moontlike sedeles van 'n fabel.

**27 Die hardwerkende mier** 56
Groepwerk.
Bespreek vrae oor miere.
Lees 'n teks oor miere.
Onderstreep vraagsinne en 'n uitroepsin.
Beantwoord vrae oor die teks.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Gebruik voornaamwoorde in sinne.
Identifiseer stamwoorde, afleidings en samestellings.
Verdeel woorde in lettergrepe.

**28 Kry die storie agtermekaar** 58
Skryf 'n beskrywing met behulp van die karaktertrekke van 'n dier.
Bespreek vrae oor raadgewing en skryf die antwoorde neer.
Verbind sinne met behulp van die voegwoorde **en**, **maar** en **want**.
Rangskik inligting in die korrekte volgorde om 'n samehangende paragraaf te maak.

**Nog volksverhale**
**Kwartaal 1: Week 9 - 10**

**29 *Die leeu en die muis*** 60
Bespreek vrae in groepe.
Lees 'n teks oor die fabel "Die Leeu en die Muis".
Verdeel onderstreepte woorde in lettergrepe.
Beantwoord vrae gebaseer op die teks.
Beskrywing van figuurlike taal.
Bespreek die betekenisse van spreekwoorde.
Gee sinonieme vir enkele woorde uit die fabel.

**30 Ons dink na oor die leeu en die muis** 62
Verbind sinsdele.
Vluglees teks.
Beplan 'n fabel aan die hand van notas.

**31 Meghan resenseer 'n fabel** 64
Lees 'n resensie oor "Die Leeu en die Muis".
Beantwoord vrae oor die resensie.
Teken 'n prent wat by die resensie pas.
Werk met spreekwoorde.
Skryf sinne in die teenwoordige tyd in die verlede tyd oor.

**32 Die beste fabel van almal** 66
Skryf inligting in die direkte rede.
Gebruik notas om 'n fabel te skryf oor 'n muis wat 'n leeu help.






# 17 Nothembi – 'n musikant sonder gelyke



## Ons praat

Bring 'n koerantberig skool toe. Daar is gemeenskapskoerante waarvoor jy niks hoef te betaal nie. Maak seker dat die berig wat jy saambring, handel oor iets waarin jy belangstel.

Lees die berig en bespreek die antwoorde op hierdie vrae in groepsverband.

- Wat is die hoofopskrif van jou berig?
- Hoeveel woorde is daar in die hoofopskrif?
- Wie het die berig geskryf?
- Waaroor handel die berig?
- Wat het gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?
- Waar het die gebeur?
- Wat staan nog in die berig?
- Bevat die berig enige aanhalings? Indien wel, wat is gesê? Wie het dit gesê?
- Hoe hou die aanhalings met die gebeurtenis verband?
- Is daar 'n foto by die berig? Indien wel, wat sien jy op die foto? Is die foto op die berig van toepassing? Gee die 'n duidelike beskrywing van die foto.
- Wat is die subopskrif of byskrif van die foto?



## Ons lees

Lees die eerste deel van die berig en beantwoord dan die vrae.



Koningin van Ndebele-musiek

### 'N KITAARSPELENDE MA

Ek het gehoor van 'n vrou wat op Vryheidsdag sou optree by Kiepies, 'n klub in Johannesburg. Sy dra tradisionele Ndebeleklere, en sy speel 'n elektriese kitaar.

"Nooit, dit kan nie waar wees nie!" het ek gesê. Maar ek was nuuskierig. Ek wou haar met my eie oë sien. Ek is toe na Kiepies toe, en daar het ek Nothembi te siene gekry.

Ek kon my oë nie glo toe sy op die verhoog verskyn nie. Sy het tamaai gelyk. Kleurvolle armbande met krale het haar arms en bene bedek. Sy het 'n helderkleurgie kombers vol kralewerk om haar skouers gedra, en sy het 'n groot, tradisionele hoed opgehad.

Nothembi het haar arms opgelig om die gehoor te groet. Toe het sy haar elektriese kitaar opgetel. Wat 'n kitaar was dit nie! Dit was met Ndebele-ontwerpe versier en al die kleure van die reënboog geverf.

Nothembi het begin speel. Sy het haar kitaar laat praat, sing, kla, kras en snik.

- Portia Nchabeleng

Datum:



Ons skryf

Wie is in die eerste paragraaf aan die woord?
Dink jy dit is Nothembi of die skrywer?

Wat beteken "Ek kon my oë nie glo nie"?

Watter kleure het Nothembi gebruik om haar kitaar te versier?

Die skrywer maak van **personifikasie** gebruik om die manier waarop Nothembi haar kitaar speel, te beskryf. Sy sê die kitaar praat, sing, kla, kras en snik. Dit is dinge wat mense doen. Sy gebruik ook die teenwoordige tyd.

**Personifikasie** is beeldspraak waardeur menslike eienskappe aan lewelose dinge, diere of plante gegee word.

Onderstreep die **selfstandige naamwoorde** in die berig met rooi en die **byvoeglike naamwoorde** met blou, en omkring die **lidwoorde** met groen.

Gebruik drie van die **werkwoorde** uit die artikel en gebruik dit om jou eie sinne in die **verlede tyd** te skryf.

Ons skryf

Gebruik hierdie **voorsetsels** om die sinne hieronder te voltooi. Jy mag 'n voorsetsel meer as een keer gebruik.

op | om | by

Nothembi sing ______ Kiepies, 'n klub in Johannesburg.

Sy lig haar arms ______ om die gehoor te groet.

Sy dra 'n kleurvolle kombers ______ haar skouers.

Sy sou ______ Vryheidsdag optree.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Meer oor Nothembi






Kom ons begin die skryfproses. Gebruik **voegwoorde** om die twee dele van hierdie sinne te verbind.

Kies die toepaslikste **voegwoorde** om hierdie sinne te voltooi. Jy mag elke woord net een keer gebruik.

dus | omdat | want | daarom | maar

Ek wil vir Nothembi gaan kyk, ______ gaan ek na Kiepies toe.

Ek eet graag, ______ Nothembi moet dophou wat sy eet.

Toe Nothembi op skool was, het sy ure lank studeer ______ sy graag goed wou vaar.

Sy het 'n maat saamgebring ______ sy wou ons aan mekaar voorstel.

Sy dra tradisionele Ndebeleklere klere ______ sy 'n Ndebelevrou is.




Gebruik die volgende **voegwoorde** om jou eie sinne te maak.

**Voegwoorde** word gebruik om sinne en idees met mekaar te verbind. Indien jy hulle korrek gebruik, sal jou skryfwerk beter vlot.

en

______

______

alhoewel

______

______

as

______

______



Ons skryf

Skryf drie sinne neer wat Nothembi beskryf. Jy kan hulle uit die storie oorskryf of jou eie sinne skryf.

Kyk na die prent. Skryf oor Nothembi se kleredrag en kralewerk. Sê hoe dit lyk, watter kleure dit is en of jy graag so sou wil aantrek.



Ons skryf

Lees die onderstaande verduideliking en soek dan afkortings, akronieme en verkortings in 'n woordeboek op. Skryf 5 van elkeen in jou klaswerkboek neer.

'n **Afkorting** is 'n verkorte skryfwyse vir 'n woord, woordgroep of naam.
Daar is verskillende kategorieë:

1. **Afkortings**, waar ons 'n paar letters in plaas van die hele woord gebruik. Wanneer ons dit lees, spreek ons die oorspronklike woord voluit uit. Ons sê byvoorbeeld nie "bl." nie, maar "bladsy".
2. **Akronieme** (of letterwoorde), waar ons die letters van verskeie woorde as 'n woord uitspreek. Ons sê bv. "PIN" in plaas van "**p**ersoonlike **i**dentiteits**n**ommer".
3. **Verkortings**, waar ons die oorspronklike lettergrepe of dele van verskeie woorde as 'n woord uitspreek, bv. "Australasië" in plaas van Australië en Asië.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 19 Nothembi tree op



Ons lees

Lees die laaste deel van die berig oor Nothembi.

## ’N KITAARSPELENDE MA



Nothembi sing ook graag. Sy sing oor die platteland: die riviere en die plaaslewe, wat sy uit haar kinderdae onthou. Daar was musiek oral.

“My oom het my geleer om kitaar te speel toe ek baie jonk was,” sê Nothembi. “Ek het by **troues** en **begrafnisse** gesing. In 1983 het ek my eie orkes in Mamelodi op die been gebring. In daardie **dae** was daar nie baie **vroue** wat elektriese kitaar gespeel het nie. **Mense** het gedink ek is ietwat vreemd.

Ek het egter nie gedink ek is eienaardig nie. Ek is lief daarvoor om kitaar te speel en musiek te maak. Wanneer ek optree, voel ek anders – ek voel bemagtig.”

Sy glo dat sy nou bevoorreg is. “Ek verdien ’n goeie inkomste uit my optredes. In die tagtiger**jare** het ek as huishulp gewerk omdat ek my twee kinders moes onderhou.”

Ons skryf

Wanneer het Nothembi haar eie orkes begin?

Nothembi sê dat mense dit vreemd gevind het dat sy ’n elektriese kitaar speel, omdat sy ’n vrou is. Is daar ander dinge wat vir mense eienaardig is indien dit deur vroue gedoen word? Skryf twee dinge neer waaraan jy kan dink.

Nothembi sê sy voel bemagtig wanneer sy haar kitaar speel. Waarom dink jy voel sy so?

Indien sy bemagtig voel wanneer sy haar kitaar speel, hoe dink jy voel sy wanneer sy nie kitaar speel nie? Sê waarom jy so dink.

Is haar lewe nou dieselfde as wat dit in 1980 was? Sê waarom.

Datum:




Soek die **antonieme** vir die onderstaande woorde in die berig en skryf hulle neer.

**Antonieme** is woorde met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.

| | |
|---|---|
| stad | |
| oud | |
| volwassenheid | |
| magteloos | |
| nêrens | |




Onderstreep 2 **enkelvoudige sinne** in die berig met rooi en skryf een van die sinne neer.

______________________________


Onderstreep 2 **veelvoudige sin** in die berig met blou en skryf een van die sinne neer.

______________________________

______________________________

Vind die **meervoude** in die berig en voltooi die tabel. Dui aan in watter **vokaalgroep** elke woord val: 1, 2 of 3.

| Enkelvoud | Meervoud | Vokaalgroep |
|---|---|---|
| troue | | |
| dag | | |
| jaar | | |
| begrafnis | | |
| vrou | | |



# Nuus oor Nothembi






Lees die teks in die raampies en beantwoord die vrae. Kyk na die hele berig oor Nothembi om die antwoorde op te spoor.

***Die hoofopskrif of kopopskrif van 'n koerantberig bestaan gewoonlik uit net vier of vyf woorde. Dit probeer die belangstelling van lesers prikkel deur kortliks en op 'n interessante manier vir lesers te sê waaroor die storie handel.***

Wat is die hoofopskrif van die berig?

Hoeveel woorde bevat die hoofopskrif?

***Die naamreël sê vir ons watter verslaggewer die berig geskryf het.***

Wie het hierdie berig geskryf? Wie is die verslaggewer of joernalis?

***Die inleiding is die kernparagraaf. Dit bepaal die toneel en gee 'n opsomming van die hoofpunte van die berig deur antwoorde op die vrae wie, wat, wanneer en waar te gee.***

Oor wie handel die berig?

Wat het gebeur?

Wanneer het dit gebeur?

Waar het dit gebeur?

***Die hoofdeel van die berig beantwoord vrae oor hoe en waarom.***

Wat weet jy nou nog van Nothembi?

***Soms bevat berigte die woorde van iemand soos 'n ooggetuie of 'n kundige. Dit word tussen aanhalingstekens geplaas.***

Bevat die berig aanhalings?

Wat is gesê?

Wie het dit gesê?

***Daar is 'n foto met 'n subopskrif (byskrif) by die berig.***

Beskryf die prent en skryf die woorde van die subopskrif neer.

Datum:




Verbeel jou dat Nothembi jou leer hoe om kitaar te speel, en dat julle goed bevriend raak. Jy word gevra om 'n berig oor haar vir jou skoolkoerant te skryf.

- Voorsien jou berig van 'n opskrif.
- Maak seker dat jy in jou eerste paragraaf die vier vrae oor wie, wat, wanneer en waar beantwoord.
- Voeg meer inligting oor Nothembi in die tweede en derde paragraaf by. In hierdie paragrawe behoort jy vrae oor hoe en waarom te beantwoord.
- Moenie vergeet om die direkte rede te gebruik om die berig interessanter te maak nie.
- Teken dan 'n prent van Nothembi en gee dit 'n byskrif.



ONDERWYSER: Teken Datum

# Sy vlieg deur die lug







Werk in jul groepe.

Kyk na die prente. Waaroor dink jy gaan hierdie berig handel?

Dink jy dis belangrik om jongmense wat goed in sport vaar, te ondersteun? Sê waarom jy so dink.

Indien jy 'n verslaggewer was, oor watter sportaktiwiteite sou jy verslag doen? Sê waarom.



**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

# Edith Moetsi – gimnas en tuimelaar

*deur Dani Moeng*

**Matte is langs die muur van die gimnasium by die Kultuursentrum in Polokwane uitgesit. Aan die een kant van die vertrek is 'n hoë balk. 'n Springplank en 'n perd staan aan die anderkant. Bo ons koppe tol en tuimel 'n jong meisie deur die lug. Haar naam is Edith Moetsi.**

Die gimnasium vorm sedert 2001 deel van Edith se lewe. Sy het ontwikkel van 'n 11-jarige meisie met drome en geen opleiding, in 'n gimnas en tuimelaar wat aan internasionale kompetisies deelneem.

"Ek het 'n paar weke nadat die gimnasium in Polokwane geopen is, begin oefen," sê Edith. "Ek wou gimnastiek doen, want ek was moeg daarvoor om ledig rond te lê."

Edith se afrigter het haar begin afrig deur vir haar wawiele te laat doen en haar op 'n wipmat te laat spring. Baie gou het sy egter bollemakiesies en flik-flakke begin uitvoer. Sy het nooit 'n oefensessie misgeloop nie, tensy sy vir 'n eksamen moes leer.

Vandag neem Edith aan kompetisies dwarsoor die wêreld deel – in Hongarye, Nieu-Seeland en Holland.

Edith het ook as 'n nasionale tuimelbeoordelaar en as 'n beoordelaar vir vrouegimnaste in die Limpopoprovinsie gekwalifiseer.

Sy het in 2008 gematrikuleer en beplan om argitektuur (die ontwerp van geboue) aan 'n universiteit te studeer. "Ek het egter so 'n blink toekoms as tuimelaar dat ek dalk 'n bietjie sal wag voordat ek universiteit toe gaan," sê sy.

Edith is ook 'n belowende kunstenaar en musikant. Sy het al toekennings vir haar sketse ontvang, en sy het in haar skoolorkes gespeel. "Dit voel lekker om die dinge te kan doen wat ek geniet," sê sy. "Ek het nooit gedink dat ek so ver sou vorder nie. Ek het vir die pret gimnastiek begin doen. My sukses is aan harde werk te danke."

Datum:

NUWE WOORDE



## Ons skryf

Hoe het Edith se lewe verander sedert sy gimnastiek begin doen het?


Waarom het sy gimnastiek begin doen?



Watter ander talente het sy?

Wat beskou sy as die hoofrede vir haar sukses?

Waarom is die opskrif in groot, vet letters gedruk?



Waarom is die eerste paragraaf vetgedruk?

Waarom dink jy word Edith se naam aan die einde van die eerste paragraaf gebruik, en nie aan die begin nie?

Wie het die berig geskryf?



Waar dink jy sou 'n mens hierdie soort berig aantref?

1. Koerant
2. Storieboek
3. Digbundel

Waarom sê jy so?

Onderstreep die **selfstandige naamwoorde** in die berig met rooi en die **byvoeglike naamwoorde** met blou, en omkring die **lidwoorde** met groen.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 22 Meer oor Edith






Ons skryf

Kyk weer na die storie oor Edith.

Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe Edith ontwikkel het van die tyd toe sy met gimnastiek begin het totdat sy 'n beoordelaar geword het. Skryf drie sinne.







Ons skryf

Kyk na hierdie hoofopskrifte en na die name van sportsoorte.

krieket

sokker

rugby

swem

a. Kies die sportsoort wat by elke koerantopskrif pas.

b. Verbeel jou dat jy 'n koerantberig vir elke opskrif moet skryf. Skryf die hoofsin (kernsin) vir elke berig. Die hoofsin sê vir ons waaroor die berig handel. Dit gee vir ons die belangrikste feite.



**Voorbeeld**

Hoofopskrif: MALAN VERBETER NAELLOOPREKORD

Sport: *Atletiek*

Hoofsin: *Gisteraand het naelloopkampioen Speedy Malan die Suid-Afrikaanse 100 meter-naellooprekord by die kampioenskap in Port Elizabeth verbeter.*



Datum:

PAALTJIES KANTEL OP DIE EERSTE DAG

Sport:

Hoofsin:

RACHEL MOKER HAAR PAD NA WIMBLEDON SE HALFEINDSTRYD OOP

Sport:

Hoofsin:

MEISIE BREEK VRYSLAGREKORD

Sport:

Hoofsin:



**Ons skryf**

Onderstreep al die **werkwoorde** in die opskrifte hierbo.

Skryf nou aparte sinne waarin jy die werkwoorde in die **verlede tyd** gebruik en onderstreep die **voorvoegsels** in jou sinne.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 23 Dis jou beurt om joernalis te wees




Het jou skool 'n skoolkoerant? Indien wel, watter soort berigte verskyn daarin? Indien nie, dink jy dis belangrik dat 'n skool 'n koerant moet hê? Bespreek dit in groepsverband.








## Edith tuimel in die kalklig in

*JJ Dippenaar*

Gimnas Edith Moetsi, wat byna onbekend was voordat sy haar medalje verlede maand by die Statebondspele verower het, gaan na verwagting die groot trekpleister by die jaarlikse Suid-Afrikaanse Bumbo-gimnastiekbeker wees. Dit is die grootste gimnastiekkompetisie in Suid-Afrika elke jaar.

Die kompetisie vind vroeg volgende maand plaas, en Moetsi sal teen internasionale gimnaste van topgehalte meeding.

Moetsi, 18, van Polokwane in Limpopo, is by die Statebondspele naelskraap in die vrouetuimel-eindstryd geklop. Desnieteenstaande het haar prestasie haar posisie op die Suid-Afrikaanse sporttoneel klinkend bevestig.

Moetsi het as 11-jarige besluit om gimnastiek te begin doen toe sy die Olimpiese Spele wat in Syndney gehou is, op TV gesien het. Afrigter Marie Slabbert het tydens liggaamsopvoedingsklasse by die skool opgemerk dat Moetsi talent openbaar, en het Moetsi onder haar vlerk geneem.

Moetsi het in 2011 nasionale artistieke gimnastiekkampioen geword en gespesialiseer in tuimel, waarin sy sesde in die wêreld geplaas word.

Sy woon saam met haar moeder, grootmoeder, 'n tante en twee susters in Polokwane.

"My ouma en my tannie is my rolmodelle – die mense wat ek bewonder. Hulle het my gehelp om te kom tot waar ek nou is," sê sy.

Sy gaan graag saam met haar maats fliek, maar sê dat sy fokus op haar loopbaan as gimnas en verskeie ure per dag oefen.

Hoewel sy dwarsoor die wêreld aan kampioenskappe deelneem, is haar belangrikste doelwit nou om aan die volgende Olimpiese Spele deel te neem.

"Ek werk regtig hard om dit reg te kry," sê sy.



Datum:




Vaar Edith goed in gimnastiek? Sê waarom jy so dink.

Sy is naelskraap in die eindrondte geklop. Watter plek het sy verower en watter medalje het sy ontvang?

Wat is die onderwerpsin (hoofsin) van die eerste paragraaf? Skryf dit neer.

Verduidelik in jou eie woorde wat die hoofopskrif beteken.

Wie was die verslaggewer (joernalis)?

Wat is 'n rolmodel? Wie is Edith se rolmodelle?

Wie is jou rolmodel? Sê waarom.




Gebruik hierdie woorde om die vrae te voltooi. Moenie vergeet om elke sin met 'n hoofletter te begin nie.

wie · waar · hoeveel · waarom · watter

______ is Edith gebore?

Aan ______ sportsoort neem sy deel?

______ oefen sy elke dag?

Saam met ______ mense woon sy?

______ is haar rolmodelle?




ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 24 Skryf nog 'n berig

**Ons skryf**

Werk in julle groepe. Voltooi 'n breinkaart (geheuekaart) om julle te help om 'n koerantberig (artikel) oor Edith Moetsi te beplan wat julle vir jul skoolkoerant gaan skryf.




**Ons skryf**

Bespreek die berig in groepsverband.

Voorsien jou berig van 'n opskrif. Maak seker dat jy in jou eerste paragraaf (kernparagraaf) die vier vrae oor wie, wat, wanneer en waar beantwoord.

Voeg meer inligting oor Edith in die tweede en derde paragraaf by. Beantwoord die vrae hoe en waarom. Moenie vergeet om direkte rede te gebruik om jou skryfwerk interessanter te maak nie.

Sluit die berig in die laaste paragraaf af.

Jy kan ook 'n prent van Edith teken en 'n byskrif (subopskrif) daarby skryf.



Datum: 



Ons skryf

Skryf hierdie sinne oor en voorsien hulle van die nodige hoofletters, leestekens (. , ! ?) en skryftekens (- ‘ “ “).

ek werk regtig hard om dit gou gou reg te kry sê sy

is dit waar dat sy by haar peetmas bly

juffrou slabbert beveel haar jy moet elke dag oefen



Ons skryf

Gebruik die **lidwoorde** **’n** of **die** om die sinne te voltooi.

Ons gebruik **die** wanneer ons van ’n spesifieke ding of persoon praat, en **’n** wanneer ons van iets in die algemeen praat.

______ hoofstad van Limpopo is Polokwane.

Nothembi is op ______ plaas gebore.


Edith was ______ beste gimnas in haar skool.



Ons skryf

Voltooi die tabel deur **sinonieme** vir hierdie woorde in te vul.

| | |
|---|---|
| geheuekaart | |
| verslaggewer | |
| kernparagraaf | |
| subopskrif | |



Verbind die idioom met sy betekenis.

| | |
|---|---|
| Aan die kortste end trek. | Dis baie warm. |
| Die nuus wyd en syd versprei. | Die slegste daaraan toe wees. |
| Die kraaie gaap. | Die nuus oral versprei. |

# 25 Die mier en die duif

'n **Fabel** is 'n verhaal wat 'n moraal inhou en vir ons 'n sedeles leer. Die karakters is dikwels diere. Die storie is baie kort. Een dier is gewoonlik ydel of trots, en 'n ander dier wys vir hom of haar dat hierdie gedrag nie moreel aanvaarbaar is nie.

**Ons praat** Werk in groepsverband.

Dink jy diere help mekaar?
Kan 'n klein diertjie 'n groot dier help?
Kan 'n klein mensie 'n groot mens help?
Dink jy diere praat met mekaar? Sê waarom jy so dink.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**Ons lees**

## Die mier en die duif




Een warm dag sit 'n mier langs 'n rivier. "Hoe **heerlik** sou dit nie wees om te swem nie," dink sy. Sy steek een toon in die rivier in, toe nog een en nog een. **Meteens** val sy pens en pootjies in die water in! Die water vloei so sterk dat sy nie kan uitkom nie.

"Help!" roep sy. "Ek verdrink!" Niemand hoor haar egter roep nie. Net toe die mier seker is sy verdrink, vlieg 'n duif oor haar kop verby. Sy sien dat die mier in **gevaar** verkeer en laat 'n blaar in die water val. Die blaar **dryf** soos 'n bootjie, en **dankbaar** klim die miertjie daarop.

"Baie dankie, Duif – eendag sal ek jou dalk help!"

Die duif lag. "Jy is te klein om my te help, miertjie," antwoord sy. En toe vlieg sy weg.




Baie maande gaan verby. Toe, eendag, sien die mier die duif in 'n boom sit.

Voordat sy egter "hallo" kan sê, kom 'n man met 'n pyl en boog daar aan. Hy maak hom klaar om die duif te skiet. Blitsvinnig klim die miertjie teen die man se been op en byt hom so hard sy kan. "Eina!" skree die man en laat die pyl val.

"Baie dankie!" roep die duif terwyl sy wegvlieg. "Jy mag klein wees, maar jy't my lewe gered!"



Datum:



## Ons skryf

Waarom wou die miertjie graag swem?

Wat het met haar gebeur?

Hoe het die duif haar lewe gered?

Hoe het die miertjie die duif se lewe gered?

Dink jy die gebeure in hierdie storie het regtig gebeur? Sê waarom.

In watter seisoen van die jaar dink jy het hierdie storie hom afgespeel? Kies 'n seisoen en omkring dit.

| lente | herfs | somer | winter |
|---|---|---|---|

Waarom dink jy so?

Die storie is 'n fabel. Wat is 'n fabel? Omkring die nommer langs die korrekte antwoord.

1. 'n Storie met dierekarakters wat vir ons 'n les leer
2. 'n Storie van gode en helde
3. 'n Kort briefie



Wat dink jy leer hierdie fabel ons?

Lees weer die vraagsinne boaan die bladsy. Onderstreep dan die **werkwoorde** in die leesstuk met rooi en die **voegwoorde** met blou, en omkring die **voornaamwoorde** met groen.



## Ons skryf

Verbind die woorde links met hul betekenisse regs.

| | |
|---|---|
| heerlik | skielik |
| meteens | aangenaam, lekker |
| gevaar | baie bly en verlig |
| dryf | bedreiging |
| dankbaar | bo-op water voortbeweeg |

# Dink na oor die mier en die duif



Ons skryf

Kies drie woorde wat die mier beskryf en omkring hulle.

lafhartig

laf

stout

ydel

sagmoedig

dapper

waaghalsig

Gebruik die woorde nou om drie sinne te skryf.

Ons skryf

Lees die fabel van die mier en die duif nog 'n keer en vul dan hierdie inligting in.



Die titel van die fabel

Die agtergrond van die fabel

Die karakters in die fabel

Die konflik in die fabel

Die oplossing

Die sedeles of moraal



Datum:



## Ons skryf


Jy gaan nou jou eie fabel skryf. Kies een van die diere in wiel 1, kies sy karaktereienskappe (wat die dier beskryf) uit wiel 2, en kies die sedeles of moraal van die storie uit wiel 3.














| | |
|---|---|
| Dier: | |
| Karaktereienskappe: | |
| Sedeles: | |

Jy gaan jou fabel later op werkkaart 30 skryf.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 27 Die hardwerkende mier



Ons praat

Werk in groepsverband.


Werk miere alleen of in groepe?
Watter voordele dink jy hou samewerking in?
Het julle miere in julle huis? Waarna soek hulle?
Wat gebeur wanneer jy probeer keer dat miere die kos bereik deur hulle pad te versper?

Ons lees

## Mier tot mier

Hoe **kommunikeer** miere met mekaar? Hulle kan nie praat nie, maar hulle het nodig om mekaar te vertel wat gebeur. Hoe doen hulle dit? Hulle gee 'n spesiale reuk af.

Jy eet 'n toebroodjie. Broodkrummels val op die vloer. Jy dink dat dit nie saak maak nie, omdat daar geen miere is nie. Maar wag 'n bietjie! Een of twee miere het op die krummels afgekom. Wel, dis geen probleem nie, want 'n paar miere maak tog nie saak nie. Jy sien egter dat die miertjies hul **antennes** wikkel.



Skielik draf een van hulle weg en verdwyn. Die **verkenner** het kos gekry, en hy gaan die **mierkolonie** daarvan vertel. Hy moet egter onthou hoe om weer by die kos uit te kom. Hy laat nie voetspore agter nie, maar hy laat 'n reukspoor agter.

Wanneer die verkenner by die nes aankom, vertel hy die ander miere met sy reuk dat hy kos gekry het. Nou is daar groot opgewondenheid. Gou-gou vertrek hulle op 'n drafstap agter die verkenner aan, al met die reukspoor langs. Meteens is daar 'n lang ry miere oor die vloer. Daardie broodkrummels is op pad nes toe.

Onderstreep 2 **vraagsinne** in die leesstuk met rooi en een **uitroepsin** met blou.



Datum:

**Ons skryf**

Hoe "praat" miere met mekaar?

Hoe vind hulle hulle pad na die nes toe terug?

Dink jy miere is skoon of vuil goggas? Sê waarom jy so dink.

In watter opsig verskil hierdie gedeelte oor miere van die fabel?

**Ons skryf**

Verbind die woorde links met hul betekenisse regs.

| | |
|---|---|
| kommunikeer | iemand wat gestuur is om inligting te versamel |
| antennes | 'n groot groep miere wat saamwoon |
| verkenner | praat |
| mierkolonie | die voelers op 'n insek se kop |

**Ons skryf**

Gebruik hierdie **voornaamwoorde** om die sinne te voltooi.

jy sy haar hy hulle

Voornaamwoorde staan in die plek van name.

Miere kan nie praat nie. ______ gebruik hul antennes om te kommunikeer.

Wanneer ______ krummels laat val, tel miere dit op.

Die verkenner het kos gekry, en ______ gaan die mierkolonie daarvan vertel.

Die mierkoningin woon in die mierkolonie. ______ is die belangrikste mier.

Al die miere werk hard vir ______.

**Ons skryf**

Hierdie woorde is uit die fabel geneem. Lees die woorde en voltooi die tabel. Dui die stamwoorde aan. Is die woorde afleidings of samestellings? Verdeel die woorde in lettergrepe.

| Woord | Stamwoord | Afleiding of samestelling? | Lettergrepe |
|---|---|---|---|
| afgekom | | | |
| broodkrummel | | | |
| miertjies | | | |
| reukspoor | | | |

Onthou jy nog hoe woorde gevorm word? Ons kry:

- **Die basis- of stamwoord** – die kleinste vorm van die woord.
- **Afleidings** (basis + voorvoegsel en/of agtervoegsel)
- **Samestellings** (basis + basis)

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 28 Kry die storie agtermekaar

Ons skryf

Fabels maak van diere en dierehoedanighede gebruik om mense en hul karaktereienskappe uit te beeld.




Kyk weer na die wiel van diere in werkkaart 26. Kies 'n dier wat baie met jou ooreenstem, en skryf 'n beskrywing van jouself as daardie dier. Indien jy byvoorbeeld dink dat jy soos 'n mier is, kan jy skryf hoe hard jy werk en hoe goed jy met ander saamwerk.



Ons skryf

Die doel van 'n fabel is om 'n sedeles te leer. Bespreek dit in groepsverband. Praat oor wat dit beteken om raad te gee. Bespreek die volgende vrae en skryf dan jou antwoorde neer.



Wanneer sou jy raad van iemand wil hê?

Wanneer sou jy nie raad van iemand wil hê nie?

Wat sou jy doen indien jy 'n maat raad wil gee, maar hy of sy dit nie wil hê nie?

Vertel vir jou maat 'n storie wat jy ken wat 'n moraal of sedeles bevat of wat raad gee. Skryf die storie dan kortliks neer.



Datum:



Ons skryf

Verbind hierdie sinne. Gebruik die voegwoorde in die raampies.

want | maar | en

Voorbeeld

Die duif het 'n blaar in die water laat val. Sy wou die mier help.

Die duif het 'n blaar in die water laat val, want sy wou die mier help.

Die mier het warm gekry. Sy wou swem.

Die man het 'n pyl en boog gehad. Hy wou die duif skiet.

Die duif het gelag. Sy het nie gedink dat 'n mier haar sou kan help nie.

Die man het die duif byna geskiet. Die mier het hom gebyt.



Ons skryf

Plaas hierdie sinne in die regte volgorde om 'n paragraaf te vorm.

Die mier het gedink sy verdrink en het om hulp geroep.

Op 'n warm dag het 'n mier besluit om haarself in die rivierwater af te koel.

"Moenie bekommerd wees nie," het die duif geroep. "Ek sal jou help."

Ongelukkig het sy te ver vooroor geleun en in die water geval.

"Dankie, jy het my lewe gered," het die mier geroep. "Eendag sal ek jou dalk help."

Sy het 'n blaar in die rivier laat val.

Die mier het die blaar as 'n bootjie gebruik.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# Die leeu en die muis



**Ons praat** Bespreek hierdie vrae in jul groepe.

- Dink jy 'n klein diertjie kan 'n groot dier help? Hoe?
- Ken jy enige storie waarin 'n klein mensie 'n groot mens oorwin?
- Dink jy grootte is altyd belangrik? Gee redes vir jou antwoord.
- Het jy al ooit 'n ander mens of 'n dier gehelp?
- Vertel vir die klas wie jy gehelp het, en hoe jy die persoon of die dier gehelp het.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.



**Ons lees**

Eendag het twee klein, grys muisies staan ek kyk hoe 'n groot, kwaai leeu in die son lê en slaap. "Hardloop oor sy neus," sê die een. "Kyk of hy wakker word!"

Toe hardloop die lawwe muisie oor die leeu se **snoet**, en wat gebeur? Natuurlik word die leeu wakker en gryp die muisie in sy groot poot vas.

Die **enorme** leeu is vies en op die punt om die piepklein muisie op te vreet. "Moet my asseblief nie eet nie, leeu," smeek die bibberende muisie. "Eendag sal ek jou help!"

Die leeu lag. "Jy? Jy is te nietig om enigiemand te help, klein muisie! Jy kan my nie help nie!"

Hy is egter nie regtig honger nie, daarom laat hy die muisie los.

Eendag kort daarna, draf die leeu deur die veld sonder om mooi te kyk waar hy trap. Skielik val hy vas in 'n **valstrik** wat mans gestel het om 'n bok te vang. Dit is 'n groot net, en die leeu sit stewig daarin vas. Hy kan nie beweeg nie, maar hy kan brul.



"Help! Help! Help!" brul hy. "Red my uit hierdie strik!"

'n Bok stap verby. "Ek sal jou nie help nie," sê die bok. "Jy het verlede week my broer opgevreet."

'n Hasie hop verby. "Ek sal jou nie help nie," sê die hasie. "Jy het verlede week my ma opgevreet."

Toe kom die klein, grys muisie daar aan. "Jy het my verlede week nie opgevreet nie," sê sy. "Ek sal jou help."

Datum:

Toe begin die muisie aan die net knaag. Sy knaag en knaag en knaag. Teen laat die middag is die gat in die net groot genoeg dat die leeu kan loskom.

"Baie dankie, maatjie. Nou weet ek dat selfs klein diertjies groot diere soos ek kan help."

Verdeel die onderstreepte woorde in lettergrepe, bv. muisies, mui/sies.





Ons skryf

Bespreek die storie in jul groepe, en beantwoord dan hierdie vrae.

Dink jy dit kan 'n ware verhaal wees hierdie? Sê waarom jy so dink.

Watter titel sou jy vir hierdie storie gee?

'n Fabel is 'n storie wat ons 'n sedeles leer. Dink jy die storie van die leeu en die muis leer ons 'n les? Watter les dink jy leer dit ons?


Kyk na hierdie **spreekwoorde** en sê watter een by die storie pas. Maak 'n regmerkie langs die regte een.

| | |
|---|---|
| | Moenie slapende honde wakker maak nie. |
| | As twee hande mekaar was, word albei skoon. |
| | Wanneer die kat weg is, is die muis baas. |
| | Die doel heilig die middele. |

**Figuurlike taal** is woorde en frases wat gebruik word om 'n spesifieke effek te bereik, bv. personifikasie, vergelykings en metafore.

Gee **sinonieme** vir die woorde uit die fabel.

| | |
|---|---|
| neus | |
| groot | |
| wip | |



# Ons dink na oor die leeu en die muis



Ons skryf

Verbind die eerste helfte van elke sin met die korrekte tweede helfte. Skryf al die sinne dan in die spasie hieronder oor.

| | |
|---|---|
| Die enorme leeu | dat haar lewe gespaar moes word. |
| Die piepklein muisie het gesmeek en gesmeek | ’n goeie stel skerp tandjies. |
| Die leeu het in ’n valstrik getrap omdat | het heerlik in die son lê en slaap. |
| Die muisie het iets van waarde gehad: | omdat hy so trots en eiewys was. |
| Die leeu moes om verskoning vra | hy nie mooi gekyk het waar hy trap nie. |


Ons skryf

Vluglees die fabel oor die muis en die leeu, en doen dan die volgende:

- Onderstreep ’n woord wat **kwaad** beteken.
- Omkring ’n woord wat **bewend** beteken.
- Kleur ’n woord in wat beteken om **klein bietjies op ’n slag te kou**.
- Maak ’n X langs ’n woord wat **’n groot oop stuk grond** beteken.
- Maak ’n regmerkie by ’n woord wat **pleit** beteken.







Datum:




Kyk weer na werkkaart 26, en gebruik die dier, sy karaktereienskappe en die moraal of sedeles wat jy toe neergeskryf het. Voltooi dan die werkkaart hieronder.



**Titel van fabel**

**Karaktereienskappe**

**Agtergrond**

**Gebeure**

1.
2.
3.
4.
5.

**Moraal**

ONDERWYSER: Teken Datum

# Meghan resenseer 'n fabel






Ons lees

***Die Leeu en die Muis***

deur Jerry Pinkney

Geresenseer deur Meghan Cox Gurdon



Die pragtige waterverfprente in hierdie wonderlike nuwe weergawe van die Aesop-fabel het pas vir Jerry Pinkney die 2009-Caldecott-medalje vir die voortreflikste Amerikaanse prenteboek besorg.

Die Leeu en die Muis vertel weer die klassieke verhaal van 'n koninklike leeu wat die lewe van 'n muis spaar en later, wanneer hy in 'n strik vasval, beloon word wanneer die piepklein muisie deur die toue knaag om hom vry te stel. Hierdie meesal woordlose weergawe vind plaas op die Serengeti-vlakte, 'n natuurlike gebied wat wemel van voëls, diere en pragtig getekende insekte. Ons sien dat die leeu ongetwyfeld oor alles heers: wanneer hy op koninklike wyse deur die goue grasveld beweeg, draai die kameelperde en olifante hul koppe om hom dop te hou. Maar gevaar lê vir hom en wag in die vorm van jagters in kakie geklee. Die mans stel hulle strik, en ons sien hoe die twee groot pote noodlottig oor 'n verskuilde tou trap. Wanneer die leeu se beangste "BBBRRUULL …" die ore van die muis bereik, haas sy haar om hom te gaan help. Dadelik begin sy aan die net knaag terwyl die hulpelose gevangene haar dophou.

Kinders tussen 6 en 11 sal veral die huislike aanslag waardeer wat die hoog aangeskrewe meneer Pinkney by sy bekende verhaal gevoeg het. Dit blyk dat beide die leeu en die muis jong gesinne het. Op die laaste bladsye sien ons die genotvolle gesig van die groot kat wat met sy leeuwyfie en welpies stap, 'n hele muisgesin op sy breë rug.



Ons praat



- Wie het die boekresensie geskryf, en wie het die prente geteken?
- Waarom het hierdie boek 'n medalje verower?
- Waar speel die storie hom af?
- Op watter ouderdomsgroep is hierdie boek gerig?
- Met watter gevaar het die diere te kampe gekry?
- Hoe verskil hierdie fabel van die leeu en die muis van die vorige een wat jy gelees het?
- Van watter weergawe hou jy die meeste? Sê waarom jy so dink.

Datum:

Teken 'n prent wat by die boekresensie pas.




Ons skryf

Verbind die eerste helfte van elke spreekwoord met die laaste helte daarvan.

| | |
|---|---|
| Land en sand | in 'n bynes steek. |
| Vir iemand 'n klip | is deur die kerk. |
| Jou kop | hoe minder spoed. |
| Die oggendstond | uit die pad rol. |
| Die koeël | het goud in die mond. |
| Hoe meer haas | aanmekaar praat. |

Ons skryf

Skryf nou twee van jou eie spreekwoorde neer.



Ons skryf

Skryf die volgende sinne uit die teenwoordige tyd in die verlede tyd oor.

Die mans stel 'n strik vir die leeu.

Die muis knaag aan die net.


ONDERWYSER: Teken Datum

# 32 Die beste fabel van almal




Kyk na werkkaart 29. Kyk na die prent van die muis wat die leeu uit die valstrik red.

Skryf in die praatborrels wat jy dink hulle vir mekaar sê.






Skryf jou eie fabel oor 'n muis wat 'n leeu help. Beplan jou fabel deur die grafiese organiseerder te voltooi. Vul kernwoorde onder die onderskeie opskrifte in.

Onthou die stappe van die skryfproses:
1. Gebruik grafiese organiseerders om te beplan.
2. Skryf eerste weergawe.
3. Hersien skryfstuk - korrigeer spelling en punktuasie.
4. Proeflees skryfstuk.
5. Skryf finale weergawe en bied aan.

**Titel**

**Inleiding**, waar jy die agtergrond skilder

Die **hoofdeel**, waarin jy die storie vertel (Maak seker dat die leeu en die muis met mekaar praat.)

**Slot**, waarin jy verduidelik hoe die probleem opgelos word.

Ons skryf Skryf nou jou eie fabel.

**Onderwysersnota**
Raadpleeg u Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Afrikaans Huistaal vir Kwartaal 1, Week 9-10, bl. 54.

# Ons maak seker

| Ek kan | ☺ | ☹ |
|---|---|---|
| 'n koerantberig lees. | | |
| vrae oor die koerantberig beantwoord. | | |
| die betekenis van woorde identifiseer. | | |
| voorsetsels gebruik. | | |
| verbindingswoorde gebruik. | | |
| beskrywende sinne skryf. | | |
| oor 'n prent praat. | | |
| met die teenwoordige, verlede en toekomende tyd werk. | | |
| my mening gee. | | |
| antonieme en sinonieme identifiseer. | | |
| onderwerpsinne identifiseer. | | |
| 'n artikel skryf. | | |
| 'n paragraaf skryf. | | |
| 'n artikel beplan. | | |
| woorde in letter- en klankgrepe verdeel. | | |
| sinne met behulp van bepaalde en onbepaalde lidwoorde voltooi. | | |
| stamwoord, afleidings en samestellings aandui. | | |
| die eienskappe van 'n fabel bespreek. | | |
| 'n fabel lees. | | |
| vrae oor 'n fabel beantwoord. | | |
| die verskille tussen 'n werklike en 'n denkbeeldige verhaal identifiseer. | | |
| sinsoorte identifiseer. | | |
| woorde met hul betekenisse verbind. | | |
| 'n beskrywing skryf. | | |
| die sedeles van 'n fabel identifiseer. | | |
| voornaamwoorde gebruik. | | |
| sinne met byvoeglike naamwoorde en bywoorde skryf. | | |
| voegwoorde gebruik. | | |
| inligting in die korrekte volgorde plaas. | | |
| met spreekwoorde werk. | | |
| 'n resensie lees. | | |
| teks vluglees. | | |
| 'n fabel beplan en skryf. | | |
| meervoudreëls toepas. | | |
| die direkte rede gebruik. | | |



Inhoud



# Tema 3: Inligting in aksie


## Gee en volg instruksies
## Kwartaal 2: Week 1 – 2

**33 Ons lees etikette 70**

Werk in 'n groep.
Gesels oor verskillende soorte etikette.
Bespreek waarom dit belangrik is om gebruiksaanwysings versigtig te lees.
Lees 'n etiket vir 'n energiedrankie.
Beantwoord vrae op grond van die etiket.
Verbind woorde met hul betekenisse.

**34 Vind meer uit oor aanwysings 72**

Kies die inligting wat pas.
Identifiseer die gebiedende wyse.
Gebruik die gebiedende wyse in eenvoudige sinne.
Gebruik leestekens korrek.
Gebruik bywoorde van tyd, wyse, plek en graad.

**35 Maak iets om te eet 74**

Lees 'n resep.
Volg aanwysings om 'n vrugteskommel te maak.
Beantwoord vrae oor die resep.
Verduidelik stappe om 'n skommel te maak met behulp van verbindingswoorde soos eers, dan, daarna en laastens.
Kombineer enkelvoudige sinne om veelvoudige sinne te vorm met behulp van nadat, alhoewel, omdat en toe.

**36 Nog oor voedsel 76**

Gee aanwysings met behulp van die gebiedende wyse: gaan, soek, maak.
Volg aanwysings in 'n e-pos oor hoe om koekies met snaakse gesiggies te maak.
Stuur 'n kort boodskap per SMS.
Skryf afkortings uit: ℓ, ml, e., g, kg.

**37 'n Pot sop 78**

Gesels oor 'n prent.
Lees 'n storie met die titel "Klipsop".
Doen oefeninge met sinonieme, antonieme, homofone en homonieme.
Beantwoord vrae oor die storie.
Gee redes.
Identifiseer stappe vir die maak van die sop.
Identifiseer die resultaat.

**38 Sop, sop, wonderbaarlike sop! 80**

Kies 'n sopgereg wat tuis geëet word.
Skryf 'n lys bestanddele wat vir die sop gebruik word.
Skryf aanwysings met behulp van die gebiedende wyse, soos meng, kap en voeg.
Skryf die bestanddele en aanwysings op rofwerkpapier.
Verstaan die doel van die ellips aan die einde van 'n sin.
Skryf 'n slotparagraaf vir die storie oor die klipsop.
Werk in groepe om 'n toneelstuk te skryf.
Skryf 'n opsomming van die toneelstuk en gebruik opskrifte soos titel, milieu, karakters en intrige.

**39 'n Eksperiment met kleure 82**

Gesels in groepe oor reenboë en hul kleure.
Assesseer die toespraak wat die groep gelewer het.
Lees 'n eksperiment oor hoe om kleure voort te bring.
Kies 'n opskrif vir die eksperiment.
Identifiseer die gebiedende werkwoorde.
Voltooi 'n vloeidiagram.
Kyk na basisvorme, afleidings en samestellings.
Verbind woorde met hul sinonieme.
Skryf woorde in woordeboeke oor.
Skryf woorde in alfabetiese volgorde.
Vul die korrekte byvoeglike naamwoorde wat 'n reënboog beskryf in en gebruik byvoeglike naamwoorde in sinne.
Oefen die gebruik van die deelteken.

**40 Werk dinge uit 84**

Volg aanwysings.
Volg instruksies om 'n kostuum te teken.

## Onderhoude
## Kwartaal 2: Week 3 – 4

**41 En dit is mode 86**

Bespreek inligting in 'n groep.
Bespreek die soort vrae wat in 'n onderhoud gevra sou word.
Bespreek watter bykomende bronne 'n mens sou gebruik om inligting in te samel.
Lees 'n onderhoud.
Beantwoord spesifieke vrae.
Bepaal die doel van 'n onderhoud.
Werk met basisvorme, afleidings en samestellings.
Identifiseer die hulpwerkwoorde in die leesstuk.
Voorsien sinonieme en antonieme.

**42 Meer oor T-hemde 88**

Identifiseer onderwerp waaroor geskryf kan word.
Bepaal met wie onderhoude gevoer sou moet word.
Skryf oop en geslote vrae.
Lees 'n staafdiagram gebaseer op inligting.
Beantwoord vrae oor die diagram: beide oor die kernidee en oor spesifieke details.
Interpreteer en analiseer grafiese inligting.
Gee redes vir inligting.
Som inligting in 'n opname op.
Kyk na die gebruik van die koppelteken.

**43 Ons vind meer uit oor vlugbal 90**

Bespreek reëls in die bedrywende vorm.
Lees 'n teks oor vlugbal met opskrifte.
Identifiseer die bronne van die teks.
Gee redes vir antwoorde.
Voorsien die teks van 'n opskrif.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Skryf woorde in 'n woordeboek.
Plaas inligting in die direkte rede met die gebruik van die toepaslike aanhalingstekens.
Gebruik verbindingswoorde om die sinne in 'n paragraaf te verbind, en gebruik die toepaslike voornaamwoorde.

**44 Meer oor sport 92**

Skryf 'n gepaste slot.
Voltooi 'n tabel.
Gebruik 'n prentjie om die tabel te voltooi.
Voltooi 'n onderhoud met behulp van woorde soos wie, wat, waar en wanneer.
Som inligting op.
Kyk na die hulpwerkwoorde het en sal.

**45 Die dansende by 94**

Bespreek hoe belangrik dit is om in 'n groep saam te werk.
Lees 'n teks.
Beantwoord vrae oor die teks.
Bepaal die bron van die teks.
Dink aan uitdrukkings wat met bye of heuning te doen het.
Identifiseer die sinonieme van woorde.
Skryf woorde in woordeboek.
Verbind sinne.
Gebruik die lydende vorm.

**46 Ons dink na oor bye en heuning 96**

Orden inligting logies.
Gee 'n diagram byskrifte.
Skryf 'n feitelike paragraaf.
Skryf 'n onderwerpsin en ondersteunende sinne.
Skryf 'n verslag onder spesifieke opskrifte oor.
Identifiseer beskrywende byvoeglike naamwoorde, voornaamwoorde, werkwoorde en vraagwoorde.

**47 Die verstommende kangaroe 98**

Bespreek prente.
Lees 'n inligtingsteks oor die kangaroe.
Beantwoord spesifieke vrae oor die teks.
Verbind woorde met hul betekenisse.
Verander stellings met behulp van vraagwoorde in vrae.

**48 Ons dink na oor kangaroes 100**

Gebruik inligting uit die teks om 'n feitelike paragraaf te skryf.
Voltooi 'n teks met behulp van die direkte rede.
Skryf 'n verslag oor hom- of haarself met behulp van spesifieke opskrifte.
Gebruik uitroeptekens.

# 33 Ons lees etikette




**Ons praat** Werk in julle groepe.

- Gesels oor die verskillende soorte etikette wat ons kry: voedseletikette, klere-etikette en baie ander.
- Waarom is dit belangrik om die instruksies en inligting op etikette te lees?
- Wat dink jy sou kan gebeur indien ons nie al die instruksies op 'n etiket lees nie?
- Waar moet jy medisyne berg terwyl jy dit gebruik?
- Waarom is dit belangrik om die instruksies op medisyne-etikette behoorlik te lees?
- Waarom is dit belangrik om jou medisyne onder 'n volwassene se toesig te neem?



**Ons lees**



## Feitelike inligting

**Aktiewe bestanddeel (in elke pakkie)** Aktivoor
**Nut** Antioksidant

### Doel
Om energie te voorsien en die immuunstelsel te versterk.

### Bykomende inligting
- Aktivoor is 'n smaaklike **aanvulling**.
- Voorsien sorgvuldig **geselekteerde nutriënte** om energievlakke te handhaaf.
- Hou die selle gesond.

### Tydens gebruik van die produk
- Daaglikse inname verseker verhoogde energievlakke.

### Gebruiksaanwysings:

***Volwassenes en kinders ouer as 10 jaar***
Los die inhoud van die pakkie in 'n ¾ glas water op.
Roer en laat bruis voordat dit gedrink word.
Moenie meer as 1 sakkie per 24 uur gebruik nie.

***Kinders onder 10 jaar***
Los 'n ½ sakkie in 'n ¾ glas water op.
Roer en laat bruis voordat dit gedrink word.
Moenie meer as 'n ½ sakkie per 24 uur gebruik nie.

**Bykomende inligting**
Bewaar op 'n koel, droë plek onder 25 °C en hou buite bereik van kinders.
Inhoud voldoende vir 1 maand.

**Onaktiewe bestanddele: Geen**
Bevat geen stysel, laktose, suiker of preserveermiddels nie.

Datum:



**Ons skryf** Bespreek hierdie vrae in groepsverband, en skryf die antwoorde dan hier neer.

Wat beteken **feitelike inligting**? ______

Wat is 'n energiedrankie? ______

Waarom dink jy is die hoofopskrif op die etiket groter as die opskrifte van die onderafdelings?

______

Hoeveel afdelings bevat die etiket?

______

Te oordeel na die grootte van die letters, watter opskrifte is die belangrikste? Skryf een van hulle neer.

______

Watter opskrifte is die minste belangrik? Skryf een van hulle neer.

______

Wat is die dosis vir kinders?

______

Waarvoor sou 'n mens Aktivoor drink?

______

Hoe sal 'n mens voel nadat jy Aktivoor gedrink het?

______



**Ons skryf** Verbind die woorde met hul betekenisse.

| | |
|---|---|
| aktiewe | alles wat in die pakkie is |
| bestanddeel | uitgekies |
| aanvulling | voedsel |
| geselekteerde | element |
| voedingsmiddels | doeltreffende; werkende |
| inhoud | iets wat bykomend is |



# 34 Vind meer uit oor aanwysings




Kyk na hierdie aanwysings oor hoe om ’n gesondheidsdrankie te drink.

Verbind die hoofgedagte links met die inligting regs.

| | |
|---|---|
| Lees en volg **elke keer** die aanwysings op die etiket. | Moenie 'n gesondheidsdrankie koop of gebruik indien die verpakking beskadig is nie. |
| Maak seker hoeveel medisyne om te gee en wanneer. | Hou alle energiedrankies weg van klein kindertjies. Kinders mag dink dat dit koeldrank is en te veel daarvan drink. |
| Raadpleeg jou dokter. | As die etiket sê dat dit nie vir kinders onder 'n spesifieke ouderdom of gewig geskik is nie, moet dit nie aan kinders gegee word nie. |
| Gebruik aanbevole dosis volgens ouderdom en gewig. | Moet nooit meer as die aangeduide dosis neem omdat jy dink dit sal meer effektief wees nie |
| Let op die waarskuwing: "HOU BUITE BEREIK van kinders". | Lees en volg die etiket. Maak seker dat jy die afkortings vir **milligram** (mg) en **milliliter** (ml) ken. |
| Maak altyd seker dat die verpakking verseël is. | Skenk veral aandag aan aanwysings oor hoe om enige energiedrankie te gebruik. |




Ons gebruik werkwoorde soos **lees**, **ken**, **weet** en **volg** wanneer ons aanwysings gee. Hierdie werkwoorde verskyn in die gebiedende wyse of imperatief.

Onderstreep nou al die gebiedende **werkwoorde** (werkwoorde wat vir ons sê wat om te doen) in hierdie gedeelte.

## Tuisgemaakte energiedrankie

### Saliegranaat-groenteekoeldrank

**Aanwysings:** Laat 1 groenteesakkie 1–3 minute lank in ’n koppie warm water trek. Haal die teesakkie uit. Voeg 1 eetlepel granaatkonsentraat by. Versoet na smaak met heuning. Roer 1 eetlepel salie by. Laat 15 minute lank trek. Giet oor ’n koppie ys tot verkoel. Roer en geniet dit.

Datum:

Ons skryf

Die woorde hieronder verskyn in die gebiedende wyse. Bespreek in jou groep die soort sinne wat jy met hierdie woorde kan maak, en skryf die sinne dan in die spasies. Gebruik eenvoudige sinne, en maak seker dat die eerste woord met 'n hoofletter begin en dat die sin met 'n punt of uitroepteken afgesluit word.

**DIE GEBIEDENDE WYSE**

Ons gebruik die gebiedende wyse om 'n instruksie of bevel te gee, 'n waarskuwing of opdrag te gee, advies te gee of 'n voorstel te doen. Ons vorm die gebiedende wyse deur die infinitief van die werkwoord sonder die "om" te gebruik. 'n Gebiedende werkwoord word gewoonlik aan die begin van 'n sin geplaas.
Neem jou medisyne.
Sit op die stoel!
Pasop!

neem ______

gee ______

lees ______

staan ______

sluit ______

Ons skryf

'n **Bywoord** sê gewoonlik vir ons meer van die **werkwoord**. Daar word 3 tipes onderskei:

Werk in groepe. Kyk weer na die feitelike inligtingsblaadjie op bladsy 70 en onderstreep **een** bywoord van tyd, **twee** bywoorde van graad, **een** bywoord van wyse en **een** bywoord van plek.

**BYWOORDE VAN ...**

**Bywoorde van tyd** sê vir ons **wanneer** en hoe dikwels iets gedoen word: nou, vandag, nooit.
**Bywoorde van wyse** sê vir ons **hoe** iets gedoen word: pragtig, grasieus, swak, duidelik.
**Bywoorde van plek** sê vir ons **waar** iets gedoen word: bokant, onderkant, hier, daar, binnenshuis.
**Bywoorde van graad** sê vir ons **hoeveel** of **hoe min** van iets: baie, genoeg, byna.

Ons skryf

Maak jou eie sinne met hierdie woorde. Laat jou maat dit korrigeer nadat jy dit geskryf het.

vandag ______

bokant ______

baie ______

swak ______

dikwels ______

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 35 Maak iets om te eet




Ons lees




## Maak jou eie vrugteskommel

Dit is 'n baie warm Saterdagmiddag. Santjie is by die huis, en sy het pas haar huiswerk voltooi. Haar boetie en sussie is saam met haar ouers winkel toe. Sy weet hulle gaan baie warm kry wanneer hulle by die huis aankom. Wat kan sy doen om te help? Sy gaan kombuis toe en ontdek 'n wonderlike resep om heerlike, koue vrugteskommels te maak. Sy lees die resep vinnig deur, en besluit om haar boetie en sussie met vrugteskommels te verras wanneer hulle 5-uur by die huis kom.









### Bestanddele

- 1/2 koppie perskes, pynappels, aarbeie, mango's of pruime
- 1/2 koppie fyngemaakte piesang
- 3/4 koppie jogurt
- 1 koppie melk
- 1 eetlepel suiker





### Metode

1. Skil die vrugte af.
2. Sny die vrugte in klein stukkies.
3. Meng al die bestanddele in 'n mengbak saam.
4. Maak alles fyn totdat dit 'n dik, gladde vloeistof vorm.
5. Giet dit in 'n glas.
6. Verkoel dit in die yskas.





Ons skryf

Bespreek die antwoorde op hierdie vrae in groepsverband, en skryf hulle dan neer.



Hoe moet 'n mens die vrugte voorberei?

______________________________

Waarvan het jy die meeste nodig: melk of suiker?

______________________________

Hoeveel piesangs het jy nodig?

______________________________

Datum:

Voltooi hierdie sinne om die stappe te verduidelik wat Santjie moet volg om die vrugteskommels te maak.

Ons skryf

Die gesegde is die **werkwoorddeel** van die sin. Die hulpwerkwoord en die hoofwerkwoord vorm saam die gesegde.

Eers moet jy ...

Dan moet jy ...

Daarna moet jy ...

Laastens moet jy ...

Hoe sal Santjie die skommels bedien?

Hoe dink jy het haar boetie en sussie gevoel toe hulle tuis gekom het? Waarom sê jy so?

Ons skryf

Voeg hierdie **enkelvoudige** sinne saam om **veelvoudige** sinne te maak. Gebruik die woorde tussen hakies.

'n **Enkelvoudige sin** bevat 'n onderwerp, 'n gesegde en 'n voorwerp. Dit druk 'n volledige gedagte uit. *Santjie maak vrugteskommels.* **Saamgestelde sinne** bestaan uit 'n selfstandige sin met bepalings. (As die bepaling 'n hele sin is, praat ons van 'n bysin.) Onthou jy nog dat 'n byvoeglike naamwoord ons meer van 'n selfstandige naamwoord vertel? Nou ja, 'n **byvoeglike bepaling** (of byvoeglike bysin) vertel ons meer van die hoofsin (of die onderwerp van 'n sin). Net so vertel 'n bywoord ons meer van 'n werkwoord, en 'n **bywoordelike bepaling** ons meer van die **gesegde** (werkwoorddeel) van 'n sin. Ons gebruik die term **bywoordelike bysin** as dit nog 'n volledige sin is. Ons gebruik **voegwoorde (verbindingswoorde)** soos *omdat, aangesien, nadat, alhoewel, wanneer, dat, wie* of *wat* om die twee bysinne te verbind. *Santjie het die mengsel in 'n glas gegiet nadat sy dit gemeng het.*

Santjie skil die vrugte af. Santjie wil vrugteskommels maak. **(want)**

Santjie voeg suiker by. Santjie meng die vrugte. **(nadat)**

Santjie bly by die huis om haar huiswerk te doen. Sy wou graag winkel toe gaan. **(alhoewel)**

Santjie maak vrugteskommels. Dit is warm. **(omdat)**

Santjie het die vrugteskommels uit die yskas gehaal. Hulle was gereed. **(toe)**

ONDERWYSER: Teken Datum




Stel jou voor dat jy vir Santjie aanwysings moet gee oor wat sy moet doen voordat sy haar vrugteskommels kan maak. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

Eers gaan jy ... na die kombuis toe.



Soek dan na ... ______________________________

Later ... ______________________________

Maak laastens ... ______________________________




Kalim wil koekies met snaakse gesiggies maak. Hy skryf 'n e-pos aan sy onderwyser om haar vir aanwysings te vra. Lees die e-pos wat sy onderwyser vir hom stuur, en teken die gesiggie dan in die spasie wat voorsien is.

Aan: 'Thuli Ngoma' tn@lehobo.o .za

Van: ka lim@newtownka .o m    3 Maart 2015    14:22

Onderwerp: Veris eringa anwisy ngs

Middag Kalim

Hier is die **bestanddele** wat jy nodig sal hê en die **stappe** wat jy sal moet volg om die gesiggies te maak. Oefen om die gesiggie te teken voordat jy die versiering doen.

**Bestanddele**

- 2 koppies versiersuiker
- 2 eetlepels water
- geel, rooi of blou voedselkleursel
- 1 pakkie Mariekoekies
- 'n klein boksie Smarties
- 3 stukkies droplekkers
- 'n pakkie jelliebone
- sjokoladestrooisels

**Metode**

1. Sif 10 eetlepels versiersuiker in 'n mengbak. Voeg genoeg water by om 'n smeerbare pasta te maak.
2. Voeg 'n paar druppels geel, rooi of blou voedselkleursel by om die regte kleur vir die gesiggie te kry.
3. Gebruik 'n mes en smeer ongeveer 'n teelepel versiersuiker oor die koekie.
4. Gebruik een bruin Smartie en een blou Smartie vir die oë.
5. Sny 'n stukkie droplekker af en gebruik dit om 'n glimlaggende mond te vorm.
6. Gebruik 'n bolletjie groen versiersuiker vir die neus.
7. Gebruik sjokoladestrooisels vir die hare, baard en wenkbroue.
8. Onthou om dit eers op papier te teken en in te kleur voordat jy dit maak!

Alles van die beste!
Mev Ngoma

Stuur

Datum:



Ons skryf

Verbeel jou dat jy Kalim is en dat jy vir jou onderwyser 'n SMS stuur om haar te bedank.


Gebruik hierdie woorde in jou SMS.


















Ons skryf

Jou maat stuur vir jou bestanddele vir 'n resep. Sy gebruik afkortings. Skryf die afkortings uit sodat jou jong niggie die resep kan volg.



Bestanddele vir koekies
$\frac{1}{4}$ ℓ melk
2 ml water
6 e. suiker
1 t. kleursel
3 g sjokoladestrooisels

Hierdie resep maak 1 kg koekies.





ONDERWYSER: Teken | Datum

# 'n Pot sop




'n **Sinoniem** is 'n woord wat dieselfde betekenis as 'n spesifieke woord het, bv. prent – illustrasie.
'n **Antoniem** is 'n woord met die teenoorgestelde betekenis, bv. mooi – lelik.



Ons praat

Kyk na die prent en gesels daaroor.

- Hoe dink jy maak 'n mens klipsop?
- Hoe dink jy sou dit smaak?
- Gee enigiets in die prent jou 'n aanduiding van waarvan die sop gemaak sal word?






Ons lees

Lees hierdie stuk uit 'n ou volksverhaal met die titel *Klipsop*.

**Homofone** klink dieselfde, maar word verskillend gespel en het verskillende betekenisse.

**Homonieme** is woorde wat dieselfde lyk en klink, maar wat verskillende betekenisse het.

Drie soldate het van die oorlog teruggekeer. Hulle het drie dae laas geëet en is rasend honger. Hulle kom in 'n dorpie aan, maar die dorpenaars wil nie hul voedsel met die soldate deel nie. Hulle steek al hulle vleis, melk, wortels, kool, gort en aartappels weg.

Toe die soldate vir die dorpenaars om kos vra, kom elke huishouding met 'n ander storie vorendag oor waarom hulle die soldate geen kos kan gee nie. Die soldate moet dus aan 'n plan dink om die dorpenaars te oortuig om vir hulle 'n bietjie kos te gee.

Die eerste soldaat roep uit: "Goeie mense van die dorp, staan nader!" Die dorpenaars kom toe almal nader.

"Ons is drie honger soldate in 'n vreemde land. Ons het julle gevra om vir ons voedsel te gee, maar julle het geen voedsel nie. Ons sal dus noodgedwonge klipsop moet maak."

"Klipsop?" vra die dorpenaars mekaar. Dit sou hulle graag wou sien!

"Eers gaan ons 'n groot ysterpot nodig hê, water om dit mee vol te maak, en 'n vuurtjie om dit mee te verhit," sê die soldaat. En omdat die dorpenaars nuuskierig is, bring hulle vir die soldate al hierdie dinge.

"Laastens het ons drie ronde, gladde klippe nodig." Dit is maklik genoeg om te vind.

Die dorpenaars se oë rek terwyl hulle kyk hoe die soldate die klippe in die pot ingooi.

"Enige sop het natuurlik ook sout en peper nodig," sê die soldate terwyl hulle die sop begin roer. Die kinders hardloop om sout en peper te gaan haal.

"Klippe soos hierdie maak gewoonlik baie lekker sop," sê die tweede soldaat. "Maar ag, as daar net wortels ook by was, sou dit soveel beter wees." Een van die dorpenaars, Francois, draf om 'n paar wortels te gaan haal (hael) wat hy onder 'n kombers weggesteek het.

"'n Goeie klipsop behoort ook 'n bietjie kool daarby te kry," sê soldaat nommer drie terwyl hulle die wortels opsny. "Maar dit help nie om iets te vra wat julle nie het nie." 'n Ander dorpenaar, Marie, gaan inderhaas drie koolkoppe onder haar bed uithaal.

"As ons nou net 'n ou stukkie vleis en 'n paar aartappels ook gehad het, sou hierdie sop goed genoeg vir 'n ryk (reik) man se tafel kon wees," sê die soldate. Die dorpenaars onthou die aartappels en stukke vleis wat hulle in hul kelders weggesteek het, en hulle gaan haal dit op 'n drafstap.

Datum:

'n Rykmansop – en dit alles met 'n paar ronde klippe. Dit lyk byna na towerkuns!

"Ai," sug die soldate terwyl hulle die vleis en die aartappels bymeng, "as ons nou net 'n bietjie gort en 'n koppie melk ook kon kry! Maar dit help nie om te vra vir wat mense nie kan gee nie."

Die dorpenaars bring hulle gort van die skure en gaan haal die melk wat hulle in die putte weggesteek het. Die soldate roer die gort en die melk by die stomende sop in terwyl die dorpenaars met groot oë toekyk.

Uiteindelik is die sop gereed. "Julle moet almal proe," sê die soldate.

Die volgende dag vertrek die soldate en …

**Die ellips:** Die drie kolletjies (…) word gebruik om te wys dat woorde of inligting uitgelaat is.



Ons praat

- Gee sinonieme vir die blou gedrukte woorde en antonieme vir die rooi gedrukte woorde.
- Gebruik die homofone (groen gedrukte woorde) en homonieme (pers gedrukte woorde) in sinne sodat die betekenis duidelik word.



Ons skryf

Voltooi bogenoemde twee opdragte in jou klaswerkboek. Bespreek hierdie vrae in jou groep en skryf jou antwoorde dan neer.

Waarom het die sop so lekker gesmaak? Was dit die klippe?

________________________________________

Waarom dink jy kon die soldate die dorpenaars kul?

________________________________________

Waarheen dink jy is die soldate nou op pad?

________________________________________

Wat was die **rede** waarom die soldate gevra het dat die klippe en ander bestanddele na hulle gebring moes word?

________________________________________

Watter **bestanddele** het hulle gebruik?

________________________________________

Watter **stappe** het hulle gevolg om die sop te maak?

________________________________________

Wat was die **resultaat**?

________________________________________

ONDERWYSER: Teken __________ Datum __________

# Sop, sop, wonderbaarlike sop!






Kies 'n sopgereg wat julle tuis maak. Skryf die lys **bestanddele** neer. Maak seker dat jy niks weglaat nie.

Skryf die aanwysings op 'n vel papier. Gebruik die gebiedende wyse soos **meng** die bestanddele goed, **kap** die ui, **voeg** die bestanddele bymekaar.
Maak seker dat die aanwysings volledig is.
Maak seker dat jy geen **stap** uitlaat nie.

Lees jou resep aan jou groep voor. Maak seker dat almal die stappe verstaan om die sop te kan maak.

Skryf die bestanddele en aanwysings dan op rofwerkpapier neer. Vra iemand in jou groep om dit vir jou te korrigeer.

Bestanddele vir my gunstelingsop




Kyk na die laaste sin van die storie oor die klipsop. Dit is nie klaar nie. Sien jy die kolletjies aan die einde van die storie? Dit beteken dat die storie nie voltooid is nie. Skryf 'n laaste paragraaf vir die storie.

Datum:



Ons praat

Gebruik die storie van die klipsop om 'n toneelstuk op te voer.

- Werk in jou groep. Julle het 3 soldate en 6 dorpenaars nodig.
- Laat een soldaat aanwysings gee oor wat die soldate vir die sop nodig het.
- Laat 'n ander soldaat aanwysings gee oor hoe om die sop te maak.
- Laat die derde soldaat die sop maak, en maak seker dat hy die aanwysings behoorlik volg.
- Maak seker dat elk van die karakters iets te sê het en dat hulle almal help om die sop te maak.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.



Ons skryf

Maak 'n opsomming van jou toneelstuk. Gebruik hierdie opskrifte. Skryf die toneelstuk in jou klaswerkboek.

Titel: ______________________________

Milieu: Sê waar en wanneer die toneelstuk hom afspeel.

______________________________

Karakters: Sê watter karakters aan die toneelstuk deelneem. Gee 'n kort beskrywing van elk, soos hoe oud hulle is, wat hulle doen of wat hul verhouding met die ander karakters is.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

Intrige: ______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 39 'n Eksperiment met kleure



Ons praat

- Wat is 'n reënboog?
- Wanneer sien ons 'n reënboog in die lug?
- Watter kleure is daar in 'n reënboog?
- Hoe word reënboë veroorsaak?





Ons lees

Lees hierdie leesstuk en bespreek dit in jou groep.

Kan jy glo dat al die kleure in die lug **veroorsaak** word deur die verskillende maniere waarop stofdeeltjies in die lug sonlig **weerkaats** en **absorbeer**? As jy hierdie baie eenvoudige **eksperiment** sou doen, sal jy self kan kyk of dit waar is.

Dit is nie altyd maklik om die **uitkoms** van die eksperiment te sien nie, daarom moet jy dit op 'n tafel in 'n baie donker kamer **uitvoer**.

Vul 'n lang glas met water, en voeg dan ½ t. melk by die water. Hou 'n flitslig naby aan die glas. Laat die lig teen verskillende hoeke op die glas skyn, en kyk hoe die kleur van die melkerige water effens verander.

Voeg nog ½ t. melk by, en kyk wat gebeur.

Voeg nou 1 t. melk by. Beweeg die flitslig op en af, en laat dit uit verskillende hoeke skyn. Kyk wat gebeur.




Ons skryf

Kies die beste opskrif vir hierdie gedeelte, en sê waarom jy dink dat dit die beste is.

Verskillende kleure in die lug | 'n Kleureksperiment | Ons heelal

- Onderstreep al die instruksiewoorde (die gebiedende werkwoorde) in rooi.
- Skryf die woorde in die korrekte volgorde in die vloeidiagram hieronder neer.






Omkring 3 **afleidings** (rooi) en 3 **samestellings** (groen) in die leesstuk op bl. 82. Onderstreep die **basisvorm** van die woorde met blou.

Verbind die **sinonieme** regs met die korrekte woorde links.

Skryf die vetgedrukte woorde in jou woordeboek.

| Woorde | Sinoniem |
|---|---|
| **veroorsaak** | doen |
| **weerkaats** | resultate |
| **absorbeer** | proefneming |
| **eksperiment** | inneem |
| **uitkoms** | terugskyn |
| **uitvoer** | bewerkstellig |

Onthou jy nog?

- 'n Woord se kleinste betekenisvolle eenheid word die **basisvorm** of **stam** van die woord genoem.
- Afleidings is woorde met 'n voorvoegsel of agtervoegsel of beide, bv. ge+koop+te
- Samestellings is woorde wat meer as een stamwoord het, bv. tafel + poot.





Skryf bogenoemde woorde en sinonieme in alfabetiese volgorde.

| | |
|---|---|
| 1 | 2 |
| 3 | 4 |
| 5 | 6 |
| 7 | 8 |
| 9 | 10 |
| 11 | 12 |




Kleur die reënboog in. Vul die korrekte **byvoeglike naamwoorde** dan op die reënboog in.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| turkoois | hemelsblou | rooi | koper | oranje |
| geel | groen | swart | bruin | blou |
| mosterd | indigo | violet | rooipers | pers |

**Die deelteken**

- Dit wys vir ons waar 'n nuwe lettergreep begin, bv. reën = re-en.
- As die basiswoord **oo** bevat (boog), val een **o** in die meervoud weg en kry die woord 'n **ë**, bv. boog = boë.
- As die basiswoord reeds 'n **e** bevat, kry die meervoud nog 'n **ë by**, bv. boeg = boeë.

Skryf die **meervoude** van die woorde neer en verdeel die meervoude in **lettergrepe**:

| Woord | Meervoud | Lettergreep |
|---|---|---|
| oorlog | oorloë | oor/lo/ë |
| vroeg | | |
| oog | | |
| vlieg | | |
| sog | | |

ONDERWYSER: Teken Datum

# 40 Werk dinge uit




Werk saam met 'n maat. Een van julle moet aanwysings gee en die ander een moet dit uitvoer. Maak seker dat jou maat jou aanwysings behoorlik uitgevoer het. Gebruik die lyntjiespapier met kantlyne wat die onderwyser vir jou gee.

1. Skryf jou naam op die laaste reël van die bladsy, langs die linkerkantlyn.
2. Skryf die getalle 1 tot 9 op die eerste reël. Begin links, en laat 'n spasie tussen elke syfer.
3. Omkring die syfer 6.
4. Teken 'n ster in die boonste linkerkantste hoek van die bladsy.
5. Vou die bladsy in die lengte in die helfte.
6. Maak die papier oop en vou dit dan in die breedte in die helfte.
7. Maak 'n gaatjie in die middel van die stuk papier (waar die twee voue mekaar kruis) met die punt van jou potlood.
8. Teken 'n hartjie om die gaatjie wat jy in die stuk papier gemaak het.
9. Skryf die eerste letter van jou van in die boonste regterkantste hoek van die bladsy.
10. Skryf die woord *klaar* op die laaste reël van die bladsy.




Jy tree op in 'n tonteelstuk met die naam *Die Reënboogwese*. Jou ma moet die kostuum maak. Volg die aanwysings op die volgende bladsy om die kostuum te teken. Kleur dit dan in en voorsien dit van byskrifte/aanwysings sodat jy dit aan jou ma kan gee.

Datum:

- helderrooi hemp
- smaraggroen kouse
- vierkantige, oranje hoed met twee vere in die bol
- gepunte, geel viltskoene met blou veters
- gepunte, helderblou ore
- violet gordel

ONDERWYSER: Teken Datum

# En dit is mode





Ons praat

Het jy al ooit 'n onderhoud met enigiemand gevoer?
Indien jy het, vertel vir jou groep met wie jy 'n onderhoud gevoer het, en waarom. Indien nie, vertel vir die groep met wie jy graag 'n onderhoud sou wil voer, en waarom.
Watter vrae sou jy vir iemand vra wat 'n mode-ontwerper is?
Watter ander bronne sou jy raadpleeg om meer oor die mode-ontwerper uit te vind?




Ons lees

Lees hierdie onderhoud deur Xoli Mtshali (XM) uit die tydskrif *Seventeen* met Henry Holland (HH), 'n ontwerper wat in Londen gebaseer is en met Mr Print-winkels saamwerk.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

XM: Hoe het dit gebeur dat jy saam met Mr Print begin werk het?
HH: Iemand het my in Londen genader. Ek het nie tevore van Mr Print gehoor nie, maar toe het ek bietjie navorsing gedoen en bewus geword van hoeveel Suid-Afrikaners gek is oor die handelsmerk. Ek het besef dat dit tot my voordeel sou strek om die modebedryf deur Mr Print te betree.
XM: Watter Mr Print-hemp is jou gunsteling?
HH: O, ek hou definitief die meeste van die dierpatroon!
XM: Jy het bekend geword weens die skepping van ongelooflike T-hemde. Watter raad sou jy ons lesers gee oor hoe om 'n T-hemp besonders te laat lyk?
HH: Daar is baie moontlikhede. Dra hulle met interessante juwele of met bykomstighede. Ek dink ook dit is stylvol om 'n T-hemp met iets onverwags te dra, soos 'n vereromp.
XM: Wat dink jy van die Suid-Afrikaanse styl?
HH: Ek is gek oor hoe Suid-Afrika kleur en patrone met ope arms ontvang. Dis baie opwindend. Daar is soveel lande waar die mense bang is om kleur te dra.
XM: Hou jy van lees?
HH: Ek reis baie en lees graag tydskrifte. Hulle vertel my met die eerste oogopslag wat op enige tydstip die in-ding in die mode is.
XM: Jy het as joernalis begin en toe T-hemde begin ontwerp. Vandag is jy 'n bekende mode-ontwerper. Het jy enige raad vir jong ontwerpers?
HH: Ek dink jongmense moet die modebedryf ondersoek en kyk na verskillende maniere waarop hulle in die bedryf kan werk. Jy kan 'n ontwerper of 'n tendensvoorspeller of 'n koper word!
XM: Voltooi die volgende: Toe ek 14 was, …
HH: … het ek nie geweet wat ek wou doen nie. Maar ek het altyd in mode belanggestel!









Datum:



**Ons skryf**

Bespreek hierdie vrae in jou groep en skryf die antwoorde dan neer.

Vir wie werk Xoli Mtshali?

Met wie voer sy die onderhoud?

Wie dink jy sou hierdie onderhoud graag lees?

Wat is die doel van die onderhoud?

Oor watter kledingstuk gesels hulle?

**Ons skryf**

Skryf nou langs elke woord of dit 'n stamwoord, afleiding of samestelling is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| ontwerper | | onverwags | |
| juwele | | handelsmerk | |
| kleur | | geword | |

Onthou jy nog dat 'n woord se kortste vorm die **basis** **(stamwoord)** is? As 'n voor- of agtervoegsel aangelas is, noem ons dit 'n **afleiding**, en as 2 basisse aanmekaargelas is, noem ons dit 'n **samestelling**.

Skryf bogenoemde woorde in alfabetiese volgorde.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 |
| 4 | 5 | 6 |

**Ons skryf**

Lees die gekleurde woorde in die leesstuk en gee 'n **sinoniem (dieselfde betekenis)** of **antoniem (teenoorgestelde betekenis)** vir die woorde in blou of groen gedruk.


Die teenwoordige, toekomende en verlede tyd word met behulp van **hulpwerkwoorde** gevorm.

Omkring die **hulpwerkwoorde** in die leesstuk en skryf 2 sinne uit die leesstuk neer wat hulpwerkwoorde bevat.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 42 Meer oor T-hemde

Henry Holland en Mr Print het hul artistieke en saketalent gekombineer om ’n nuwe T-hempetiket te skep. Die T-hemde is geweldig suksesvol. Hul sukses is deels daaraan te danke dat hulle twee opkomende jong ontwerpers van Ontwerpe vir Vandag, Flora en Tina, gebruik.






Mr Print wil hê dat Xoli ’n artikel oor mode vir jongmense moet skryf. Skryf drie mode-onderwerpe neer waaroor Xoli ’n artikel vir 11- en 12-jariges sou kan skryf.




Jy besluit om ’n artikel met die titel “Handelsmerke of nie?” te skryf. Vir jou artikel moet jy onderhoude met mense voer en geskrewe bronne raadpleeg.

Met wie sal jy onderhoude voer? Skryf dit neer, byvoorbeeld met ander kinders, met winkeleienaars of met ontwerpers. Sê waarom jy met hulle onderhoude sou wil voer.

***Twee tipes vrae***

**Geslote vrae**: Hierdie vrae verwag ja- of nee-antwoorde.

**Oop vrae**: Hierdie vrae vereis dat mense moet nadink en hul menings en gevoelens moet gee.




Jy voer onderhoude met ’n groep 12-jariges omdat jy wil vasstel wat vir hulle belangrik is wanneer hulle klere koop. Is prys belangrik? Is die winkel waar hulle hul klere koop, belangrik? Wat is belangriker: om in die mode te wees, of om gemaklik te wees? Is dit belangrik om ’n bekende handelsmerk te koop? Wil hulle klere hê wat lank gaan hou, of net ’n seisoen? Wie besluit wat hulle koop: hulle of hul ouers?


Skryf jou vrae hier neer. Skryf een geslote vraag en een oop vraag neer.

Datum:



Ons skryf

Nadat jy onderhoude met die groep 12-jariges gevoer het, stel jy op grond van jou navorsingsbevindinge 'n staafdiagram op.






Wat merk jy op omtrent die gewone T-hemde en die T-hemde met patrone wat in die lente en winter verkoop word?

Hoeveel ingevoerde en hoeveel plaaslike T-hemde word verkoop? Wat is die verskil?

Waarom dink jy is ingevoerde T-hemde so gewild in die lente?

Verkies kinders T-hemde met handelsmerke of met 'n bepaalde voorkoms? Sê waarom jy so dink.

Hoeveel kinders verkies ingevoerde T-hemde bo plaaslike T-hemde?

Hoeveel kinders koop in die lente gewone T-hemde?

Hoeveel kinders koop in die winter gewone T-hemde?

Waarom is dit die geval?

Het jy opgelet dat 12-jariges en T-hemde met ***koppeltekens*** geskryf word? 'n ***Koppelteken*** is 'n skryfteken wat op spesifieke plekke gebruik word, bv. by die:

- verbinding van 'n letter of 'n getal met 'n selfstandige naamwoord: T-hemp, 12-jarige
- verbinding van 'n windrigting met 'n eienaam: Suid-Afrika, Wes-Europa
- herhaling van werkwoorde: sing-sing, fluit-fluit
- verbinding van 'n eienaam met 'n soortnaam: D.F. Malan-skool, Paul Kruger-museum
- samestelling van 'n klomp woorde om een gedagte weer te gee: bek-en-klou-seer
- om verwarring uit te skakel: pronk-ertjie teenoor pronkertjie
- 'n opeenhoping van klinkers: see-eend, seemeeu-eier

ONDERWYSER: Teken Datum

# 43 Ons vind meer uit oor vlugbal



Ons praat

Groepsbespreking: Aan watter sportsoort neem jy deel? Verduidelik aan jou maats wat die reëls van die spel is. Gebruik die *bedrywende vorm*.

***Bedrywende vorm***: Die onderwerp van die sin voer die aksie uit wat deur die werkwoord uitgedruk word.
***Voorbeeld***: Die meisie slaan die bal.

Ons lees

Die vlugbalbaan in Houtbaai wemel van seuns en meisies wat oefen. Wat het hulle na hierdie sportsoort gelok?

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

**'n Koerantkennisgewing**

Ongeveer twee jaar tevore was die Houtbaai-polisie bekommerd oor die aktiwiteite van bendelede in die omgewing. Hulle het geglo dat kinders minder geneig sou wees om by bendes aan te sluit indien hulle by 'n sport betrek kon word. Daarom het hulle 'n advertensie in die koerant geplaas om te vra of iemand bereid sou wees om die tieners in 'n sportsoort af te rig.

Amanda Coetzee het die kennisgewing gesien en gebel. "Ek is 'n wit tannie wat vroeër vlugbal gespeel het," het sy beskeie gesê. "Reg so," het hulle geantwoord. "Kom ons begin." En so het Amanda die vlugbalafrigter geword.

**Van verveling tot vlugbal**

Die eerste dag in die skoolsaal het die seuns wat ingeslenter gekom het, verveeld gelyk. 'n Paar het egter begin belangstel en vir die ander gesê om te kom saamspeel. Amanda het maatskappye gekry om die toerusting te borg. Daar was uiteindelik twee spanne, en hulle het teen spanne van Muizenberg, die Kaapse Vlakte en Khayelitsha begin speel.

**'n Opkomende ster**

Amanda sê die belowendste nuwe ster is Thandi Nkomo. Sy is 11 jaar oud en het vir die provinsiale onder-14-span gespeel. Die span het ook die provinsiale eindrondte gehaal, maar is deur die Algoabaaispan verslaan.



**Dit is vinnig, opwindend en groot pret!**

Thandi het van hokkie na vlugbal oorgeskakel. Sy sê: "Vlugbal is vinniger en opwindender. Dit is groot pret." Die Houtbaaispanne oefen twee of drie keer per week. Thandi is egter altyd op die baan, en sy oefen totdat die son sak. Sy doen dit omdat sy baie daarvan hou en groot planne vir die toekoms het.

Datum:





Ons skryf

Waarom is daar in Houtbaai met vlugbal begin? ______________________

Behaal die spanne sukses? ______________________

Hoe lank speel hulle al vlugbal? ______________________

Waaruit dink jy is hierdie teksgedeelte geneem?
Kies een van die volgende, en gee redes vir jou antwoord.
1. 'n Storie 2. 'n Toneelstuk 3. 'n Koerantberig

______________________



Voorsien die leesstuk van 'n opskrif. ______________________



Ons skryf

Lees wat Amanda oor vlugbal en sport sê.
Plaas wat sy sê in die indirekte rede.

Onthou dat die voornaamwoord (vnw.) moet verander: **ek** word **hy/sy**, ons word **hulle**. Kyk ook mooi na die korrekte woordorde.

"Toe ek jonger was, het ek baie vlugbal gespeel."

Sy sê dat, ______________________

"Ons moet ons jongmense by sport betrokke kry, sodat hulle fiks en gesond kan word."

Sy sê dat ______________________



Ons skryf

Maak van elke twee sinne een sin deur ***voegwoorde*** (***verbindingswoorde***) te gebruik. Maak seker dat jy, indien nodig, die regte voornaamwoorde gebruik.

Thandi het groot planne vir die toekoms. Thandi hoop dat sy goeie uitslae in matriek sal behaal. Thandi presteer baie goed in vlugbal. Thandi hoop dat sy uiteindelik vlugbal vir Suid-Afrika sal kan speel. Thandi oefen hard. Thandi laat nie toe dat vlugbal met haar skoolwerk inmeng nie. Thandi is lank. Ander spanlede probeer om die bal vir Thandi aan te gee sodat sy die bal oor die net kan slaan.

maar

daarom

en

______________________

______________________

______________________

______________________

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 44 Meer oor sport




Voltooi die laaste paragraaf van die berig oor Thandi. Sê watter soort planne jy dink sy het. Skryf minstens drie sinne.




Voltooi die tabel hieronder.
Skryf oor 'n sportaktiwiteit. Jy kan enige sport kies.

| | |
|---|---|
| Naam van sport | |
| Aantal mense wat nodig is om die sport te beoefen. | |
| Toerusting wat nodig is | |
| Moeilikheidsgraad: maklik, moeilik, baie moeilik | |
| Een reël van die sport | |
| | |




Verbeel jou dat jy 'n onderhoud met Thandi voer vir jou skoolkoerant. Vul die res van die vrae in. Gebruik vraagwoorde soos wie, wat, waar en wanneer.

**Verslaggewer:** Ek verstaan dat jy een van die sterre van jul vlugbalspan is. Wat is die geheim van jou sukses?

**Thandi:**

**Verslaggewer:** Wat is jou planne vir die toekoms?

**Thandi:**

**Verslaggewer:**

**Thandi:**

Datum:

Ons skryf

Lees die gedeelte oor Thandi nog 'n slag deur. Die inligting verskyn onder verskillende opskrifte, wat hieronder herhaal word. Skryf langs elke opskrif een sin om die inligting wat in die leesstuk onder daardie opskrif verskyn, op te som.

| | |
|---|---|
| 'n Koerantkennisgewing | |
| Van verveling tot vlugbal | |
| 'n Opkomende ster | |
| Dit is vinnig, opwindend en groot pret | |



***Gebruik die illustrasie.***

***Onthou ons gebruik die hulpwerkwoord "het" vir die verlede tyd.***

***Onthou ons gebruik die hulpwerkwoord "sal" vir die toekomende tyd.***

Ons skryf

Kyk na hierdie foto wat jy van die mense in die park geneem het. Skryf 2 sinne in die verlede tyd oor wat hulle gedoen het. Wys die foto die volgende dag vir jou maat en vertel hom of haar wat die mense gedoen het.

Voorbeeld Die seuns het op hulle fietse gery.

Verbeel jou dat die aktiwiteite in die foto eers die volgende dag gaan gebeur. Skryf 2 sinne in die toekomende tyd oor wat hulle gaan doen.

Voorbeeld Môre sal die seuns op hulle fietse ry.

ONDERWYSER: Teken Datum

# Die dansende by





**Ons praat**

Kyk na die prente en gesels daaroor.
Werk bye alleen of werk hulle met ander bye saam?
Waarom dink jy dat dit die geval is?
Wat is die voordele van samewerking?
Werk jy graag met ander mense saam, of verkies jy dit om alleen te werk?
Sê waarom.

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.



**Ons lees**

## Dansende bye



Dis 'n warm somersdag. Jy sit buite in die son met 'n koeldrank. Al wat jy kan hoor, is 'n lae zoemgeluid. Dan hou die zoemgeluid op. Jy steek jou hand uit om jou koeldrank op te lig, en dan sien jy dit: 'n klein, bruin, wollerige insek wat op die rand van jou glas sit. Dit is 'n by!
In werklikheid is dit 'n werkerby wie se werk dit is om kos vir die ander bye in sy korf te soek. Na 'n minuut of twee vlieg die by weg om vir die ander bye te gaan vertel wat hy gekry het.

Die eerste ding wat hy doen wanneer hy weer by die korf aankom, is om die ander bye opgewonde te maak. Hy doen dit deur in klein sirkeltjies te hardloop. Wanneer die by sy dans uitvoer, skud hy soms ook sy lyfie. Al die ander bye drom om hom saam om met hul antennes die sap aan sy lyf te ruik.



Indien die bye van die geur van jou koeldrank hou, hou hulle die werkerby goed dop. Hy hou aan om met hulle te "praat" deur vir hulle te dans en sy lyfie te skud.

Indien hy sy lyfie baie vinnig skud, is die kos baie ver weg. Indien hy stadiger beweeg, is die kos nader. Nou weet die ander bye hoe ver hulle na die koeldrank toe moet vlieg. Moet dus nie te stadig aan jou koeldrank drink nie; jy mag agterkom dat jy dit met 'n paar honderd honger bye moet deel!

Datum:

**Ons skryf**

Waar dink jy kom hierdie gedeelte vandaan? Maak 'n regmerkie langs die antwoord wat jy kies.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | 'n Koerant | | 'n Storieboek | | Die tydskrif *National Geographic for Children* |

Waarom proe die by aan jou koeldrank? ______________________

Waarom vlieg die by na die korf toe terug? ______________________

Wat doen die ander bye om te kyk of hulle hou van die kos wat die werkerby gekry het?

______________________

Ken jy die uitdrukking "so besig soos 'n by"? Ken jy ander uitdrukkings wat met bye of heuning te doen het? Skryf dit neer.

______________________

**Ons skryf**

Kies in elke ry 'n woord wat dieselfde as die eerste woord beteken. Sommige van die woorde in die ry beteken byna dieselfde. Kies die beste woord.

Skryf die vetgedrukte woorde en die woorde wat dieselfde beteken (**sinonieme**) in jou persoonlike woordeboek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **antennes** | pote | ontvanger | voelers | lugdrade |
| **korf** | swerm | bynes | heuningkoek | skuiling |
| **werker** | eter | rower | voersoeker | kossoeker |

**Ons skryf**

Hierdie sinne is opgebreek in drie dele wat deurmekaargeskommel is. Kies die dele wat by mekaar pas.

| | | |
|---|---|---|
| Bye | sal kyk na | in hulle korf. |
| Die leerder | sal haar heuningbroodjie | geniet. |
| Party kinders | het probeer om heuning | uit die korf te haal. |
| My juffrou | het gezoem | 'n TV-reeks oor bye. |

Onthou watter dele ons in sinne kry: Die onderwerp doen die werk, die gesegde is die werkdeel in die sin en die voorwerp is die deel wat vir ons sê wie of wat die handeling ondergaan.
'n Sin is in die **bedrywende (aktiewe) vorm** geskryf wanneer die onderwerp van die sin die aksie in die sin uitvoer, bv. *Die meisie bad die hond.* 'n Sin is in die **lydende (passiewe) vorm** geskryf wanneer die voorwerp aan die begin van die sin staan en die aksie deur iemand anders op die voorwerp uitgevoer word, bv. *Die hond word deur die meisie gebad.*

**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne in die lydende (passiewe) vorm oor.

Die bye het die meisie gesteek.

______________________

Die bye het heuning gemaak.

______________________

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Ons dink na oor bye en heuning






Plaas hierdie sinne in die regte volgorde. Nommer hulle van 1 tot 6.



| | **Kom ons maak 'n heuningtoebroodjie** |
|---|---|
| | Sny die toebroodjie in die helfte deur. |
| | Eet dit so gou moontlik. |
| | Drup 'n bietjie heuning op die gebotterde brood. |
| | Plaas die ongebotterde sny brood bo-op die ander een. |
| | Gebruik 'n bottermessie om botter op die een sny brood te smeer. |
| | Neem twee snye brood. |





Sien jy die oop spasies in hierdie prent van 'n by? Dit is oop gelaat sodat jy die regte byskrifte kan inskryf.

**1. buisagtige tong**
**2. vlerk**
**3. kop**
**4. oog**
**5. pote**
**6. antennes**

Gebruik die woorde in die raam om jou te help.

## Die heuningby







Gebruik die woorde in die raam om 'n feitelike paragraaf oor die verskillende liggaamsdele van 'n by te skryf. Maak seker dat jou paragraaf 'n onderwerpsin en bysinne het, en dat jy voegwoorde (verbindingswoorde) gebruik om die sinne saam te voeg.

Datum:



Ons lees

Jaco stel in bye belang, en hy is gevra om 'n verslag oor hulle te skryf.

Hierdie bye versamel nektar vir heuning. Hulle dans op die heuningkoek om die ander bye te wys waar die beste blomme is. Heuningbye mag tot 20 000 km ver vlieg om genoeg nektar vir 500 g heuning te versamel.

Die heuningby is heldergeel en oranje. Hy is 12 mm lank en het ses pote. Die by se lyf bestaan uit drie dele.

**Die heuningby**

Hierdie insek kom oral in Suid-Afrika voor.

Die heuningby is 'n insek.

Die meeste mense hou van die heuning waaraan die bye so hard werk.





Ons skryf

Iets loop egter skeef, en die inligting in sy verslag raak geskommel. Skryf die verslag oor, en maak seker dat dit die volgende bevat:

- 'n Titel
- 'n Beginstelling
- 'n Beskrywing van 'n by se voorkoms
- Inligting oor waar bye woon
- Inligting oor wat bye doen
- 'n Laaste stelling waarin die verslag opgesom word

Nadat jy die verslag reg georden het, moet jy die volgende doen:

- Onderstreep die feitelike, beskrywende byvoeglike naamwoorde in blou.
- Omkring die voornaamwoorde in pers.
- Onderstreep die werkwoorde (aksiewoorde) in rooi.
- Onderstreep die woorde wat vir jou sê hoe die bye lyk in groen.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 47 Die verstommende kangaroe



**Ons praat**

Kangaroes kom net in Australië voor. Ken jy 'n dier wat net in Suid-Afrika voorkom? Beskryf die dier vir jou groep.
Weet jy enigiets omtrent kangaroes? Indien wel, wat weet jy?
Kyk na die prente van kangaroes en gesels daaroor.



**Ons lees**

## Ontmoet die kangaroe: 'n Wonderlike ma en 'n blitsvinnige springer

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

As iemand jou sou vra om 'n dier met 'n snaakse voorkoms te bedink, sou jy waarskynlik nie maklik aan 'n dier kan dink wat **vreemder** en interessanter as die kangaroe is nie.

Kangaroes kom slegs in Australië voor. Hulle vreet gras en beweeg deur te hop. Hulle is baie vinnig, en kan teen 60 of 70 km per uur hop (wat bietjie vinniger as 'n perd is).

Hulle kan tot drie meter hoog spring.

Die kangaroe gebruik sy twee voortande om te kou. Wanneer daardie tande verslyt het, val hulle uit. Die volgende paar tande beweeg vorentoe om die plek van die vorige tande in te neem. Teen die tyd dat 'n kangaroe 20 jaar oud is, gebruik hy sy laaste stel tande.

Die vroulike kangaroe het 'n **buidel**, wat 'n soort sak is. Sy dra haar baba, wat in Engels 'n "joey" genoem word, in hierdie buidel todat die baba vir homself kan sorg.

Die manier waarop die klein kangaroetjie groei, is **fassinerend**.

Nadat die baba 33 dae lank in sy ma se baarmoeder ontwikkel het, word hy gebore. Hy is ongeveer drie sentimeter lank en lyk soos 'n pienk wurm. Sy agterpote het pas begin groei.





Die voorpote, wat baie klein is, is net sterk genoeg om hom te help om in sy ma se buidel in te klim. Hier bly hy meer as ses maande lank, terwyl hy sy ma se melk drink. Gedurende hierdie tyd ontwikkel hy van 'n blinde, pienk wurm tot 'n klein kangaroetjie wat met pels bedek is. Sy voor- en agterpote word sterk. Sy ore, oë en neus **ontwikkel** ook heeltemal.

Wat 'n wonderlike ma is die kangaroe nie!

Datum:




Dink jy die kangaroe het ’n vreemde voorkoms? Waarom sê jy so?

Op watter manier verskil die kangaroe se tande van joune?

Hoe beweeg die kangaroe?

Dink jy kangaroes is goeie moeders? Waarom sê jy so?

Hoe vinnig kan ’n kangaroe hop?

Wat word ’n babakangaroetjie in Engels genoem?

Waarom het die ma ’n buidel?

Hoe lank bly die kangaroetjie in die ma se buidel?




Kies in elke ry die woord wat dieselfde as die eerste, vetgedrukte woord beteken. Skryf die vetgedrukte woorde in jou persoonlike woordeboek.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **vreemd** | snaaks | skaars | eienaardig | oulik |
| **buidel** | beursie | drasak | tas | koffer |
| **fassinerend** | eienaardig | betowerend | aantreklik | boeiend |
| **ontwikkel** | groei | uitbrei | vergroot | rek |




Verander hierdie sinne in vrae. Begin elke vraag met die woord tussen hakies. Moenie die vraagteken vergeet nie.

Voorbeeld: Kangaroes kom net in Australië voor. (**Kom**) *Kom kangaroes net in Australië voor?*

Kangaroes eet gras, bessies en neute. (Wat)

Kangaroes spring tot drie meter hoog. (Hoe)

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# 48 Ons dink na oor kangaroes




Gebruik die inligting in die raam om 'n feitelike paragraaf oor die kangaroe te skryf.

| | |
|---|---|
| Naam: | kangaroe |
| Hoogte: | 0,6-1,5 m |
| Gewig: | 18-95 kg |
| Topspoed: | 55 km/h |
| Lewensverwagting: | 9-20 jaar |
| Kleur: | bruin, geelbruin, grys |
| Gunstelingkos: | gras |

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________

___________________________________________




Moeder kangaroe is bekommerd oor haar baba. Sy roep hom en hy kom na haar toe aangehop. Hulle gesprek begin so. Jy kan die res invul. Gebruik uitroeptekens.

KANGAROE: Ek het jou gesê dat jy halfses terug in my buidel moet wees. Jy weet dit word in die winter vroeg donker, en dis nie veilig vir jou om na donker alleen buite te wees nie!

BABA: ___________________________________________

KANGAROE: ___________________________________________

BABA: Ag Mamma, ek het net lekker gespeel. Kan ons nou ons aandete eet?

KANGAROE: ___________________________________________

BABA: ___________________________________________

KANGAROE: ___________________________________________

BABA: Lekker slaap. Ek is lief vir Mamma!

Datum:

# 'n Verslag oor my!



Ons skryf

## Hoe goed ken jy jouself?

Verbeel jou dat jy 'n verslaggewer vir 'n tydskrif is. Kan jy 'n verslag oor jouself skryf? Wat sou jy sê? Dit is 'n manier om jouself te leer ken.
Skryf onder elk van die opskrifte hieronder jou belangstellings, eienskappe, vermoëns en waardes neer.

### My belangstellings

Voorbeelde: vlugbal, teken, kook



### My vermoëns en talente

Voorbeelde: uitstekende vleuel, vertel goed grappe, goed met rekenaars



### My eienskappe

Voorbeelde: sorgsaam, ekstrovert, stil, lewendig




### My waardes

Voorbeelde: eerlikheid, betroubaarheid, hardwerkendheid



ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons maak seker



| Ek kan | | |
|---|---|---|
| in 'n groep werk en redes vir samewerking identifiseer. | | |
| 'n onderhoud voer. | | |
| 'n inligtingsteks lees. | | |
| vrae op grond van 'n inligtingsteks beantwoord. | | |
| inligting insamel en vrae formuleer. | | |
| toepaslike leestekens gebruik. | | |
| inligting uit 'n diagram ontleed. | | |
| oop en geslote vrae skryf. | | |
| 'n mening formuleer en redes daarvoor gee. | | |
| inligting uit 'n diagram opsom. | | |
| die bedrywende en lydende vorm gebruik. | | |
| 'n verslag lees en skryf, en 'n verslag van 'n opskrif voorsien. | | |
| die betekenisse van woorde kies. | | |
| voegwoorde gebruik om sinne met behulp van die regte voornaamwoorde saam te voeg. | | |
| 'n paragraaf skryf om 'n teks te voltooi. | | |
| 'n tabel voltooi. | | |
| prente gebruik om 'n teks te skryf. | | |
| 'n onderhoud met behulp van die toepaslike vraagwoorde voltooi. | | |
| inligting opsom. | | |
| die bronne van teks identifiseer. | | |
| die korrekte dele van sinne saamvoeg. | | |
| sinne in die lydende vorm skryf. | | |
| inligting in die regte volgorde plaas. | | |
| 'n prent van etikette voorsien. | | |
| 'n feitelike paragraaf skryf en seker maak dat daar 'n onderwerpsin en ondersteunende sinne is. | | |
| beskrywende byvoeglike naamwoorde, voornaamwoorde, werkwoorde en vraagwoorde identifiseer. | | |
| stellings in vrae verander. | | |
| idiomatiese uitdrukkings identifiseer en verstaan. | | |
| woorde alfabeties rangskik. | | |
| sinonieme en antonieme gee. | | |
| tussen 'n stamwoord, afleiding en samestelling onderskei | | |



Inhoud

# Tema 4: Feit en fiksie




**Verbeeldingswêrelde**
**Kwartaal 2: Week 5 - 6**

## 49 Pret met ritme 104
Neem aan 'n groepbespreking deel.
Lees limerieke.
Identifiseer die formaat van 'n limeriek.
Druk 'n mening uit.
Beantwoord spesifieke vrae.
Bepaal die ritme van gedigte.

## 50 Meer oor rym 106
Identifiseer woorde wat rym.
Skryf sinne wat met mekaar rym.
Gebruik vergelykings in sinne.
Identifiseer rympatrone.
Skryf eie limeriek.
Identifiseer lettergreepritme.

## 51 Nog digkuns 108
Praat oor gunstelingseisoen.
Lees 'n gedig oor die somer.
Beantwoord spesifieke vrae oor die gedig.
Verduidelik die betekenis van frases.
Kies die sinonieme wat by woorde pas.
Identifiseer personifikasie.
Maak eie gedig met personifikasie op.

## 52 Werk met woorde 110
Identifiseer rymwoorde in die gedig.
Skryf beskrywende woorde oor die somer neer.
Skryf eie gedig oor die somer wat rym.
Bespreking van tydsvorme.
Skryf sinne in die verlede tyd en die toekomende tyd oor.
Onderstreep die werkwoorde in sinne.
Skryf 'n paragraaf met behulp van beskrywende byvoeglike naamwoorde.

## 53 Wat 'n snaakse gedig! 112
Lees 'n gedig.
Voer dele van die gedig in groepsverband op.
Gee die gedig 'n titel.
Beantwoord spesifieke vrae oor die gedig.
Skryf beskrywende woorde neer.
Identifiseer die betekenis van woorde.
Gee redes waarom hy of sy van die gedig hou al dan nie.
Verbind idiome met hul betekenisse.

## 54 Kom ons wees skeppend 114
Bespreking van dialoog.
Voltooi 'n dialoog.
Voorsien meervouds- en verkleiningsvorme.
Bespreking van alliterasie.
Identifiseer alliterasie in 'n gedig.
Skep dierename met behulp van alliterasie.
Skryf 'n gedig met behulp van alliterasie.

## 55 Wie is ek? 116
Gesels met 'n maat oor haarself of homself, en oor wie hy of sy graag sou wil wees.
Beskryf hom- of haarself.
Lees 'n gedig.
Identifiseer die spreker in die gedig.
Beantwoord spesifieke vrae oor die gedig.
Sê of hy of sy gedigte verkies wat rym of wat nie rym nie.
Identifiseer abstrakte selfstandige naamwoorde.
Skryf eie abstrakte selfstandige naamwoorde neer.
Skryf 'n sin met 'n abstrakte selfstandige naamwoord.

## 56 Hoe abstrak kan ek wees? 118
Skryf 'n beskrywende paragraaf met abstrakte selfstandige naamwoorde.
Skryf 'n gedig oor hom- of haarself deur 'n spesifieke raamwerk te gebruik.
Lees 'n gedig waarin 'n abstrakte selfstandige naamwoord gebruik word.
Maak eie gedig met 'n abstrakte selfstandige naamwoord op.
Verander 'n metafoor in 'n vergelyking.

**Mites en fabels**
**Kwartaal 2: Week 7 - 8**

## 57 Die skeppingsmite van die San 120
Bespreek skepping in groepsverband.
Lees 'n mite oor die skepping van die San.
Beantwoord spesifieke vrae oor die mite.
Identifiseer die betekenis van die woord "San".
Skryf 'n paragraaf.
Soek woorde in die teks wat by hul betekenisse pas.

## 58 Ons dink na oor Hottentotsgot 122
Plaas sinne in die regte volgorde om 'n samehangende paragraaf te vorm.
Gebruik die toepaslike leestekens.
Skryf 'n beskrywende paragraaf.
Gebruik enkelvoudige en saamgestelde sinne.
Voltooi 'n tabel met behulp van trappe van vergelyking.
Verander stellings in vrae met behulp van spesifieke vraagwoorde.
Gebruik die vraagteken korrek.

## 59 Die pou verdien 'n beloning 124
Bespreek 'n prent van 'n pou.
Lees 'n mite oor die pou.
Beantwoord spesifieke vrae oor die pou.
Kies 'n opskrif vir die storie.
Verduidelik waarom die storie van die pou 'n fabel is.
Gee 'n mening en staaf dit.
Identifiseer die betekenis van idiome.

## 60 Meer oor die pou 126
Identifiseer die onderwerpsin en bysinne.
Skryf 'n gedig oor en laat irrelevante inligting weg.
Voltooi 'n tabel waarin karakters, milieu, gebeure wat tot konflik aanleiding gegee het, gebeure wat uit konflik voortgespruit het en die moraal van die storie geïdentifiseer word.
Kies die woorde en antonieme wat by definisies pas.
Gebruik woorde om die pou voor en na sy transformasie te beskryf.
Verander sinne uit die direkte rede na die indirekte rede.

## 61 Anansi die gulsige spinnekop en die skilpad 128
Voorspel die betekenis van die fabel op grond van die titel en die die prente.
Voorspel hoe die fabel sal eindig.
Lees die fabel en beantwoord spesifieke vrae daaroor.
Identifiseer die kerngedagte, intrige, agtergrond en karakters.
Identifiseer die moraal van die storie.
Bespreking van vergelykings en metafore.
Gebruik voorvoegsels om nuwe woorde te vorm.

## 62 Meer oor Anansi 130
Beplan 'n storie.
Identifiseer die hoofgedagte, intrige, agtergrond en karakters.
Identifiseer beskrywende byvoeglike naamwoorde vir Anansi die spinnekop.
Gebruik die beskrywende woorde om saamgestelde sinne te skryf.
Vertel sy of haar groep oor iemand wat hy of sy ken, en gebruik beskrywende woorde.
Beskryf opeenvolgende gebeure met behulp van verbindingswoorde.
Bespreking van versamelname.
Voltooi sinne deur versamelname in te vul.

## 63 Hoe die sebra sy strepe gekry het 132
Definieer 'n fiktiewe storie.
Vertel 'n fiktiewe storie.
Gesels oor 'n boekomslag en identifiseer die kunstenaar en ander inligting. Voorspel wat in die storie gaan gebeur.
Lees 'n storie.
Beantwoord spesifieke vrae oor die storie.
Identifiseer die verskille tussen 'n ware verhaal en 'n mite.
Verbind sinne met behulp van voegwoorde.

## 64 Maak eie mite op 134
Identifiseer die betekenis van vergelykings en metafore.
Skryf 'n sin met gebruik van 'n vergelyking.
Verander sinne van die enkelvoud na die meervoud.
Skryf 'n mite.

# 49 Pret met ritme

**Ons praat**

Het jy al ooit in die moeilikheid beland omdat jy 'n bal geskop het en iets gebreek het?

Vertel jou groep wat gebeur het. Is 'n Ferrari 'n duur motor? Waarom dink jy so? Ken jy iemand wat 'n deftige motor het? Vertel jou maat daarvan.

**Ons lees**

Lees hierdie gedigte.

'n Meisie wat woon in die Kaap,
Praat elke nag glo in haar slaap.
Haar taal is gemieks:
Dis Spaans, Frans en Grieks
En soms blêr sy net soos 'n skaap.

(Philip de Vos)



Daar was 'n man met 'n Ferrari
Wat gejaag het deur die Kalahari
Hy wou boeke koop
En hy wou nie loop
Want hy was haastig op pad na Sarie.

(Y. Ganie, verwerk)

Hierdie soort gedig word 'n limeriek genoem.

**Eienskappe van 'n limeriek:**
- rym: a a b b a
- bestaan uit 5 reëls
- is humoristies



Daar was 'n ou man van Kameroen
Wat gedroom het hy eet sy skoen.
Hy skrik die nag wakker,
Van al sy kerjakker,
En sien dat hy dit toe tog doen.

(Anoniem, verwerk)

**Ons skryf**

Watter gedig dink jy is die snaaksste? Waarom sê jy so?

______________________________


______________________________

______________________________

Kyk mooi na die limerieke en sê dan of die volgende waar of onwaar is.

Merk W vir "waar" en O vir "onwaar".

| | | |
|---|---|---|
| Limerieke het altyd vyf reëls. | W | O |
| Limerieke is ernstige gedigte. | W | O |
| Daar is n vaste rympatroon: a a b b a | W | O |



Datum: ______________




Dink jy dat daar regtig 'n meisie in die Kaap is wat snags in tale praat? Waarom sê jy so?

_______________________________________________

_______________________________________________

Waarheen was die man in die Ferrari op pad?

_______________________________________________

_______________________________________________

Wat het met die ou man van Kameroen gebeur?

_______________________________________________

_______________________________________________

Dink jy die limerieke is snaaks? Waarom dink jy so?

_______________________________________________

_______________________________________________




Een van die dinge wat ons doen wanneer ons 'n gedig ontleed, is om die ritme van die gedig te bepaal. Dit is heel maklik. Lees die gedig hardop voor, en luister na die lettergrepe wat jy beklemtoon. Sommige lettergrepe word beklemtoon en ander nie. Hier is 'n voorbeeld, waarin ons die lettergrepe wat beklemtoon word, met 'n ✓ gemerk het, en die lettergrepe wat nie beklemtoon word nie, met 'n ✗.

Voorbeeld: ✗ ✓ ✗ ✗ ✗ ✗ ✓
O koud is die windjie en skraal.

Probeer om hierdie gedig se ritme te bepaal. Werk saam met 'n maat.
Klap die woorde se lettergrepe en merk dan die lettergrepe wat beklemtoon word en dié wat nie beklemtoon word nie.

**So teemrig sit hy op sy takkie**
**Die muggies met sy tong te vang.**
**En met sy ronde oë**
**maak hy die spinnekoppe algar bang.**

**(C. Louis Leipoldt, "Die Verkleurmannetjie")**



# Meer oor rym





Ons skryf


Skryf woorde neer wat met hierdie woorde rym:

| slang | gaan | reën | sien | geur |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |



Ons skryf

Gebruik nou twee van die woorde om sinne te skryf wat met mekaar rym.



Byvoorbeeld:

Kyk na die slang, Hy gaan sy kronkelende gang.



Ons skryf

Kyk weer na die limeriek oor die meisie in die Kaap.
Die digter sê sy blêr soos 'n skaap.

Die digter gebruik dus 'n vergelyking.
Wat dink jy bedoel die digter daarmee?

**Vergelyking**
'n Vergelyking gebruik die woord "soos" om een voorwerp of idee met 'n ander te vergelyk.
Voorbeeld: Sy sit so stil soos 'n muis.

Maak drie van jou eie vergelykings op en sê wat hulle beteken. Gebruik hierdie pare woorde in jou vergelykings.

trots en pou

dikvellig en renoster

oud en berge

Datum: ____________________



Ons skryf

Sommige gedigte rym en ander rym nie. Gedigte wat rym, het rympatrone. Daar is 'n spesiale manier waarop ons kan wys watter reëls in 'n gedig met mekaar rym.

Plaas 'n **A** ná die eerste reël. Indien die woord aan die einde van die volgende reël met die woord aan die einde van die eerste reël rym, skryf weer 'n **A**. Wanneer jy kom by 'n woord wat nie daarmee rym nie, skryf 'n **B**. Lees hierdie limeriek en beantwoord dan die vrae:

| | |
|---|---|
| Daar was eens 'n meisie van Transvaal. | (**A**) |
| Sy't haar kos rondgegooi elke maal. | |
| Met maniere so swak, | |
| Bly daar niks in haar bak, | |
| En haar pa wil haar nou laat betaal. | |

Hoeveel reëls het hierdie limeriek?

____________________

Watter woorde rym met mekaar?
Wys vir mekaar die rympatroon.
Ons het die patroon vir jou begin.



Ons skryf

Skryf nou jou eie limeriek. Begin so:

*Daar was eens 'n seun wat kon sing*

____________________

____________________

____________________

____________________

____________________



Vir die pret

Klap jou hande om die lettergrepe in hierdie woorde te beklemtoon. Onthou, een klap vir elke lettergreep. Breek die woorde dan in hul lettergrepe op.

Voorbeeld: konsert — kon / sert

vlugbalspelers



Willie Wonka en die Sjokoladefabriek

# 51 Nog digkuns



Ons praat

Werk in jou groep.

- Van watter seisoen hou jy die meeste? Sê waarom.
- Van watter seisoen hou jy die minste? Gee jou redes.



Ons lees

### 'n Gediggie oor die somer

Die somer is 'n fraai seisoen –
soveel te speel, soveel te doen,
dis warm, snoesig, heerlik!
Ek kan my so daarin verbly;
ek kan my op die groen gras vly;
die winterkoue is verby
– die wêreld so begeerlik!

Die lente is nie alles blom
en herfs nie alles goud nie,
want koue dae kan dan ook kom
– en ek hou niks van koud nie!

Maar somer bring net soele weer
en alles wat ek kan begeer –
so rustig, so vry, so heerlik!
Ek kan my so daarin verbly;
ek kan my op die groen gras vly;
die winterkoue is verby
– die wêreld so begeerlik!

(Kieliemielie, verwerk)







Ons skryf

Bespreek hierdie vrae met jou maat en skryf die antwoorde dan neer.
Oor watter seisoen van die jaar handel die gedig? Merk die korrekte antwoord.

| | |
|---|---|
| Lente | |
| Somer | |
| Herfs | |
| Winter | |



Datum: ____________



Waarom hou die digter van die somer?

Waarom hou die digter nie van die winter nie?

Hoe lyk die wêreld in die somer vir die digter?

Verduidelik die betekenis van hierdie frases:

Ek kan my so daarin verbly

Die lente is nie alles blom




Kies die sinonieme regs wat pas by die woorde links.
Skryf die vetgedrukte woorde in jou persoonlike woordeboek.

| | |
|---|---|
| **fraai** | lekker |
| **heerlik** | gewensd |
| **vly** | mooi |
| **begeerlik** | warm |
| **soele** | uitstrek |
| **rustig** | kalm |

**Metafoor**: 'n Metafoor teken 'n woordprentjie deur twee dinge met mekaar te vergelyk.
Waar 'n **vergelyking** sê dat een ding **soos** 'n ander is (bv. Haar hart is soos 'n klip), sê 'n **metafoor** dat een ding iets anders **is** (bv. Haar hart is 'n klip).
**Personifikasie** is 'n soort metafoor waarin **menslike eienskappe** gegee word aan iets wat nie menslik is nie.
*Voorbeeld: Die see het woedend gebrul.*




Kyk of jy personifikasie wat algemeen gebruik word, in die gedig kan opspoor.




Lees nou hierdie kinderrympie.

Kan jy sien dat die koei, die hond en die skottel almal menslike eienskappe gegee word?

Maak jou eie gedig op waarin jy personifikasie gebruik.

Karalie Karool, die kat speel viool.
Die koei spring dwarsoor die maa
Die hondjie lag lekker uit sy maag
En die skottel en die lepel dans saa
Karalie Karool, die kat speel viool.



ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Werk met woorde






- Lees die gedig "'n Gediggie oor die somer" op bl. 108 hardop saam met jou maat deur.
- Het jy opgelet dat party van die woorde met mekaar rym?
- In watter reëls kom die rymwoorde voor?
- Word dieselfde rympatroon in al drie die verse gebruik?




Jy gaan nou jou eie gedig met rymwoorde skryf.
Lees die reëls hieronder. Dit is die eerste paar reëls van 'n gedig oor die winter. Die woorde aan die einde van elke paar reëls rym met mekaar.



Maandag was dit ysig koud
En boonop was my klasmaats stout.

Dinsdag het die ryp wit gelê
En almal wou graag warm sop hê.



Skryf nou 'n soortgelyke gedig oor 'n week in die somer.
Skryf eers al die woorde neer waaraan jy kan dink wat die somer en somersweer beskryf.
Kyk of enige van hulle met mekaar rym.
Skryf nou nog woorde neer wat jy moontlik kan gebruik, wat rym met die woorde wat jy reeds het.
Gebruik hierdie woorde om jou te help om 'n gedig te skryf.

Onthou dat die laaste woorde van elke paar reëls met mekaar moet rym.
En begin elke tweede reël met die naam van 'n dag van die week.
Voorbeeld: Maandag het die son helder geskyn.

Skryf jou eie gedig met rymwoorde hier neer.

'n Vers of strofe is 'n groep reëls van 'n gedig. Sommige gedigte het net een vers, ander het 'n hele aantal verse. Die gedig "'n Gediggie oor die Somer" het drie verse.

Datum:

Ons skryf

Vertel jou groeplede wat die kinders in hierdie prent doen. Gebruik die teenwoordige tyd. Skryf nou 5 sinne oor die prent in die teenwoordige tyd neer. Onderstreep in elke sin die **werkwoord**.

Die teenwoordige tyd is dinge wat nou gebeur.
Voorbeeld: *Die dogters speel sokker.*
Die verlede tyd is dinge wat reeds gebeur het. Onthou: "**het**" kom na die onderwerp, en **ge** + werkwoord kom aan die einde van die sin.



*Voorbeeld: Die dogters speel sokker.*

Die toekomende tyd is dinge wat nog moet gebeur. Onthou: "**sal**" of "**moet**" kom na die onderwerp, en die werkwoord kom aan die einde van die sin. Voorbeeld: Môre **sal** die dogters sokker **speel**. Herskryf jou 5 teenwoordigetyd-sinne eers in die **verlede tyd** en dan in die **toekomende tyd** in jou klaswerkboek oor.

Ons skryf

Kyk weer na die gedig "'n Gediggie oor die somer" op bl. 108. Die digter gebruik beskrywende **byvoeglike naamwoorde** om die somer te beskryf. In plaas daarvan om net van "'n seisoen" te praat, beskryf die digter die seisoen as "fraai". Dan word die somer beskryf as "warm, snoesig, heerlik".

Skryf 'n paragraaf van vier reëls oor een van die seisoene van die jaar. Gebruik beskrywende **byvoeglike naamwoorde** om jou skryfstuk te laat lewe. Omkring die **selfstandige naamwoorde** in jou sinne met rooi en onderstreep die **byvoeglike naamwoorde** met blou.

# 53 Wat 'n snaakse gedig!



Ons praat

Lees hierdie gedig en voer dit in groepsverband op.



In die donker katestorium
Speg ou professor Astorium.
Ons benoem hom sommer Prof As.
Hy dra altyd 'n kapokkerwit jas.

Hy gooi grillerige groen katoeters in buise
En laat geloop vet witmuise.
Alles bewe, skud en dril
En laat die meisies skril en tril.

Hy doen historiose eksperimente -
Dit alles net vir 'n rape paar sente.
Hy ondersoek eienkarige goed onder mikroskope.
En los ons met die blapse en vuil hope.

(Anoniem, verwerk deur Chantelle Loubser)

Gee die gedig 'n titel. ______________________________



Ons skryf

Die digter het baie opgemaakte woorde gebruik. Waarom dink jy het hy of sy dit gedoen? Merk die korrekte antwoord.

| | |
|---|---|
| | Hy wou hê die gedig moes geheimsinnig klink. |
| | Hy wou hê lesers moes hul verbeelding gebruik wanneer hulle die gedig lees. |
| | Hy was te lui om regte woorde te gebruik. |
| | Hy wou nie hê sy lesers moes die gedig verstaan nie. |

______________________________

Julle het die gedig opgevoer. Waaroor dink jy handel die gedig?

_______________________________________________

Lees vers 2, reël 2 aan jou maat voor. Waarom dink jy het die witmuise geloop?

_______________________________________________

Skryf een ding neer wat prof As doen.

_______________________________________________

Skryf wat jy dink hierdie woorde beteken.

katestorium _______________________________________________

speg _______________________________________________

katoeters _______________________________________________

tril _______________________________________________

historiose _______________________________________________

eienkarige _______________________________________________

Het jy van die gedig gehou? Sê waarom. ______________________________

_______________________________________________



## Ons skryf

Slaan katestorium en katoeters in jou woordeboek na.

Het jy dit gekry? Nee! Want dit bestaan nie. Dit is opgemaakte woorde.

Hier is 'n paar idiome oor diere.
Verbind die idioom met sy betekenis.

Idiome is spreekwoorde, gesegdes en spreuke wat eie is aan die Afrikaanse taal.

| **Idioom** | **Betekenis** |
|---|---|
| Moenie slapende honde wakker maak nie. | Jy kan mense nie dwing om iets te doen wat hulle nie wil doen nie. |
| Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou. | Mense wat baie lawaai maak is dikwels onskadelik. |
| Blaffende honde byt nie. | Moenie moeilikheid soek as daar vrede is nie. |
| Jy kan 'n perd tot by die water bring, maar jy kan hom nie dwing om te drink nie. | Hulle baklei die hele tyd. |
| Hulle lewe soos kat en hond. | As jy met slegte mense meng, moet jy verwag om in die moeilikheid te kom. |

# 54 Kom ons wees skeppend

Kan jy nog onthou wat 'n **dialoog** is? Dis 'n gesprek tussen verskillende rolspelers (persone, diere, ens.).



Ons skryf

**Onthou:**
- Rolspelers se name verskyn aan die linkerkant met 'n dubbelpunt na die naam.
- **Rolspelers** se woorde verskyn aan die regterkant.
- Sinne word in die teenwoordige tyd geskryf.

Lees die onderstaande dialoog saam met 'n maat. Een van julle is die professor en die ander een die kind. Gesels oor wat julle dink die professor en die kind verder vir mekaar sê en voltooi die dialoog skriftelik. Lees mekaar se dialoë en korrigeer spelling en punktuasie.



Prof As: Ek is so opgewonde!
Kind: Waaroor is u opgewonde?
Prof As: My nuwe uitvindsel.
Kind: Watter uitvindsel?
Prof As: Sjuut! Kyk, eers gooi ek die grillerige groen katoeters in die buis.
Kind: ______
Prof As: ______
Kind: ______
Prof As: ______
Kind: ______
Prof As: ______
Kind: ______



Ons skryf

Voltooi die tabel.

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| jas | | |
| buis | | |
| eksperiment | | |
| hoop | | |

Datum: ______________

Alliterasie is die herhaling van opeenvolgende woorde wat dieselfde beginletters het.

Onthou ons bedoel nie noodwendig dieselfde letter nie, maar dieselfde klank.

Bv. Die karretjie **kl**im **kl**etterend die bult uit.



Ons skryf

Wanneer ons gedigte skryf, gebruik ons verskillende stylfigure .

Een van die stylfigure  word **alliterasie** genoem. Lees hierdie gedig en omkring al die voorbeelde van alliterasie.

### Die Sokkerwedstryd

Blits en blokkeer, stamp en draf,
Voos en valskop, die ander span is kaf.
Eindsone, eindfluitjie, eb en vloed,
Sak, saam, skrabbel, hulle speel so goed!
Voetbal is pret en praal daarby.
Kom ons gaan kyk, net ek en jy.





Ons skryf

Gee party diere name deur alliterasie te gebruik.

Byvoorbeeld: Kallie Kameelperd, Pietie Padda, Leon Leeu.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | kat | | hond |
| | vis | | tier |



Ons skryf

Brei hierdie reël tot 'n storiegedig uit. Geniet dit!

Hoepelhasie, 'n hele hoop pret (A)

______________________________ (B)

______________________________ (A)

______________________________ (B)



# 55 Wie is ek?



**Ons praat** Bespreek hierdie vrae met jou maat.

- Is jy tevrede met wie jy is, of sou jy graag iemand anders wil wees? Sê waarom jy so dink.
- Vertel vir jou maat van iemand wat jou regtig verstaan.
- Beskryf jouself aan jou maat. Jy kan praat oor hoe jy lyk, of oor die soort mens wat jy is.
- Beskryf nou jou heel beste maat. Dink jy hy of sy sou met jou beskrywing saamstem?
- Verbeel jou jy kan iemand anders wees. Wie sou jy graag wil wees? Sê waarom.



**Ons lees** Lees hierdie gedig.

Party mense dink hulle ken my
Party dink hulle herken my
beter as ander
Maar hulle is almal verkeerd.
Soms is ek lank
Soms is ek kort
Soms is ek vet
Soms is ek maer.
Hulle sê nog steeds dat hulle my ken
Maar hulle ken my nie
Want ek beskryf nie vir my nie
Maar net my skaduwee.

(Joe Mhlontlo, verwerk)





**Ons skryf** Gee die gedig 'n titel.

Wie praat in die gedig?

Mense skryf gewoonlik 'n gedig wanneer iets hulle inspireer of hulle oor iets laat nadink. Wat dink jy het hierdie digter geïnspireer om hierdie gedig te skryf?

Datum:

Verduidelik hoe iemand se skaduwee vet, maer, lank en kort kan wees.

Die gedig het nie rymwoorde nie. Lees 'n weergawe van die gedig hieronder wat wel rym.

Dink jy dat die gedig dan beter werk? Verduidelik waarom.

Party mense dink hulle ken my
Party dink ek is taamlik vet
Maar wanneer jy my skadu sien
Is ek maer en soms geset.





Ons skryf

Omkring die **abstrakte selfstandige naamwoorde** in die sinne hieronder.

My maat het my gevra om oor die belangrikheid van vriendskap na te dink.

Die moeder se liefde vir haar kind was duidelik.

Die kind het met gretige oë na die hoop lekkers gekyk.

Haar oë was vol verlange toe sy na die hondjies gekyk het.

Sy het haar hande van blydskap geklap toe die skool die sokkerwedstryd gewen het.

**Abstrakte selfstandige naamwoorde** is idees, gevoelens of begrippe soos liefde, vrees, woede, moed, vreugde, skoonheid en verveling.
Hulle kan nie gesien of aangeraak word nie.



Ons skryf

Dink aan drie abstrakte selfstandige naamwoorde van jou eie. Skryf hulle hieronder neer.

Skryf 'n sin waarin jy een van jou abstrakte selfstandige naamwoorde gebruik.

ONDERWYSER: Teken Datum

# 56 Hoe abstrak kan ek wees?



Ons skryf

Skryf 'n paragraaf van vyf reëls waarin jy jouself beskryf. Probeer om minstens twee abstrakte selfstandige naamwoorde in jou beskrywing te gebruik.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________



Ons skryf

Skryf 'n gedig oor jouself.
Gebruik hierdie raamwerk.

Reël 1: ______________________________ (jou naam)

Reël 2: __________, __________, __________
(persoonlikheids- of fisiese kenmerke)

Reël 3: Broer/suster van __________ of seun/dogter van __________ .

Reël 4: Wat lief is vir __________, __________, en __________ (3 mense, dinge of idees)

Reël 5: Wat __________ voel oor __________ (1 emosie oor 1 ding)

Reël 6: Wat __________, __________, en __________ nodig het (3 dinge)

Reël 7: Wat __________, __________, en __________gee (3 voorwerpe wat jy deel)

Reël 8: Wat vir __________, __________, en __________bang is (3 dinge)

Reël 9: Wat graag __________________ sou wil sien (1 plek of 1 persoon)

Reël 10: Wat droom van ______________________ (1 ding of idee)

Reël 11: 'n Leerder van __________________ (jou onderwyser of skool se naam)

Reël 12: __________________ (jou noemnaam of skryf weer jou voornaam)

Datum: ____________________




Ons praat

Lees hierdie gedig, waarin die woord "geluk" as 'n abstrakte selfstandige naamwoord gebruik word. Maak dan jou eie gedig met 'n abstrakte selfstandige naamwoord op.






GELUK
Geluk is 'n lemoen
Dit ruik soos 'n veld vol blomme
Dit smaak soos sjokoladeroomys
Dit klink soos die skoolklok aan die einde van die dag
Dit voel soos my kat se pels
Dit woon die meeste van die tyd by my huis



las voor.



nou hierdie gedig.

Die son is 'n oranje bootjie
Wat seil oor 'n kalm see
Dit is 'n geel strandbal
Wat in die somerlug ingeskop word

Skryf een van die verse oor, en verander die metafoor in 'n vergelyking.

'n Metafoor vergelyk twee dinge deur te sê dat die een ding 'n ander ding is.



Ons skryf

Verdeel hierdie woorde in lettergrepe.

Trek 'n strepie na elke lettergreep, bv. aan-be-ve-ling; ver-koops-man; klok-kie.

Nommer die woorde in alfabetiese volgorde van 1-5.

beskrywend

partykeer

verkeerdelik

omdat

skaduwee

# 57 Die skeppingsmite van die San

- Elke groep het sy eie gunstelingstories wat mense oor en oor vertel.
- Hierdie stories word volksverhale genoem.
- Hierdie storie is 'n volksverhaal van die Sanmense oor hoe die wêreld geskep is.



**Ons praat**

- Wat dink jy beteken die woord "skepping"?
- Het jy al ooit iets geskep?
- Wie dink jy het die wêreld geskep?
- Wie dink jy het jou geskep?



**Ons lees**

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

## Skeppingsmite van die San



Die Sanmense glo dat Hottentotsgot teenwoordig was toe die wêreld begin het. 'n By het hom gedra oor die donker, stormagtige waters wat die nuwe aarde bedek het. Die by het koud en moeg gevoel. Hy het begin soek na 'n stukkie vaste grond waar hy sy las kon neersit. Hy het stadiger en stadiger gevlieg, al nader en nader aan die water. Uiteindelik het hy 'n groot, halfoop wit blom op die water sien dryf. Hy het Hottentotsgot in die hartjie van die blom neergesit en in hom die saad van die eerste mens geplant. Die saad is beskerm teen die wind en die water.



Kort daarna is die by dood. Hottentotsgot het die volgende oggend van die son wakker geword en die eerste Sanmens is gebore. Hottentotsgot is die San se god wat alles geskep en daaraan name gegee het. Hulle glo ook dat Hottentotsgot die reën stuur en sorg vir die jag. Hy beskerm mense teen siekte en gevaar. Die San aanbid egter nie die hottentotsgot nie.
Hulle bid tot die son, maan en sterre, maar nooit tot Hottentotsgot nie.





**Ons skryf**

Het jy al ooit 'n hottentotsgot gesien?

______________________________

Watter woorde sou jy gebruik om die hottentotsgot te beskryf?

______________________________

Watter goeie dinge glo die Sanmense doen die hottentotsgot vir hulle?

______________________________

______________________________

______________________________

Datum:

Is dit belangrik om goeie dinge vir ander mense en vir diere te doen?

'n Metafoor is beeldspraak wat een ding met 'n ander vergelyk deur te sê dat die een ding die ander ding is.

Praat oor twee goeie dinge wat jy gedoen het.

Wat is 'n ander naam vir die Sanmense? Kies een van hierdie name:

Boesmans | Xhosas | Zoeloes | Tsongas

Die by en die hottentotsgot het seker gemaak dat die eerste Sankind gebore word. Waarom dink jy is die by gekies? Kies die beste woord om hierdie sin te voltooi:

Die San het die by gekies omdat hy ander insekte wat hom probeer keer, kan ______________ .

skop | steek | byt | seermaak

Waarteen beskerm Hottentotsgot die San?

Tot wie bid die San?

Stel jou voor dat jy 'n hottentotsgot op 'n blaar sien. Wat sou jy doen? Sou jy anders optree indien jy kleiner was – sê nou maar dieselfde grootte as die insek? Sê waarom jy so dink.



## Ons skryf

Soek woorde in die teks wat hierdie betekenisse het, en skryf hulle in die korrekte raampies. Skryf die woorde in jou persoonlike woordeboek.

| | |
|---|---|
| | met harde reën en wind |
| | iets wat swaar is om te dra |
| | keer gevaar weg |
| | iets gemaak |
| | om op 'n plek aanwesig te wees |

ONDERWYSER: Teken Datum

# Ons dink na oor Hottentotsgot





Ons skryf

Plaas hierdie sinne in die regte volgorde om 'n paragraaf te maak. Moenie vergeet om jou sinne met 'n hoofletter te begin en met 'n punt af te sluit nie.

| |
|---|
| hottentotsgot het in die oggendson wakker geword en die eerste sanmens is gebore |
| toe is die by dood |
| uiteindelik het daar 'n groot, halfoop wit blom op die water gedryf |
| hy het hottentotsgot in die hart van die blom geplaas en die saad van die eerste mens in hom geplant |
| hottentotsgot was aan die begin van die wêreld teenwoordig |
| 'n by het hom oor die donker, stormagtige water wat die nuwe aarde bedek het, gedra |
| die hottentotsgot is die sangod wat alle dinge geskep en daaraan name gegee het |
| hottentotsgot stuur die reën en sorg vir die jag |



Ons skryf

Gebruik die onderstaande woorde om 'n beskrywende paragraaf oor die hottentotsgot te skryf. Maak seker dat jy enkelvoudige en saamgestelde sinne in die paragraaf gebruik. Onderstreep **selfstandige naamwoorde** met rooi en **byvoeglike naamwoorde** met blou in jou paragraaf. Omkring die **voegwoorde** met groen en die **voorsetsels** met pers.


**Enkelvoudige** sin - het net een werkwoord.
**Saamgestelde** sin – het meer as een hoofsin.

kop kan 180° draai; oë soek prooi in die omgewing; sit en wag vir prooi; bekruip sy prooi; maer, groen lyf; lang arms wat hy voor hom vou; rye skerp stekels op voorpote; slaan toe op sy prooi

Datum:




Voltooi die tabel deur **trappe van vergelyking** te gebruik.



| Voorbeeld: lank | langer | langste |
|---|---|---|
| veilig | | |
| wyd | | |
| donker | | |
| lig | | |
| ver | | |




Verander hierdie sinne in vrae.
Begin elke vraag met die woord tussen hakies. Moenie die vraagteken vergeet nie.



Voorbeeld

**Die San** glo dat Hottentotsgot hulle beskerm.
(Wie) Wie glo dat Hottentotsgot hulle beskerm?

Hottentotsgot was aan die begin van **die wêreld** teenwoordig. (Wanneer)

_______________________________________________

**'n By** het hom oor die see gedra. (Wie)

_______________________________________________

Die by het **koud en moeg** gevoel. (Hoe)

_______________________________________________

Hy het **vaste grond** begin soek. (Wat)

_______________________________________________

Die by is dood **nadat hy 'n veilige plek vir Hottentotsgot gekry het**. (Wanneer)

_______________________________________________

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Die pou verdien 'n beloning






Ons praat

- Kyk na die prent van die pou.
  Gesels oor sy vere, sy stert, sy pote en die manier waarop hy staan.
- Dink jy dis 'n mooi voël?
- Wat is mooi omtrent die pou?

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.



Ons lees



Lank, lank gelede was die pou 'n doodgewone voël. Sy vere en stert was bruin en vuil, en hy het snaakse, geplooide pote gehad.

Eendag is Pou besig om kos van die grond af op te pik toe Indra, die god van die lug, haastig daar verbyvlieg. "Waarheen is u so haastig op pad?" vra Pou. "Die bose koning Ravana probeer my vang. En hoewel ek 'n god is en mense met my weerlig kan seermaak, kan niks Ravana keer nie.

Die enigste ding wat ek kan doen om myself te red, is om weg te kruip. Maar ek sien nêrens 'n wegkruipplek nie."

"Kom gou, ek sal my stert oplig, dan kan u daaragter wegkruip."

Ravana sien toe glad nie vir Indra raak nie, en gaan by hom verby in die woud in.

"Baie, baie dankie," sê Indra. "Jy is so lelik maar so dapper.

Om jou vir jou dapperheid te beloon, gaan ek jou die mooiste voël in die wêreld maak."

Terwyl hy praat, verander die pou. Sy vere word helderblou en sy stert word 'n pragtige groen waaier met goue oë daarop. Pou kyk na homself in die water en sien hoe pragtig hy is.

Hy word toe baie ydel, en stap stadig oral rond met sy kop in die lug.

Elke keer as hy 'n wyfiepou sien wie se vere nog steeds bruin is, waaier hy sy stert oop om haar te wys hoe mooi hy is.

Maar wat het nie verander nie? Sy pote! Elke keer as Pou na sy pote kyk en sien hoe lelik hulle is, laat hy sy stert sak en krys: "Help!"

In Indië het die mense vroeër geglo dat as Pou skree, daar donderweer, blitse en reën gaan wees.

Indra, die god van donder en weerlig, het Pou sy boodskapper gemaak.

Datum:




Hoe het die pou gelyk voordat hy verander is?



Hoe het hy gelyk nadat hy verander is?

Hoe het hy hom gedra nadat hy baie mooier geword het?

Ken jy enigiemand wat dink dat hy of sy baie aantreklik is?

Hoe tree hy of sy op?

Kies die beste opskrif vir die storie:

| | |
|---|---|
| | Indra vlug vir 'n sterk god |
| | Hoe die pou sy vere gekry het |
| | Die pou en die wyfiepou |

Dink jy die storie van die pou is 'n fabel? Waarom dink jy so?

'n Fabel is 'n storie wat gewoonlik dierekarakters het, en wat handel oor gebeure wat nie regtig gebeur het nie. Dit leer ons 'n les.

Waarom het Indra die pou se vere en stert verander?

Dink jy die pou was gawer voordat hy mooi geword het of nadat hy mooi geword het? Gee redes vir jou antwoord.




Jy het nou die storie van die lelike pou wat mooi geword het, gelees. Wat dink jy beteken "so trots soos 'n pou"?

Gesels nou oor wat jy dink hierdie gesegdes beteken, en skryf die betekenisse neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| So lastig soos 'n vlieg | | So honger soos 'n wolf | |
| So dapper soos 'n leeu | | So trots soos 'n pou | |

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______


# 60 Meer oor die pou




Kyk na die opskrif en die eerste sin van die gedig hieronder. Dit sê vir jou waaroor die gedig handel. Die ander sinne is bysinne. Hulle vertel jou meer omtrent die hoofsin. Sommige van die sinne pas egter nie by hierdie gedig in nie. Hierdie sinne vertel nie vir jou meer omtrent die hoofgedagte nie. Skryf die gedig oor, maar laat die sinne wat nie van toepassing is nie uit.

Die pou

Poumannetjie wat spoggerig waaierstert loop,
Vrolike klein mossie
Jy is so mooi, ek wil jou net koop.
Jou kleur weerkaats die son soos 'n reënboog,
In elke groen veer blink 'n blitsende tieroog.
Jy wip hiernatoe, en dan weer daarnatoe
Jou bewegings is pragtig, trots en elegant,
Jy skree die hele werf aan die brand.
Jou prag en praal is glo jou beloning,
Tjiep! Tjiep! roep jy na jou maatjies
Van al die voëls bly jy nog die koning.






Lees weer die fabel "Die pou verdien 'n beloning", en voltooi dan hierdie tabel.

| | |
|---|---|
| Karakters en agtergrond | |
| Gebeure wat konflik laat ontstaan het | |
| Die konflik of probleem | |
| Gebeure as gevolg van die konflik | |
| Die morele les | |

Datum:




Lees die **definisie** en vul die beste **woord** in die raampies in die oop spasie in. Gee ook 'n **antoniem** ('n woord met die teenoorgestelde betekenis).

ydel | dapper | krys | lelik

| Definisie | Woord | Antoniem |
|---|---|---|
| 'n hoë, skril geroep | | |
| glad nie mooi nie | | |
| baie trots op die voorkoms | | |
| gewillig om gevaar te trotseer | | |




Gebruik woorde in die raampies om te beskryf hoe die pou gelyk het voordat hy mooi geword het en nadat hy mooi geword het.

snaaks | beplooi

lelik | mooi | helderblou | groen | bruin | vuil | goue oë

| Voor | Ná |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |




Verander hierdie sinne van die direkte rede na die indirekte rede.

**Vereistes vir die indirekte rede:**
1. Aanhalingstekens val weg.
2. Die gebruik van hoofletters verander.
3. Voornaamwoorde verander.
4. 'n Vraagsin in die direkte rede vra nie meer 'n vraag in die indirekte rede nie – die vraag word 'n stelsin. Die vraagteken val ook weg.

Bv.: Direkte rede: Hy vra: "Kan ek jou help?"
Indirekte rede: Hy vra of hy haar kan help.

"Waarheen is u so haastig op pad?" vra Pou.

Pou vra vir Indra ____________________

"Die bose koning Ravana wil my vang."

Indra sê dat ____________________

"Omdat jy so dapper is, sal ek jou die mooiste voël in die wêreld maak."

Indra sê dat ____________________

ONDERWYSER: Teken ________ Datum ________

# 61 Anansi die gulsige spinnekop en die skilpad




Werk in groepsverband.

- Kyk na die titel van die fabel en na die prente, en sê vir jou groep waaroor jy dink die storie sal handel.
- Hoe dink jy sal die storie eindig?



Een aand sit Anansi die spinnekop aan om ’n heerlike maal te geniet. Net toe hy op die punt staan om die eerste happie in sy mond te sit, klop daar iemand aan die deur. Anansi maak die deur oop. Daar staan die waterskilpad, en hy lyk baie moeg. “Asseblief, Anansi, kan ek inkom?” vra die skilpad. “Ek het vandag so ver geloop, ek is moeg en honger.” Maar Anansi is te selfsugtig om sy aandete met iemand anders te deel. Daarom beraam hy ’n gemene plan. Net toe Skilpad aansit en wil begin eet, gil Anansi vir hom: “Skilpad, jou hande is vuil! Jy kan nie met sulke vuil hande eet nie! Jy sal eers jou hande moet gaan was.” Skilpad se hande is vuil omdat hy heeldag op hulle geloop het. Skilpad kruip toe stadig rivier toe om sy hande te was, en kruip toe stadig terug na Anansi se tafel toe.



Ondertussen begin Anansi die kos opeet. Teen die tyd dat Skilpad weer by die tafel aankom, is byna al die kos opgeëet. Net toe Skilpad gaan sit, skree Anansi weer vir hom: “Skilpad, jou hande is nog steeds vuil! Jy sal hulle weer moet gaan was!” En hulle is vuil, omdat Skilpad hulle gebruik het om van die rivier af terug te kruip. Hartseer kom Skilpad weer orent om sy hande nog ’n keer te gaan was.



Teen die tyd dat Skilpad die hele ent teruggekruip het, is al die kos op. Skilpad kyk na Anansi en sê: “Dankie dat jy my vir ete genooi het. As jy ooit in my omgewing is, kan jy gerus by my kom eet.”
Met verloop van tyd begin Anansi die spinnekop al meer aan Skilpad se uitnodiging dink. Daarom stap hy toe eendag teen middagete na Skilpad se huis toe, toe die son al soos ’n rooi bal oor die rivier hang. Skilpad lê op ’n rots in die son om homself te verwarm, soos skilpaaie maak. Toe Skilpad vir Anansi sien, roep hy: “Hallo, Anansi! Het jy by my kom eet?” “Ja, dit sal baie lekker wees, dankie,” antwoord Anansi. Die gedagte aan ’n lekker maaltyd laat behoorlik sy mond water. Skilpad duik in die water in terwyl Anansi op die oewer vir hom wag.



Kort voor lank swem Skilpad weer boontoe en roep: “Reg so, Anansi, jy kan maar kom. Die ete is gereed.” Skilpad duik weer af en begin die groen blare wat hy vir sy middagete gereed gemaak het, te eet. Anansi probeer na die bodem van die rivier duik, maar hy is ’n spinnekop, nie ’n skilpad nie, en hy kan nie so diep duik nie. Hy bly na die oppervlak toe terugkom. Hy probeer om in te spring, hy probeer om in te duik, maar niks help nie. Hy kan net nie by daardie smaaklike middagete uitkom nie. Uiteindelik kry Anansi ’n plan. Hy pak ’n klomp klippe in die sakke van sy jas, totdat hy swaar genoeg is om tot op die bodem van die rivier te sink.

Datum:



Hy sien Skilpad se tafel, vol sappige groen blare en baie ander heerlike kos. Maar net toe Anansi een van sy pote na die heerlike kos uitsteek, keer Skilpad hom. “Anansi,” sê Skilpad vir hom, “jy gaan tog seker nie jou middagete met jou jas aan eet nie? Dis nie hoe ons dinge in my huis doen nie.” Daarom trek Anansi sy jas uit. Maar sonder die klippe in sy sakke om hom onder te hou, dryf hy dadelik na die oppervlak van die rivier toe terug, en woeps! verskyn hy weer bo-op die water.



Soek 5 van elk van die volgende woorde in die leesstuk hierbo. Omkring 5 **afleidings** in blou en 5 **samestellings** in rooi. Onderstreep die **basisvorm** van die omkringde woorde in groen. Onderstreep alle **uitroepsinne/bevelsinne** met oranje en **vraagsinne** met pers.

Oor wie handel die storie? ______________________

Waar speel die storie hom af? ______________________

Waaroor handel die storie? ______________________

Wat is die moraal van die storie? Merk die beste een.

| | |
|---|---|
| | Einde goed, alles goed. |
| | Wanneer jy iemand probeer uitoorlê, kan jy dalk self aan die kortste end trek. |
| | Moenie stank vir dank gee nie. |

’n **Vergelyking** vergelyk een ding met ’n ander en gebruik die woord “soos”. Voorbeelde: Toe die son soos ’n rooi bal oor die rivier hang. ’n **Metafoor** vergelyk twee dinge met mekaar sonder om “soos” te gebruik. Voorbeeld: Die son is ’n rooi bal.



Ons skryf

Gebruik voorvoegsels om nuwe woorde te maak:

on- | ont- | wan- | mis-


handel | moontlik | gedrag | moedig

# Meer oor Anansi



Ons skryf

Skep 'n storiespinnekop. Vul die leë spasies op die spinnekop se pote in. Vul die hoofkarakter(s), die hoofgedagte, die agtergrond en die intrige in.




Ons skryf

Vul **byvoeglike naamwoorde** in wat Anansi se karakter beskryf.

Jy kan party van die woorde uit die raampies hieronder kies.



gulsig | haatlik | gemeen | slim | jonk | groot | mooi | klein | moeg

Skryf drie saamgestelde sinne waarin jy die woorde uit jou spinnekopweb gebruik.

Datum:



**Ons skryf** Dink nou aan iemand wat jy ken, en beskryf hom of haar. Gebruik woorde uit hierdie tabel.

Wat noem ons woorde met die teenoorgestelde betekenis?

| | | | |
|---|---|---|---|
| jonk of oud | sterk of swak | kort of lank | maer of mollig |
| slim of dom | sagmoedig of gemeen | stil of spraaksaam | goedhartig of selfsugtig |

**Versamelname** is die name van 'n groep mense, diere of dinge, byvoorbeeld "'n swerm bye".



**Ons skryf** Skryf die volgorde van die gebeure van die storie neer.

| |
|---|
| Eers het die spinnekop aangesit om 'n heerlike maaltyd te geniet. |
| Toe |
| Later |
| Uiteindelik |
| 'n Tyd daarna het Anansi die skilpad gaan besoek met die hoop om 'n lekker maal te geniet. |
| Toe |
| Later |
| Uiteindelik |



**Ons skryf** Voltooi die sinne deur versamelname in te vul.

| | | |
|---|---|---|
| nes | skool | bondel |
| boord | span | kolonie |

Daar loop 'n ______ miere oor die pad.

Ma gil, want daar is 'n ______ muise in die kelder.

Susan dra die ______ wasgoed na die wasmasjien toe.

Gedurende September was daar 'n ______ dolfyne in Hermanus.

Die plaaswerker jaag die ______ donkies aan na die weiveld toe.

Die boer werk in sy ______ vrugtebome.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

# 63 Hoe die sebra sy strepe gekry het



**Ons praat**

- Hierdie storie is fiktief. Wat dink jy is 'n fiktiewe storie?
- Ken jy enige fiktiewe stories? Dalk het jou ma of ouma jou sulke stories vertel? Indien jy een ken, vertel dit aan jou groep.
- Waarom dink jy word hierdie storie oorvertel?
- Wie is die kunstenaar?
- Voorspel wat jy dink in die storie gaan gebeur.

**Ons lees**

**Voordat jy lees**
- Kyk na die prente en opskrifte en probeer voorspel waaroor die teks sal handel.
- Vluglees die bladsy om 'n aanduiding van die inhoud te kry.

Lank, lank gelede het 'n groot, bose bobbejaan op die oewer van 'n rivier gaan woon. Die bobbejaan het baie moeilikheid veroorsaak vir die diere wat tevore rustig op die rivieroewer saamgewoon het.

Hy het beweer dat al die grond langs die rivier sy persoonlike eiendom is, en dat niemand anders die reg het om by die rivier water te drink nie.

Die ander diere het baie dors en baie kwaad geword, maar niemand was dapper of sterk genoeg om die bobbejaan uit te daag nie – behalwe die sebra.

Die sebra was toe nog spierwit en het net soos 'n wit perd gelyk. Die heldhaftige sebra het die bobbejaan gaan soek waar hy langs 'n vuur gesit en ontspan het, en hom tot 'n tweegeveg uitgedaag. Daar is ooreengekom dat die verloorder die rivieroewer sou moes verlaat.

Die twee diere het die hele middag en tot laat die aand toe baklei. Die sebra het begin moeg word, en skielik het die bobbejaan die sebra in die vuur ingestoot. En toe gebeur 'n vreemde ding. Die pyn van die brandende takke oor die sebra se rug het hom skielik nuwe krag gegee! Met 'n gerunnik van woede en pyn het die sebra die bobbejaan dwarsoor die rivier geskop! Die bobbejaan was weg.

Die sebra het egter ook nie ongeskonde daarvan afgekom nie. Tot vandag toe nog dra sy spierwit lyf die strepe van die brandende takke.

Dit herinner almal daaraan dat hy dapper genoeg was om die bobbejaan uit te daag!



Datum:




Verduidelik wat die bobbejaan gedoen het wat die diere op die rivieroewer omgekrap het.

Waarom het die sebra tydens die geveg nuwe krag gekry?

Hoe het die sebra sy strepe gekry?

Dink jy die sebra was dapper? Waarom dink jy so?

Is hierdie storie 'n mite of 'n ware verhaal? Sê waarom jy so dink.




Kies voegwoorde uit die raampies om die sinne hieronder te voltooi.

alhoewel | en | maar | of | dus | totdat | omdat | toe | tensy

1. Skool was anders ____________ ek vyf jaar oud was.
2. Ek doen my huiswerk ____________ ek my toets wil slaag.
3. Kom ons sit hier ____________ wag dat die reën moet ophou.
4. Ek het hom ' n uur ____________ twee gelede sien vertrek.
5. Hierdie boek was duur ____________ dit is baie nuttig.

ONDERWYSER: Teken ____________ Datum ____________

# Maak jou eie mite op





Ons skryf

Onderstreep die vergelykings en metafore in elke sin.

’n **Vergelyking** vergelyk een ding met ’n ander en gebruik die woord “soos”. Voorbeeld: Ina is so besig soos ’n by.
’n **Metafoor** vergelyk twee dinge sonder om “soos” te gebruik. Voorbeeld: Ina is ’n besige bytjie.

Kies die korrekte betekenis van elke vergelyking en metafoor uit die raampies. Vul die betekenisse dan op die lyntjies onder die sinne in.

ingewikkeld; moeilik om te hanteer

in onenigheid | baie sag | baie onnet | uitgeput

Die twee kinders lewe soos kat en hond.

______________________________

Die situasie was vir haar ’n regte tameletjie.

______________________________

Ek was baie moeg en my kussings was soos ’n wolk.

______________________________

My boetie se kamer is ’n rampgebied.

______________________________

Na die lang staptog oor die berg het ek soos ’n uitgewaste waslap gevoel.

______________________________

Skryf ’n sin waarin jy ’n vergelyking gebruik om een ding met ’n ander te vergelyk.

______________________________

______________________________



Datum: ______



**Ons skryf**

Herskryf die sinne en verander die vetgedrukte woorde van die enkelvoud na die meervoud toe.

Die **pou** loop trots op die grasperk op en af.

______________________________________________

Die pyn van die brandende takke oor die **sebra** se **rug** het **hom** meteens nuwe krag gegee!

______________________________________________

Daar het 'n groot **bobbejaan** op die **rivieroewer** kom woon.

______________________________________________

Die **pou** het na sy **spieëlbeeld** in die water gekyk en gesien hoe mooi **hy** is.

______________________________________________



**Ons skryf**

Jy gaan nou op die volgende bladsy jou eie mite skryf. Baie mites probeer verduidelik hoe iets in die wêreld gekom het.

Voorbeelde: *"Hoe die olifant sy slurp gekry het"* of *"Hoe die reënboog sy kleure gekry het"* of *"Waarom die maan saans opkom".*



Die karakters in die mite kan supermense wees (mense met spesiale magte soos Spiderman of Superman), of diere, of magiese karakters. Hierdie karakters het menslike gevoelens. (Hulle kan gelukkig, hartseer of kwaad voel.)

- Skryf drie paragrawe – 'n begin, 'n middel en 'n einde.
- Skryf 'n storie waarna mense graag sou wil luister.

- Gebruik 'n geheuekaart om jou te help om jou skryfstuk te beplan.
- Skryf dit eers op rofwerkpapier.
- Vra 'n maat om dit vir jou te korrigeer.
- Hersien jou teks en bring die nodige korreksies aan.
- Skryf dit dan netjies in jou boek oor.

ONDERWYSER: Teken ______ Datum ______

Skryf die titel van jou mite hier:

Eerste paragraaf:

Tweede paragraaf:

Derde paragraaf:



# My woordeboek



A a



B b



C c



D d

# My woordeboek



E e



F f



G g



H h

# My woordeboek



I i



J j



K k



L l

# My woordeboek

Mm

Nn

Oo

Pp

# My woordeboek












# My woordeboek



U u



V v




W w




X x


Y y


Z z













Cut out this bookmark and fill in the titles of the books you have read so far this year.





name:

book 1:

book 2:

book 3:

book 4:

book 5:

book 6:

book 7: